# DIE ANTICHRIS

## MET BESONDERE VERWYSING NA 2 THESS. 2:1-12

VERHANDELING VOORGELê TER GEDEELTELIKE NAKOMING VAN DIE

VEREISTES VIR DIE GRAAD

THEOLOGIAE MAGISTER

IN DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT VAN DIE

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

VIR

CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

D E U R

WILLEM JOHANNES MARITZ

Januarie 1976

# V O O R W O O R D

Namate die tye met steeds versnelde tempo voortspoed na die Wederkoms van Jesus Christus en die Voleinding van die eeue, sal die vraagstukke wat daarmee ten nouste saamhang, w.o. die verskyning van die Antichris en die groot afval van die eindtyd, ook steeds aktueler word. Die uitdaging aan die kerk om by die lig van God se Woord die toekoms in te kyk, die geeste te beproef, die antichristelike bedreiginge te identifiseer en gepaste leiding te gee, lê voor die hand. Die koninkrykstaak van die kerk staan immers in die skerpste kleure afgeteken teenoor die bouwerk aan die ryk van satan en die Antichris. Die belangstelling in die eskatologie of leer van die laaste dinge, het dan ook in die later tyd geweldig opgevlam. En tog, nieteenstaande ŉ dik stroom literatuur, is daar nog steeds soveel onopgeloste probleme rondom die figuur van die Antichris - raaisels wat gerangskik kan word onder die tergendste wat ons in die Skrif teëkom. Waar hierdie werkstuk geen aanspraak daarop maak dat iets nuuts gesê word nie, word die probleme opnuut onder oë geneem. Indien hierdie studiestuk kan prikkel tot verdere en diepere besinning, sal die moeite meer as beloon wees.

ŉ Woord van besondere waardering moet gerig word aan prof. dr. Tjaart van der Walt, my studieleier, vir waardevolle leiding, wenke, aansporing en geduld; aan die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Florida vir enkele maande langverlof waarin die studie afgerond kon word; aan dr. J.A. de Coning vir die taalkundige versorging en waardevolle wenke; aan onderskeie persone wat behulpsaam was met tikwerk, en in besonder mev. M. Venter wat die manuskrip in sy finale vorm getik het, en mnr. G. Nienaber wat dit afgerol het; aan my gesin, in besonder my eggenote, wat baie moes opoffer, en my met groot begrip en liefde bygestaan het; bo-al word diepe dankbaarheid betuig teenoor ons hemelse Vader vir ontelbare seëninge wat daagliks onverdiend ons deel word!

W.J. MARITZ

F L O R I D A
Januarie 1976

# DIE ANTICHRIS MET BESONDERE VERWYSING NA
# 2 THESSALONICENSE 2: 1-12

## INHOUDSOPGAWE

BLADSY

VOORWOORD

HOOFSTUK 1. PROBLEEMSTELLING EN STOFAANDUIDING

| | | |
|---|---|---|
| 1.1. | Inleiding | 1 |
| 1.2. | Enkele vrae | 4 |
| 1.3. | 2 Thess. 2:1-12 - Die Antichris hier aangedui? | 5 |
| 1.3.1. | Antichris-tradisie? | 6 |
| 1.3.2. | Die benaming "Antichris" | 11 |
| 1.4. | Die Antichris-gedagte in 2 Thess. 2:1-12: Historiese oorsig | 14 |
| 1.5. | Die agtergrond van 2 Thess. 2:1-12 | 23 |
| 1.6. | Temporisering as prinsipe in die eskatologie | 29 |

HOOFSTUK 2. OORSPRONG VAN DIE ANTICHRIS-KONSEP

| | | |
|---|---|---|
| 2.1. | Die Godsdienshistoriese Skool | 36 |
| 2.2. | Ander uitgangspunte | 43 |
| 2.3. | Kritiese opmerkings | 47 |
| 2.4. | Ou Testamentiese grondslae | 54 |
| 2.5. | Gevolgtrekkings | 63 |

HOOFSTUK 3. DIE WESE VAN DIE ANTICHRIS

| | | |
|---|---|---|
| 3.1. | Karakterisering volgens 2 Thess. 2 | 65 |
| 3.2. | Die Antichris: werklike persoon of personifiëring? | 77 |
| 3.3. | Gewone mens of bo-menslik en bo-natuurlik? | 87 |
| 3.4. | Die Antichris reeds geopenbaar? Die "voorlopers" | 90 |
| 3.5. | Die Antichris as korporatiewe persoonlikheid | 92 |
| 3.6. | Samevattend: Die persoon van die Antichris | 97 |

HOOFSTUK 4. DIE AFVAL

| | | |
|---|---|---|
| 4.1. | Antichris en Apostasia - Eskatologiese Begrippe | 100 |
| 4.2. | Karakterisering van die afval | 106 |
| 4.3. | Antichris en Apostasie. Die kousale verband | 109 |
| 4.4. | Die "Umwelt" van die Apostasie | 111 |
| 4.5. | Saamvattende gevolgtrekkings | 114 |

HOOFSTUK 5. DIE WEERHOUER BLADSY

5.1. Die beginsel van weerhouding 116
5.2. Identifisering van die weerhouer: verskillende hipoteses 121
5.2.1. Christus, sy gemeente, en die Heilige Gees as weerhouer 121
5.2.2. Die Romeinse Ryk as weerhouer 123
5.2.3. Die populêre mening: 'n Babiloniese Titane-mite 127
5.2.4. Cullmann se opvatting: Paulus se sendingprediking 128
5.2.5. Von Hofmann: Engele as die weerhouer 129
5.2.6. Ander beskouings 130
5.2.7. Eie beskouing 132

HOOFSTUK 6. ANTICHRIS - AFVAL - WEERHOUER. SAMEVATTING 140

SUMMARY 146

BIBLIOGRAFIE 147

# DIE ANTICHRIS MET BESONDERE VERWYSING

# NA 2 THESSALONICENSE 2:1-12

## HOOFSTUK 1

## PROBLEEMSTELLING EN STOFAANDUIDING

### 1.1. Inleiding

Dat die konsep "die koninkryk van God" die sentrale tema van die Godsopenbaring is, word vandag algemeen erken. Herman Ridderbos vat dit so saam: "Het centrale thema van Jezus' prediking.... bestaat in de komst van het koninkrijk Gods", en John Bright stel dit so: "...the concept of the Kingdom of God involves, in a real sense, the total message of the Bible. Not only does it loom large in the teachings of Jesus; it is to be found, in one form or another, through the length and breadth of the Bible....from Abraham, who set out to seek "the city..whose builder and maker is God" (Heb. 11:10; cf. Gen. 12:1 ff.) until the New Testament closes with "the holy city, new Jerusalem, coming down out of the heaven from God" (Rev. 21:2)[1].

Maar die koms van die koninkryk van God word nie voltooi sonder stryd nie; die Skrif getuig ôôk van geweldige magte, in dodelike stryd en vyandskap gewikkel tèèn die realisering van God se koninkryk. Tesame met die begrip "koninkryk van God" of "koninkryk van die hemele" (wat dieselfde beteken, cf. Ridderbos, Koninkrijk, p.29), en in direkte antitese daarvan, word hiermee ook die beeld opgeroep van 'n koninkryk wat nie "van God" of "van die hemele" is nie, maar juis die groot vyand daarvan is. Van Genesis tot Openbaring loop hierdie lyn van stryd deur - die lyn van dodelike vyandskap tussen twee koninkryke.

2/...

---

[1] Ridderbos, H. 1950. De Komst van het Koninkrijk, p.5.
Bright, John. 1953. The Kingdom of God, p.7.

"Over against the Kingdom of God stands the kingdom of Satan; and between the two kingdoms there is war....In the life of Jesus...the conflict between the Kingdom of God and the kingdom of Satan (is) brought to a decisive issue", is die woorde waarmee T.W. Manson hierdie stryd aandui.[2]

Dat Satan self staan aan die spits van ŉ koninkryk, ŉ ryk van die duisternis, en beklee is met groot mag, word terstond duidelik as ons dink aan uitsprake soos diè van 2 Kor. 4:4 waar Satan aangedui word as "die God van hierdie wêreld (wat) die sinne verblind het sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus.....op hulle nie sou skyn nie." In Joh. 12:31; 14:30 en 16:11 noem Jesus Satan "die owerste van hierdie wêreld;" in Matt. 12:26, 28 is sprake van die koninkryk van Satan, en word dit gekontrasteer met die koninkryk van God. In Luk. 4:5,6 gee die duiwel voor dat hy die eienaar en beskikker oor die koninkryke van die aarde is, en in Luk. 22:53 spreek Jesus van "die mag van die duisternis", terwyl Ef. 2:2 spreek van die owerste van die mag van die lug"[3].

"Satan is ŉ koning! En wel ŉ koning met ŉ daadwerklike, praktiese magsuitoefening van sy heerskappy!" volgens J.C. Coetzee[4]. En hierdie heerskappy van Satan, sy exousia (vgl Hand. 26:18, Kol. 1:13, Ef. 2:2) sy gesag of volmag, oefen hy uit deur middel van sy bose engele, sy demone, sy luitenante, "die owerhede ...magte...wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu... die bose geeste in die lug", Ef. 6:12.

3/...

---

[2] Manson, T.W. 1959. The teaching of Jesus. p.253, aangehaal deur Coetzee, J.C.: "Satan, die Sataniese magte en die sonde". (In: Die Koninkryk van God, Du Toit, S., en andere, Potchefstroom, 1969, p.76.)

[3] Vergelyk ook Hand. 26:18; Ef. 6:12; Kol. 1:13; 2:15, 1 Petr. 3:22, Openb. 13:2,4.

[4] Coetzee, J.C. a.art.p.77. Vgl. Oepke, A., p. 153: "Sachlich bringt die Antichrist-Erwartung zum Ausdruck, daz der geschichtliche Entwicklung des Reiches Gottes eine solche des Reiches der Finsternis parallel läuft..."

Maar die Skrif wys ook die ander groot instrument in die hand van Satan aan, die grimmige figuur wat in die eindtyd sal opstaan om die vyandskap teen God tot die finale hoogtepunt te voer: die Antichris. Sowel in die Ou- as in die Nuwe Testament word hierdie geheimsinnige figuur geteken as die groot teenstander van God en sy volk, as die groot lasteraar van die Naam van God en die vervolger van die gelowiges. Met hom word die ongeregtigheid en die opstand teen God, die groot rewolusie tot die klimaks gevoer, word die eindstryd beslis, en vind die groot, dramatiese ontknoping van die geskiedenis plaas as die voleinding van die eeue voltrek word. Veral in Openbaring word die Antichris geteken as die eindfiguur met wie die begin van die einde ingelui word.

Waar getrag word om die figuur van die Antichris enigsins in fokus te kry en nader te omlyn vanuit 2 Thessalonicense, daar word die ondersoek geplaas voor ingewikkelde probleme. Die geskiedenis van die ondersoek om vas te stel wie of wat die Antichris is of hoe dit sal wees by sy verskyning en die baie vrae rondom hierdie figuur, toon dit duidelik: vanaf Irenaeus, 'n leerling van Polycarpus van Smirna (wat 'n leerling van die apostel Johannes was), is daar intensief geworstel met die Antichrisproblematiek, deur die Middeleeue en Reformasie heen, tot vandag toe - en nog steeds is daar tergende vrae en probleme wat onopgelos is in verband met 2 Thessalonicense; vrae rondom die figuur van die Antichris[5]. En tog is dit vir die kerk van Christus van die allergrootste belang om steeds rusteloos die Skrifte te deursoek en die geeste te beproef en die toekoms in te speur by die lig van die Woord van God, wakker en wakende in die besef van die naderende einde.

4/...

---

[5] Die literatuur i.v.m. die Antichris is enorm. Vir die belangrikste werke wat gedurende hierdie eeu daaroor verskyn het, vgl. die literatuuropgawe by Frame, J.E. 1966. A critical and Exegetical Commentary on the Epistles of St. Paul to the Thessalonians, Edinburgh, T. & T. Clark, 326 p., p.276. Ook Bolkestein, M.H.1970. De Brieven aan de Tessalonicensen, Nijkerk, Callenbach N.V., 228p., pp. 190-208.

In hierdie "laaste dinge" wat die slotfinale van die huidige bedeling inlui, speel die openbaring van die Antichris ꞌn uiters belangrike rol. Sy koms sal die wederkoms van Christus voor afgaan, en vorm trouens ook die voorteken en noodsaaklike voorwaarde vir die wederkoms van Christus, soos weldra sal blyk uit die loop van die ondersoek.

1.2. Enkele vrae

In 2 Thessalonicense 2:1-12, die briewe van Johannes, Markus 13 par., Openbaring 13 en 17-19, asook in Daniël 7,8,11 en 12 word melding gemaak van ꞌn anti-goddelike of anti-Christelike persoon of mag wat op ꞌn sekere tyd in die loop van die geskiedenis sal verskyn. Waar dit egter gaan om die nadere presisering van hierdie figuur, word die eksegese voor komplekse probleme geplaas.

Vrae wat in hierdie verband na vore kom, sluit onder meer in:

- moet hierdie antichristelike figuur gesien word as mens, of as onpersoonlike mag;
- as tydsgees miskien; of as bonatuurlike wese?
- Sal hy (of dit) by sy verskyning geïdentifiseer kan word met ꞌn historiese persoon, verskynsel of gebeurtenis?
- Waar het hy (of dit), of waar sal hy vandaan kom? (Die vraag na sy oorsprong).
- Kom hy tevoorskyn uit die groot afval (wat daar volgens die Skrifgegewens in die laaste dae sal plaasvind), of veroorsaak hy die afval?
- Wie of wat is "die weerhouer" wat hom teëhou (2 Thessalonicense 2:6,7) tot op die tyd dat hy moet verskyn: ꞌn persoon, ꞌn mag, ꞌn politieke of godsdienstige, aardse of boaardse wese, of idee?

Waar die ondersoek toegespits word op 2 Thess. 2:1-12, met verwysing na ander Skrifgedeeltes waar nodig, moet in hierdie verband ook nog ander vrae (en wel in die eerste plek!) aan die orde kom, onder andere:

- Kan dit bewys word dat Paulus in hierdie gedeelte spreek van die Antichris, aangesien die naam "Antichris" nie hier

voorkom nie? Indien wel, waar moet die oorsprong van Paulus se Antichrisgedagte gesoek word?

- In watter verhouding staan Paulus se siening tot die res van die Skrifgegewens, en watter kenmerke het hierdie figuur by Paulus?
- Hoe sien Paulus in 2 Thess. 2:1-12 beide die afval en die weerhouding in verband met die figuur van die Antichris?

1.3. <u>2 Thess. 2:1-12 - die Antichris hier aangedui?</u>

Veral verse 3,4, 6-8 is hier van sentrale betekenis:

3. "Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van die sonde geopenbaar word, die seun van die verderf,
4. die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is...
6. En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word.
7. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak...."

In hierdie verband verklaar Hepp (1920, p. 48v.): "..wat hij (Paulus) daar schreef (2 Thess. 2:1-12) is diep in het bewustzijn van de kerk aller eeuwen gezonken. Het is de klassieke plaats voor de leer van den Antichrist geworden. Hy heeft de Christenheid den sleutel in handen gegeven om alles wat in den overige Schriften over den Antichrist wordt geboden te ontcijferen. In de andere bijbelboeken toch wordt over den Zondemensch bijna niet anders gesproken dan in de moeilijk over te zetten taal der symboliek. Paulus echter gebruikt de taal van den dag. Daarom werd zijn profetie het uitgangspunt van alle uitleggen, welke den Antichrist betreft."

Of hierdie uitspraak geregverdig kan word, of 2 Thess. 2 wel handel oor die Antichris en of dit as locus classicus en as sleutel vir die verstaan van hierdie figuur aangemerk moet word, is egter nie vanselfsprekend nie, veral in die lig van ŉ opmerking wat G.C. Berkouwer (1963, p.42) maak: "Meermalen benaderde men dan ook andere Schriftplaatsen vanuit 2 Thess. 2 en meende, dat vanuit de eenheid en harmonie der Schrift het pleit reeds was beslecht. Dat mag ons egter niet doen vergeten, dat daar waar de <u>naam</u> "de antichrist" uitdrukkelijk genoemd word - de brieven van Johannes - toch nog op een andere wijze over deze antichrist gesproken wordt en het goed is Johannes niet vanuit Paulus te lezen en te interpreteren."

Kan die naam "Antichris", wat net by Johannes voorkom (1 Joh. 2:18-22; 4:3; 2 Joh.:7) toegepas word op die figuur wat Paulus teken? Spreek Paulus en Johannes verskillend van dieselfde figuur of saak, of spreek hulle van verskillende figure, sake of verskynsels?

Om dit vas te stel moet gevra word of Paulus en Johannes op gemeenskaplike grond staan, of hulle uit dieselfde bron put vir hul skildering.

Ons sal dus moet teruggaan op die gegewens, die materiaal wat lê <u>agter</u> Johannes se Antichris-verwysings en Paulus se tekening van die mens-van-die-sonde, teëstander-van-God-figuur. Sou daar ŉ geykte tradisie aangewys kon word in verband met ŉ figuur of gebeurtenis waaruit sowel Paulus as Johannes geput het?

1.3.1. <u>ŉ Antichris-tradisie?</u>

Vergelyking tussen Matt. 24:15 (par. Mark. 13:14), Dan. 11:21, 22, 28, 31, 36; Dan. 12:11; Dan. 8:10, 11 en 2 Thess. 2:3,4 bring ŉ gemeenskaplike tema aan die lig: dié van "die gruwel van die verwoesting" wat voltrek word in die tempel van God, en wel deur ŉ teëstander wat hom stel in God se plek en hom as God laat aanbid. Dit vorm ook die basis van Openbaring 13 se dier uit die see wat die volk van God vervolg en God se Naam laster (vgl. verder Openb. 17-19.)

So vertoon ook die vierde dier van Daniël (7:7) en die dier uit die see van Openbaring (13:1 vv.) ŉ treffende ooreenkoms; trouens, die dier van Openb. 13 is ŉ samestelling van die diere van Daniël 7:1-7. Dat hier baie gemeenskaplike eskatologiese stof is (beide die profesieë van Daniël en Openbaringe handel oor die eindtyd, Dan. 12:9, 13, Openb. 1:1; 22:6), en dat hier ook onmiskenbare ooreenkoms is met die Profetiese Rede (bv. Mk. 13:7-10, 13-26 par.) is sonder meer duidelik.

Maar nou vertoon 2 Thess. 2:1-12 ook verdere ooreenkomste met die apokaliptiese stof van Daniël, Openbaringe en die Profetiese Rede van Jesus: vergelyk bv. 2 Thess. 2:3: "die mens van die wetteloosheid" of 2:8: "die wettelose", met Daniël 7:25: die goddelose maghebber wat "sal probeer om tye en wet te verander", en Matt. 24:12: die "wetteloosheid" (anomia) wat vermeerder word omdat die liefde sal verkoel.

"Die Seun van die mens" wat kom "met die wolke van die hemel" (Dan. 7:13, 14, Mark. 13:26 par. Matt. 25:31, Luk. 21:27) wat verwys na Christus in sy heerlikheid (Matt. 28:18, 1 Kor. 15:27; Ef. 1:10; 20-23; Filip. 2:9,10), en terminus technicus is vir sy wederkoms, waardeur sy teëstanders vernietig word (Dan. 7:13 vv., Openb. 1:13, 16, vgl. 19:15 vv.), neem ook ŉ prominente plek in met betrekking tot "die mens van die wetteloosheid" wat Paulus in 2 Thess. 2:1-12 skilder (vgl. vss. 1, 8).

Ander ooreenkomste in die stof tussen hierdie apokaliptiese gedeeltes van die Skrif is diè in verband met die inspirasie en toerusting van die teëstander-figuur deur Satan, en die gebruikmaking van "wonders en tekens van die leuen", 2 Thess. 2:9; Dan. 11:41; Mark. 13:6,21,22 par.; Openb. 13:2c,4,13,14.

Hieruit kan tot die slotsom geraak word dat daar ŉ bepaalde apokaliptiese tradisiebron bestaan het (die Daniëlprofesieë of ŉ ander gemeenskaplike bron) waaruit geput is in die onderskeie Skrifgedeeltes. Vos noem dit "a fixed fund of knowledge" (1972, p.95). Dat Paulus in 2 Thess. 2 uit hierdie bron put, staan bo twyfel vas. Dit is ook die oortuiging van Best (1972, p.289) in hierdie verband.) Maar wat nou van Johannes wat die term "Antichris" gebruik? Staan hy met die term

ἀντίχριστος op dieselfde gemeenskaplike bodem, die tradisie-bron van ʼn eindhistoriese teëstander-figuur wat in die laaste dae sal verskyn en hom stel in die plek van God, wat optree as vervolger van God se volk en lasteraar van God se Naam?

1 Joh. 2:18 lui: "Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste (ἀντίχριστοι πολλοί ), terwyl 1 Joh. 2:22 verklaar: "Dit is die ἀντίχριστος wat die Vader en die Seun loën", en 4:3: "...elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld". 2 Joh. :7 lui byna dieselfde: "Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: dié wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris". Is hier ook geput uit dieselfde "fixed fund of knowledge"?

As Johannes die skrywer is van 1 en 2 Joh., dan moes hy as dissipel van Jesus Christus bekend gewees het met Mark. 13 (in Mark. 13:3 word hy uitdruklik genoem as een van die wat by was toe Jesus die Profetiese Rede uitgespreek het). Volgens 1 Joh. 1:1, 3 en 4:14 blyk dit inderdaad dat die skrywer ʼn oog- en oorgetuie was wat Jesus gesien, gehoor en gevolg het. Die talle treffende taal en styolooreenkomste van 1 en 2 Joh. met die Evangelie van Johannes maak dit ook uiters waarskynlik dat Johannes wel die skrywer van die briewe is en dus bekend was met die profesieë van Daniël en Mark. 13 par. Greijdanus (1952, p.9) konkludeer: "In taal en stijl en Evangelievoorstelling is er tussen beide Bijbelboeken geen wezelijk onderscheid (nl. tussen 1 Joh. en die Evangelie van Johannes). Beide doen zich kennen als door denzelfden auteur geschreven, zoals de vroege overlewering ook zegt. En daardoor kunnen we ook uit het Evangelie naar Johannes den auteur kennen, en wel, als één der descipelen des Heeren, één der twaalfen, als Johannes, zoals de overlevering zegt." Donald Guthrie (1974, p. 876 - 81) en A.F.J. Klijn (1965, p. 182v.) is dieselfde mening toegedaan.

As hierdie konklusie korrek is, dan is die skrywer van die Johanneïse Briewe dieselfde as dié van Openbaring, naamlik Johannes (vgl. Openb. 1:1,4,9,; 2:2; 22:8), wat bekend was met die konsep van ŉ Gode-vyandige figuur of mag, soos dit voorkom by Daniël, Mark. 13 par., en 2 Thess. (vgl. Openb. 13 en 17-19).

Dat dit wel die geval is, lê opgesluit in die woorde van 1.Joh. 2:18: "soos julle gehoor het dat die Antichris kom...." Hy en sy lesers was dus bekend met ŉ tradisionele Antichris-konsep wat nie verdere verduideliking nodig het nie: die "fixed fund of knowledge", soos ook Paulus se lesers dit gehad het (2 Thess. 2:3 vv. ὁ ἄνθρωπος κτλ. waar ὁ die lidwoord van bepaaldheid is: die mens waar julle van weet). Wat Johannes nou egter nuut aan hulle wil sê, is dat daar "ook noual baie Antichriste bestaan", wat egter nie die konsep van die één, eskatologiese Antichris-figuur vervang, hy wat nog moet kom nie. Dat ons in Johannes se verwysing na "die Antichris" en in Paulus se verwysing na "die mens van die wetteloosheid" aan dieselfde persoon moet dink, word duidelik uit die groot ooreenkoms wat na vore tree. (Vergelyk hier Hendriksen: 1 & 11 Thessalonians, 1972, p.172).

1. Die "mens van die wetteloosheid" sal direk voor Christus se paroesie geopenbaar word (2 Thess. 2:8) - die Antichris, van wie Johannes se lesers gehoor het, kom in "die laaste uur" (1 Joh.2:18). Sowel Paulus as Johannes dink aan ŉ eindhistoriese persoon.

2. By Paulus is "die verborgenheid van die ongeregtigheid al aan die werk" (2 Thess. 2:7), terwyl by Johannes "die baie antichriste" reeds daar is (1 Joh. 2:18). Sowel Paulus as Johannes, en hulle lesers weet van ŉ teëstander van Christus wat in die laaste dae, voor die voleinding, sal verskyn in wie die sonde sy beliggaming en kulminasiepunt sal bereik, roep ook op en waarsku: die wetteloosheid is <u>reeds</u> in werking; daar is <u>reeds</u> antichriste bedrywig op die wêreldtoneel.

3. Paulus en Johannes wys op die rol van die sataniese, van die leuens, bedrog en verleiding in die antichristelike aksie-program: Die "wettelose" by Paulus (2 Thess. 2:9) se koms is "volgens die werking van die Satan met allerlei kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding" besig; so is ook diè van die Antichris by Johannes: hy is "die leuenaar" en "die verleier" (1 Joh. 2:22; 2 Joh. :7).

4. Sowel Paulus as Johannes ken iets van 'n antichristelike magsopenbaring in die hede; die aktualiteit van die Antichris in elke tyd; sy teenwoordigheid in die hede, waarop Berkouwer so sterk wys (1963, p.44 e.v.); Althaus roep dat as dit om die Antichris gaan, dan gaan dit om "gegenwärtige Kampfes-aktualiteit" (by Berkouwer, p.46). Hendriksen spreek van "the <u>line</u>-idea - antichrists in <u>every</u> age - against which the church must <u>ever</u> be on its guard" (1 & 11 Thess., p.172), hoewel die eind-historiese aspek (die Antichris as figuur van die laaste dae) nie aan 'n veraktualisering opgeoffer mag word nie.

Dat Paulus en Johannes dit het oor dieselfde figuur, is die konklusie waartoe verskeie outeurs kom[6)], en die gevolgtrek-

11/...

---

6) <u>Hendriksen</u> (1 & 11 Thess.; p.172): "Also, there is every reason to believe that the man of lawlessness described by Paul is the same person as the antichrist mentioned by John".

<u>Renè Pache</u> (1974,[8] p.132): "1 Joh. 4,3. Der Geist des Antichristen ist in Wirklichkeit der Geist der Verneinung, der Jesus Christus ablehnt..... Gewisz, dieser Geist ist jetzt schon in der Welt, aber das hindert nicht, dasz er eines Tages im "Menschen der Sünde" Person Wird".

<u>L.L. Morris</u> (1962,[2] p.40): "The concept (sc. Antichrist) is introduced in John as already well known.... Paul does not use the term 'antichrist' but the 'man of sin' of whom he writes in 2 Thess. ii 3ff. clearly refers to the same being".

<u>H. Hoekstra</u> (1902, p.176): "...de mensch der zonde, de zoon des verderfs". Niet satan wordt hiermee bedoeld; dit is duidelijk; maar een instrument van satan; elders in de Schrift genoemd de antichrist...hij zal de Vader en de Zoon loochenen. Hij zal zich tegen Christus stellen..."

<u>Auberlen en Riggenbach</u> (1868, p.127): "We can take ὁ ἀντικείμενος absolutely....he will be the antagonist, adversary, caricature of Christ; according to John's expression, the ἀντίχριστος (1 John ii.18) the Antichrist...."

<u>Bruce</u> (1954, p.1060): "That man of sin be revealed (3). 'The lawless one' (cf. verse 8), otherwise called Antichrist..."

king kan gemaak word dat Paulus en Johannes dieselfde teëstanderfiguur op die oog het wat aan albei en aan hul lesers bekend was uit 'n gevestigde apokaliptiese tradisiebron. Die benaming "Antichris" kan met goeie reg oorgebring word op "die mens van die wetteloosheid" van 2 Thess. 2:1-12.[7].

1.3.2. Die benaming "Antichris"

Dat die naam "Antichris" ontbreek in die res van die Skrif behalwe in die briewe van Johannes, is eienaardig: Die Antichris-figuur speel byvoorbeeld 'n uiters belangrike rol in Openbaring vgl. Openb. 13, 17-19, en daarby is die getuienis baie sterk dat Johannes die skrywer van Openbaring is: Openb. 1:1,9; 21:2;22:8 noem uitdruklik die naam van Johannes, terwyl die tradisie wat Johannes noem as skrywer van die drie Johanneïse briewe, op vaste grond staan. Verskeie geleerdes is ook van mening dat die ontstaanstyd van die briewe en die Evangelie en Openbaring in dieselfde periode gestel moet word: ongeveer 90-95 N.C.[8].

12/...

---

6) (vervolg) Hiebert (1971, p.309): "Clearly we have here (sc. 'man of sin') the prophetic individual elsewhere spoken of as "the Antichrist", a name that well sums up his character and career".

7) L.L. Morris (Id.,p.40): Waar hy anti wil verstaan as aanduiding van opposisie "rather than one who claims to be the Christ (in "antichristos"), vervolg hy: "If this is so, then we should include under the heading 'antichrist' such Old Testament passages as Dn. vii. 7f., 21f., and those in 2 Thess. ii and Revelation which deal with the strong opposition that the forces of evil are to offer Christ in the last days".

8) Die datering van die Johanneïse geskrifte lewer besonder moeilike probleme op; vergelyk die indringende analises en weergawe van verskeie teorieë i.v.m. die datering by Guthrie, Donald: New Testament Introduction[4], London, 1974, pp.883. 949, 961. Op goeie grond word die ontstaanstyd van Johannes se geskrifte gestel in ongeveer 90-95 n.C.

Waar die benaming "Antichris" in die briewe bevat is, sou ŉ mens verwag het dat dit ook in Openbaring bevat sou wees. Miskien is ŉ moontlike verklaring hiervoor dat, hoewel die <u>saak of persoon</u> vir die tradisie ŉ bekende begrip was, die <u>benaming</u> "Antichris" nog nie geyk of algemeen bekend was nie - wat ook ŉ verklaring sou bied waarom Paulus, wat ongetwyfeld baie goed bekend was met die Antichris-konsep, (en sy lesers in Thessalonicense ook-), tog nie die term gebruik nie. Dit bly egter slegs ŉ hipotese sonder bewyse. Wat verder ook opval, is die feit dat die benaming "Antichris" heeltemal ontbreek in die voor-Christelike apokriewe, pseudepigrafiese en Bybelse literatuur, en ook verbasend min voorkom by die oudste Christelike skrywers. Die enigste uit die oudste tyd is Polycarpus se brief aan die Fillippense 7:1, waar 1 Joh. 4:2 en 2 Joh. :7 aangehaal word[9]).

Die lidwoord by die benaming ἀντίχριστος en ἀντίχριστοι ontbreek in die oudste handskrifte van 1 Joh. 2:18, en daar staan eenvoudig net: "en soos julle gehoor het dat ἀντίχριστος kom, bestaan daar ook nou ἀντίχριστοι πολλοί. Hierin moet egter nie ŉ ander betekenis gesoek word nie, aangesien die lidwoord wel voorkom in die ander "antichris"-tekste van Johannes.

Etimologies kan ἀντίχριστος twee betekenisse hê: "teen Christus", en "in die plek van Christus". Die tweërlei betekenis van ἀντί blyk bv. uit Matt. 20:28 en 2 Thess. 2:4. In Matt. 20:28 sê Christus dat die Seun van die mens gekom het "om te dien, en sy lewe te gee as ŉ losprys ἀντὶ πολλῶν, vir baie," dit is in die plek van, ter wille van baie.

In 2 Thess. 2:4 word "die mens van die sonde" genoem ὁ ἀντικείμενος van ἀντι-κειμαι wat die passief is van ἀντιτίθημι "om teenoor (iets of iemand) geplaas te wees", dit wil sê teen te staan. Ἀντικείμενος is dus teëstander. In hierdie tweede betekenis van ἀντί staan ἀντικείμενος as teenstander van God, (2 Thess. 2:4) en ἀντίχριστος as teëstander van Christus dus baie na aan mekaar, en lê Paulus en Johannes se begrippe langs mekaar. Volgens dr. A.G. Honig (1938,p.827) is hierdie "teëstander"-betekenis van ἀντίχριστος primêr: "Hij beteeken volgens Cremer niet een, die in

13/...

9) <u>Grundman</u> 1972. Ἀντίχριστος (<u>In</u> Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament. Stuttgart, IX: 567.)

plaats van Christus optreedt, zich sijne waardigheid aanmatigt (dit ligt veel meer in den term ψευδόχριστος) maar het beduidt de vijandelijke tegenstelling, dien, die vol haat tegen Christus is".

Die tradisionele Antichris-konsep was aan Johannes se lesers bekend - hulle weet van die Antichris wat kom (1 Joh. 2:18) en daarom brei Johannes nie verder daarop uit nie. Hy sluit net daarby aan om aan hulle ŉ nuwe feit mee te deel, dat daar naamlik ook nou alreeds "baie antichriste" bestaan.

Vir Paulus se lesers was die konsep ook goed bekend. Hulle was trouens al vantevore deeglik ingelig oor hierdie figuur. In hierdie verband herinner hy hulle in 2 Thess. 2:5: "Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie?" Miskien lê hierin ŉ ligte verwyt opgesluit: ἔλεγον, imperfectum indikatief: Ek het dit by herhaling aan julle gesê - as julle dit meer ter harte geneem het, sou julle julle nie van stryk laat bring het deur verkeerde leringe nie. In elk geval is duidelik: hulle was goed ingelig oor die "mens van die sonde" - wat geopenbaar sal word.

Ander faktore wat in dieselfde rigting wys, is die lidwoord van bepaaldheid wat ons telkens teëkom in Paulus se skildering van die Antichris: die, ἡ ἀποστασία wat moet kom, die, ὁ ἄνθρωπος van die τῆς ἀνομίας wat geopenbaar moet word, hy wat die, ὁ υἱός van die, τῆς ἀπωλείας is, die ὁ ἀντικείμενος terwyl die weerhouer as ὁ κατέχων (vs.7) of τὸ κατέχον (vs.6) aangedui word. Die hele beskrywing laat geen twyfel nie: Paulus praat met sy lesers oor die aan hulle bekende begrippe, dit waaroor hy voorheen, toe hy nog by hulle was, baie met hulle gepraat het.

As in ag geneem word dat Paulus maar ŉ kort tydjie in Thessalonika vertoef het ("drie Sabbatte", Hand. 17:2), en haastig moes vertrek (Hand. 17:10), dan kan daaruit afgelei word dat die gedagte-kompleks rondom die figuur van die Antichris of "mens van die sonde" tot die basiese elemente van die Evangelieverkondiging behoort het. In verband met Johannes en Paulus se gebruik van die Antichris-gedagtekompleks, sê G. Vos (id.p.94v.) "John

certainly deals with it as something not then first made known to his readers, but avowedly familiar, and the same manner of introducing it is seen in Thessalonians..."

Samevattend sou ons uit die gebruik van die term "Antichris" by Johannes en die benaminge wat Paulus gebruik om die Antichris-figuur aan te dui, kan konkludeer dat baie van die gegewens wat vir ons onduidelik is en waarvan ons die betekenis net kan raai, vir die oorspronklike lesers geen probleme opgelewer het nie en daarom ook nie verdere verduideliking nodig gehad het nie.

1.4. Die Antichris-gedagte in 2 Thess. 2:1-12
Historiese oorsig

Ten einde beter perspektief te kry op die Antichris-gedagte in 2 Thess. 2:1-12, eers ŉ kort historiese opname: Hoe het Skrifverklaarders deur die loop van die eeue die Antichris in 2 Thessalonicense gesien en die vrae rondom hierdie figuur probeer beantwoord?[10)]

1.4.1. Die Kerkvaders

Hoe die kerkvaders die Antichris in 2 Thess. 2:1-12 beskou het, is vir ons dàárom van besondere belang omdat hulle histories soveel nader as ons aan die tyd van Christus se omwandeling en aan die apostoliese tydperk gestaan het. Die religieuse en politieke atmosfeer, die geestelike klimaat, die Umwelt van die Antichrisuitsprake van die Skrif, was aan hulle soveel beter bekend, en die naklanke van die mondelinge apostoliese prediking het feitlik nog in die lug getril. Van hulle sê Van der Westhuizen: (id.p.1,2) "De Kerkvaders hebben de verschillende

15/...

---

10) Vir ŉ kursoriese historiese oorsig van die verskillende verklarings wat deur die loop van die tyd tot aan die begin van die 20ste eeu voorgestaan is, vergelyk Van der Westhuizen, M.J.: De Antichrist in het Nieuwe Testament, Exegetiese Studie, Akademies Proefschrift, Amsterdam, 1916, p.1-47; Hepp, V.: De Antichrist, ²Kampen, 1920, p.56-81: Het getuigenis der historie aangaande den Antichrist; Auberlen, C.A. en Riggenbach, G.J.: The two epistles to the Thessalonians ⁵(Lange Kommentaar), Edinburgh S.j.p;133v.; ook: Price, W.K.1974. The Coming Antichrist, Chicago, Moody Press. p.18-43.

Schriftgedeelten, die op de Antichrist betrekking hebben, beschouwd als een profetie, die in hun tijd nog niet in vervulling getreden was. Op grond van de Schrift meenden zij te moeten uitzien naar de komst van een persoonlike Antichrist, die de inkarnatie van de zonde en de ongerechtigheid zijn zou, en wiens verschijning aan de einde van de wêreldgeschiedenis (gewoonlijk gedacht als na de val van het Romeinse rijk) zou plaats hebben.")

### 1.4.1.1. Irenaeus

Irenaeus, leerling van Policarpus wat Johannes self geken het, het die Antichris gesien as 'n bose, goddelose persoon, die "mens van die sonde" van wie Paulus spreek in 2 Thess. 2, van wie Daniël geprofeteer het (Dan. 7 en 8), van wie Christus gespreek het, en van wie Johannes in Openb. 13 getuig het as die dier uit die see.

Die Antichris sou voortkom uit die Joodse volk, en met name uit die stam van Dan (op grond van Jer. 8:16 en Openb. 7:5 v.) Nadat hy 3½ jaar geregeer het en in die tempel van Jerusalem gesit het en hom uitgegee het as God, sal Christus verskyn en die Antichris tot niet maak.[11)]

### 1.4.1.2. Origenes

Origenes het sy allegoriese metode van Skrifuitlegging ook op die Antichris-uitsprake toegepas, en die Antichris gesien as 'n persoonlike geestelike prinsipe: "Antichristus quod est falsum verbum".[12)] Elke valse woord, of verklaring wat hom voordoen as die waarheid, is vir Origenes die Antichris: "sive apud gentiles, sive apud barbaros, aliquo modo, Antichristus"[13)].

16/...

---

11) Irenaeus: Adv. haer.v,25,1-3; 28,2-29,2; 30,2, aangehaal deur Van der Westhuizen, a.w. pp.2,3. Vgl. Price, p.22.

12 en 13) Origenes: Series Comm. in Matt. 31,p.850, en 342, p.860 resp. aangehaal deur Van der Westhuizen, a.w.p.3.

Andersyds verwag Origenes die verskyning van 'n persoonlike Antichris, waar hy in verband met Matt. 24:25 opmerk dat die Antichris "die seun van die duiwel" is, of die "eniggeborene" van die duiwel wat hom teen God verhef (2 Thess. 2:4), en van wie Daniël ook geprofeteer het (Dan. 7:25, 8:23-25)[14]

1.4.1.3. Hippolytus

Hippolytus, 'n leerling van Irenaeus en self 'n groot geleerde, handel breedvoerig oor die Antichris in sy kommentaar op Daniël (wat die basis vorm van 2 Thess. 2): IV,5,17,21 en VI, en in die geskrif "De Antichristo". Daniël 7:7 waar die vierde dier beskryf word met die ystertande en die tien horings, pas Hippolytus toe op die Romeinse Ryk, terwyl die "klein horinkie met die mensoë en die mond wat groot dinge spreek" 'n heenverwysing na die Antichris is. Die Romeinse Ryk moet eers verbygaan voordat die Antichris kan verskyn. Volgens Hippolytus sal die Antichris 'n menslike persoon wees en gebore word uit die stam van Dan (vgl. Gen.49:17). Hy sal Jerusalem en die tempel herbou en hom daar as Christus laat aanbid, 2 Thess. 2:4.

1.4.1.4. Augustinus

Augustinus behandel die Antichris uitvoerig in verband met 2 Thess. 2:1-12,[15] en wys op die noodsaaklike voorwaarde dat die Antichris eers moet verskyn voordat die wederkoms van Christus sal plaasvind. Dit is egter 'n probleem wat betrekking het op "die tempel" waar die Antichris sal sit en hom as God sal laat aanbid.

'n Probleem wat Augustinus sien as onoplosbaar, is die vraag wat dit is wat die verskyning van die Antichris weerhou (vs.6).

Augustinus meld verder dat die sogenaamde Nero-hipotese in sy tyd onder sommiges in omloop was. Paulus se verwysing na "die verborgenheid van die ongeregtigheid wat al aan die werk is"

17/...

---

[14] Van der Westhuizen, p.4.

[15] Augustinus: De civitate Dei, lib. XX, c.19; vgl.XVIII, C.53,XX, C.12,13, en XXI, C.26.

(2 Thess. 2:7) is deur hierdie mense vertolk as 'n verwysing na Nero wie se dade gesien is as die van die Antichris. Augustinus se vermelding hiervan kom daarop neer dat, volgens sommige, Nero weer sou opstaan uit die dood en as die Antichris optree.

Volgens andere was hy nie dood nie, maar êrens verborge totdat hy geopenbaar en in sy heerskappy herstel sou word. Augustinus self verwerp egter hierdie hipotese.

'n Verklaring wat in Augustinus se tyd, volgens hom deur sommige gegee is van "die verborgenheid van die ongeregtigheid" (2 Thess. 2:7), is dat die geveinsde en slegte mense in die kerk hiermee aangedui word. Hulle wat die volk van die Antichris sal vorm. 1 Joh. 2:18,19 verwys na hierdie selfde "verborgenheid".

1.4.2. Die Middeleeue

Die stemming wat die Middeleeue oorheers vanaf Augustinus tot die volgende duisend jaar toe kan as 'n baie sterk Naherwartung van die Antichris, die paroesie van Christus en die voleinding beskryf word. Die rede vir hierdie "eskatologiese bewussyn" van die Christendom in die Middeleeue word gesien in die "natuurlike en sociale noden van allerlei aard-misoogsten, hongersnoden, buitengewone natuurverschijnselen, pest, onlusten, oorlogen" wat 'n "bange vreesachtigheid" in die hand gewerk en die fantasie opgesweep het. Daarby het die treurige kerklike toestande ook nog bygekom: Die magstrewe, korrupsie en verwêreldliking van die pousdom en die kerk - "Hebzucht, heerzucht, simonie...zedelike ontaarding...de euvelen van het pouselik schisma. ..'De kerk is krank in hoofd en leden' - dit was de staande uitroep; dit was de noodkreet van de stervende Middeleeuwen...."[16].

Die verskyning van die Antichris, die uitgieting van God se verdiende toorn, die wêreldgerig en wêreldeinde word spoedig

18/...

[16] Van der Westhuizen, a.w.p.10. Op p.9 word twee werke vermeld i.v.m. die Antichris, soos gesien gedurende die Middeleeue: Preuss: Vorstellungen vom Antichrist" en Wadstein: "Die Eschatologische Ideengruppe: Antichrist-Weltsabbat - Weltende und Weltgericht". Geen verdere besonderhede nie.

verwag: enersyds die genotsug en ydelheid en andersyds die bewussyn dat die einde daar is, en met "de angst van een stervende de laatste ogenblikken verwachte".[17)]

Dat die Antichris enige dag kon verskyn, is algemeen aanvaar en sommige mense het geglo dat hy reeds gebore was. Daar was hoofsaaklik twee beskouings van die Antichris in hierdie tyd:

1. 'n Kerklik-nasionale siening
2. 'n "Kirchengeschichtliche" siening

1.4.2.1. <u>Die Kerklik-nasionale siening</u>

Hierdie rigting is 'n voortsetting van die kerkvaders se beskouinge, en sluit hoofsaaklik aan by Paulus in 2 Thess. 2:3: Die Antichris is ὁ ἄνθρωπος τῆς ἁμαρτίας. Thomas Aquinas, Albertus Magnus en Bonaventura staan hierdie siening voor: Die Antichris sal as 'n Jood uit die stam dan Dan in Babilon gebore word, die tempel en Jerusalem herbou, en daar 3½ jaar as Christus regeer. Henog en Elia word gestuur om teen hom te preek, maar hy maak hulle dood en word dan self deur die aartsengel Migåel op die Olyfberg gedood.

Op hierdie fondament is mettertyd deur die Skolastiek verder voortgebou en het allerlei spekulasies bygekom, byvoorbeeld dat die Antichris se moeder 'n "mater fornicaria" sou wees, dat hyself sou grootword in Galilea en deur towenaars en hekse opgelei word. Ook sy wondere word vermeld[18)].

Die tyd van die Antichris se verskyning, soos dit in hierdie periode gesien is, is van besondere betekenis vir die begrip van die latere interpretasies van die Antichris-konsep. Die beskouing word naamlik gehuldig dat die Romeinse Ryk die weerhouer is, ὁ κατέχων, τὸ κατέχον, 2 Thess. 2:6,7) wat eers moet verdwyn voor die Antichris sou verskyn. Nå die verdwyning van die Romeinse Ryk is sy rol van weerhouer toe oorgedra op die Frankiese koningskap en later op die Duitse keiserskap.[19)]

19/...

---

17) A.w.p. 12. Ook Price, a.w.p. 31v.

18) Preuss, a.w.p.17 en Wadstein, a.w.p.130 word hier deur Van der Westhuizen (a.w.p.15) as bronne vermeld.

19) Wadstein, a.w.p.133, 134, by Van der Westhuizen, a.w.p.15.

In verband met die afval (ἡ ἀποστασία, 2 Thess. 2:3) wat die openbaring van die Antichris moet voorafgaan, is verskillende verklarings gegee: sommige het dit gesien as 'n opstand teen die Romeinse Ryk, andere as afval van die Roomse kerk of van die Christelike geloof.[20]

Die Antichris-idee het gedurende die Middeleeue so 'n belangrike plek ingeneem dat dit selfs in die beeldende kunste, in gedigte en in dramatiese opvoerings 'n wye weerklank gevind het. Van die 12de tot die 15de eeu ontstaan verskeie Antichris-dramas en word die Antichris self ten tonele gevoer, terwyl hy ook uitgebeeld word met tekeninge en skilderye (vgl. Preuss, a.w.p.28-41).

1.4.2.2. <u>Die "kirchengeschichtliche" siening</u>

Hierdie beskouing gaan hoofsaaklik uit van 1 en 2 Joh. se siening van "die Antichriste wat nou alreeds daar is" (1 Joh. 2:18).

Die naam "Antichris" word in hierdie tydperk van kerklike twiste en vyandskap dikwels verbind aan die naam van 'n historiese, kerklike figuur, meesal 'n pous. Die onchristelike lewe van sekere pouse gee die aanleiding daartoe. In die 6de eeu bestempel pous Gregorius 1 sy teenstander, die patriarg van Konstantinopel, as die Antichris - 'n benaming wat in die loop van die volgende eeue dikwels op die pousdom toegepas is. In die antipouslike stryd kom die term "Antichristus mysticus" na vore as aanduiding van die pous: hy word gesien as 'n voorloper in wie die <u>eintlike</u> Antichris reeds teenwoordig is, die "Antichristus personalis", of "proprius" of "ultimus".[21]

Die pous as "mistiese Antichris" word gesien as wegbereider vir die eskatologiese Antichris-figuur, en die anti-pouslike magte onder wie die keiserskap en die keiser-gesindes, word gesien as "die weerhouer" van 2 Thess. 2.

20/...

---

[20] Preuss, a.w.,p.24, by Van der Westhuizen, a.w.,p. 16.

[21] Preuss, a.w.,p.25, by Van der Westhuizen, a.w.,p. 19.

Die Waldense, Wiclif, Hus, en andere sien, op dieselfde wyse, die pousdom as die Antichris, terwyl die kluisenaar Telesphorus, (einde 14de eeu, en afkomstig uit die anti-keiserlike kringe), in sy "openbaringe" die Nero-sage opnuut aktueel maak deur ŉ herleefde Frederik 11 aan te wys as die eskatologiese Antichris wat onder die naam Frederik 111 sal verskyn[22].

In die Middeleeue is Mohammed ook soms met die Antichris geidentifiseer, veral in die Griekse kerk, waar die stryd teen Islam soveel hewiger was. Pous Innocentius 111 het Mohammed beskou as "seun van die verderf" en die getal van die dier uit Openb. 13:18, nl. 666 is op Islam toegepas. Dobschütz [23] wys daarop dat daar in hierdie tydvak ŉ Oosterse en ŉ Westerse Antichris-beskouing was. Melanchton, Bucer en andere maak ook hierdie onderskeiding.

1.4.3. <u>Die Reformasie</u>

Die Antichris-beskouinge in die tyd van die Reformasie is grotendeels ŉ voortsetting van die Middeleeuse "kirchengeschichtliche" opvatting. Luther, Calvijn, Knox, Gomarus en andere het die pousdom getoets aan die Woord van God en tot die konklusie gekom dat dit die Antichris is omdat dit aan homself en sy ordinansies meer gesag toeken as aan die Woord van God, en homself sodoende stel in die plek van God (2 Thess. 2:4[24]).

21/...

---

[22] Vergelyk Kampers: Kaiserprophetien u. Kaisersagen im Mittelalter (1895), p.124v., v.Bezald: Gesch. der deutschen Reformation (1899), p.145 en Preuss, a.w.,p. 80 - verwysing by Van der Westhuizen, a.w.,p. 23.

[23] Dobschütz: Die Thess.-Br., p.292, aangehaal deur Van der Westhuizen a.w.,p. 24.

[24] Bv. Calvyn (Commentarii, p.209): "...ut sedem abominationis in medio Dei templo erigat: quod videmus impletum in Papatu". Vgl. ook Price, p.33v.

Hierdie siening word ook weerspieël in die verskillende Reformatoriese belydenisskrifte soos die Lutherse Smalkaldiese artikels (1537), die Skotse konfessie (1581), die Ierse artikels (1615), die voorrede tot die Dortse Canones (1618-19) en die Westminster Confession (1647). Zanchius se Antichris-beskouing toon 'n afwyking van die kontemporêre Reformatoriese opvatting in die sin dat hy ook buite die pousdom Antichriste sien: "Apparet ...multos esse Antichristos qui non sunt in regno Papae"- "Zij, die buiten het rijk van de pous staan, moeten sich daarom niet vleien, alsof zij geen Antichristen zijn kunnen. Als voorbeelden van Antichristen noemt Zanchius: Arius, Nestorius, Eutyches en de Pelagianen. Immers, de Apostel Johannes heeft reeds in zijn tijd, toen er nog geen pousdom was, gezegd, dat er vele Antichristen zijn." (Van der Westhuizen, p.30.) Waar die ander Reformatore blykbaar hul uitgangspunt put uit 2 Thess, gaan Zanchius uit van 1 en 2 Johannes.

Van Roomse kant word die Antichris-konsep ook "kirchengeschichtlich" toegepas in hierdie tyd, en bestempel Hieronymus Emser op sy beurt Luther as die ware Antichris of minstens sy voorloper[25] terwyl Bellarminus[26] daarop wys dat die Antichris self nog nie daar is nie en eers aan die einde van die tyd sal verskyn, maar dat die ketters soos Luther, Calvyn en ander reformatore reeds die voorlopers (praecursores) van die Antichris is.

22/...

---

25) Enders: Luther und Emser, streitschriften, 1. p.132, by Van der Westhuizen, a.w.,p. 31. Ook Price, p.36. Die pousdom laat verder die teorie herleef dat die Antichris 'n Jood sal wees. Dit lei tot anti-Semitiese uitbarstings.

26) Bellarminus: Disputationes, lib.111, "de summo pontifice", p.846, aangehaal deur Van der Westhuizen, a.w.,p. 32.

## 1.4.4. Samevatting

Waar die gedagterigtings wat opgekom het in die na-Reformatoriese tyd verderaan betrek word by die ondersoek, vanweë die aktualiteit en invloed wat sommige daarvan vandag nog steeds uitoefen, word nou alleen 'n vlugtige en voorlopige opname gemaak van die historiese ontwikkelingsgang van die Antichris-konsep vanaf die oudste Christelike kerk tot en met die Reformasie. Die volgende kan dan gestel word:

1. Met die betrokke Skrifgegewens as basis en veral 2 Thess. 2:1-12 as uitgangspunt, het die na-apostoliese Christelike kerk die Antichris gerekonstrueer as 'n persoon, 'n menslike persoon, wat as Jood gebore sal word aan die einde van die tyd, en uit die stam van Dan; hy sal teen Christus, in die plek van Christus en as groot nabootser van Christus optree.
2. Die Romeinse Ryk, en veral dan verteenwoordig in sy persoonlike hoof, die keiser, is as die Antichris beskou. Keiser Nero is gesien as prototipe van die Antichris wat later sou verskyn. 'n Nero-redivivushipotese het begin posvat en was reeds aan Augustinus bekend in die 4de eeu n.C.
3. Die eskatologiese Antichris sou sy voorlopers hê wat sy koms vooraf gaan. Sommige van Augustinus se tydgenote het die Antichris gesien as die "hoof", die princeps, wat tot 'n eenheid verbind is met sy "liggaam", (sy voorlopers en aanhangers).
4. Die Romeinse Ryk is deur baie in die tyd van die kerkvaders as "weerhouer" gesien. Dié wat Nero gesien het as die Antichris wat sou terugkeer, het geglo dat die Romeinse Ryk hom verhinder om op die toneel te verskyn. Sodra die Romeinse Ryk egter verdwyn, sou Nero verskyn. Ná die verdwyning van die Romeinse Ryk, en veral gedurende die groot kerklike verval van die Middeleeue, is die rol van weerhouer oorgedra op die Frankiese Ryk en daarna op die Duitse Keiserskap.
5. Die verskyning van die Antichris is verwag as iets wat spoedig sou plaasvind. Veral in die Middeleeue was die "Naherwartung" baie sterk.
6. As gevolg van die kerklike verval en die wêreldse, soms goddelose optrede van sommige pouse, is die pousdom geassosieer met die Antichris - die pous is in reformatoriese kringe gesien as "Antichris mysticus": die Antichris het reeds in die

pous gewoon. Historiese persone word in hierdie tyd dan ook aangewys as Antichris. Van Roomse kant word die reformatoriese "ketters" weer bestempel as die Antichris, of die aan hom verbonde voorlopers.

7. Teen die tyd van die Reformasie het twee Antichris-lyne reeds inmekaar ingevloei en vermeng geraak: diè wat die Antichris sien as èèn, eskatologiese figuur wat eers in die eindtyd sal optree (met hoofsaaklik Paulus as uitgangspunt, 2 Thess. 2), en andersyds diè wat in die eerste instansie uitgaan van 1 en 2 Johannes wat die Antichris sien as mèèr persone, ŉ "collectivum" van historiese persone wat optree as valse profete, dwaalleraars en valse christusse (Matt. 24:23, 24). Die lyne van meer as een valse christus en diè van èèn Antichris het in mekaar oorgevloei.

## 1.5. Die agtergrond van 2 Thess. 2:1-12

Ten einde die Antichris-gedagte in 2 Thess. 2:1-12 in die regte perspektief te kan sien, moet ons dit teen die breëre agtergrond beskou van Paulus se twee briewe aan die Thessalonicense. Verder, waar dit hier gaan om profeties-eschatologiese stof, word ons gemaan tot die grootste versigtigheid, soos trouens by alle profesie waarvan die vervulling (of die finale vervulling dan) nog in die toekoms lê. Om 2 Thess. 2:1-12 te benader in die gees van "reportage eschatologie", asof ons hier ŉ duidelik verstaanbare verslag van die toekoms voor ons het, ŉ foto van die Antichris, sou fataal wees. Die stof sal dan ook benader moet word in die wete dat daar steeds onopgeloste vrae sal wees solank as die profesie nog nie in sy totaliteit vervul is nie. G. Vos wys daarop dat daar in hierdie verband baie dinge is "that of necessity remains highly problematical, and will only cease to be so in the same degree that the vision hastens to the end. 2 Thess. belongs to the many prophecies, whose best and final exegete will be the eschatological fulfilment"[27], terwyl Werner de Boor verklaar dat die uitlegging van 2 Thess. 2:1-12 "stellt vor ganz grosze Schwierigkeiten"[28]. Deur egter Skrif met Skrif te vergelyk, uitgaande van die gesonde beginsel van Sacra Scriptura sui ipsius interpres, kan tog ŉ beeld gevorm word van hierdie groot teëstander-figuur van Christus en sy kerk.

24/...

---

27) Vos, G., a.w., p.133.
28) De Boor, W., a.w., p.126.

1 en 2 Thessalonicense is geleentheidsgeskrifte (soos die meeste van Paulus se ander briewe), geskryf onder die dringendheid van die betrokke omstandighede van die gemeente. Ons vind dus nie ŉ gesistematiseerde dogmatiese uiteensetting van leerstukke nie, maar teregwysings, vermanings, bemoediging, voorligting. Verkeerde idees en begrippe word teengegaan en die suiwer weg aangewys. Die inhoud van Paulus se briewe word dus bepaal deur die nood van omstandighede.

Nou weet ons dat Paulus maar ŉ baie kort tydjie in Thessalonika was (Hand. 17:4 noem "drie Sabatte") waartydens die gemeente gestig is, voordat hy onder druk van die Jode, en met sy werk nog onvoltooi, die stad haastig moes verlaat. Later stuur hy Timotheüs terug om die gemeente te versterk (1 Thess. 3:1-3), en Timotheüs se rapport, wat stem tot dankbaarheid, wys terselfdertyd sekere leemtes uit in die gemeente se geloofsinhoud. Dit is nodig om "te voltooi wat aan julle geloof ontbreek", skryf Paulus aan hulle. (1 Thess. 3:10). Albei briewe moet dus gesien word as ŉ noodsaaklike <u>aanvulling</u> van Paulus se mondelinge prediking, van sy onderbroke en onvoltooide lering te Thessalonika. Terwyl Paulus in 1 Thess. telkens verwys na Jesus se paroesie (1:10; 2:19; 5:23), gaan hy bowendien nog breed daarop in in 1 Thess. 4:13-5:11: Wat die reeds ontslape gelowiges betref, hoef hulle geensins bekommerd te wees nie - die lewendes sal hulle geensins voor wees by Christus se wederkoms nie. Hulle sal hoegenaamd geen skade ly of agterstand hê nie; en wat die paroesie self betref, hoewel dit onverwags sal wees, soos ŉ dief in die nag (5:2), hoef die gelowiges geen vrees te hê nie: God het hulle nie tot toorn bestem nie, maar tot saligheid, en hulle sal saam met Christus lewe. (5:9.10)

Hoe duidelik Paulus egter ook al die hele saak van Christus se wederkoms gestel het as aanvulling tot sy mondelinge prediking, het dit tog nie die gewenste uitwerking op die gemeente gehad nie, en ŉ tweede brief moes aan hulle geskryf word. 2 Thessalonicense is dan ook skerper in sy vermanings rakende die gemeente se verkeerde paroesieverwagtings as wat 1 Thess. was. (vergelyk bv. 2 Thess. 3:11 met 1 Thess. 4:11, ook 2 Thess. 3:11-14, waar Paulus baie drasties optree teen die "onordelikes" en "bemoeisiekes" wat dit nie meer nodig vind om te

werk nie).

Hierdie onhoudbare posisie van die gemeente word die direkte aanleiding vir Paulus om 2 Thessalonicense te skryf. Nog nader en skerper gestel: Hulle verkeerde paroesieverwagting word die direkte oorsaak en aanleiding vir Paulus se skildering van die Antichrisfiguur in 2 Thess. 2:1-12: Voordat die wederkoms van Christus sal plaasvind, moet nog baie dinge gebeur, onder andere moet "die afval" kom, en "die mens van die sonde" geopenbaar word. Dit vorm selfs die voorwaarde vir die wederkoms van Christus: ἐὰν μὴ ἔλθῃ ἡ ἀποστασία ..."Indien die afval nie eers kom nie..."

Daar was egter ook 'n ander sterk aanleidende oorsaak vir Paulus om 2 Thess. te skryf en spesifiek te verwys na Jesus se paroesie en die verskyning van die Antichris as noodsaaklike onderdeel van die groot eskatologiese gebeure. Die probleme van die gemeente het sedert 1 Thess. nie verdwyn nie, maar verdiep. Nie alleen die wederkomsverwagtings nie, maar ook die lydensprobleem het verskerp: hoe moet die toenemende vervolging, verdrukking en smaad wat hulle steeds meer ondervind, gerym word met die verlossing, met die oorwinning van Christus se koninkryk, waarvan hulle deelgenote geword het (1 Thess. 2:4-12)? "De druk, waaronder zij leefde, is verzwaard, de spanning en het verlangen naar de heerlijkheid van het koninkrijk des Heren zijn toegenomen...Doel van 11 Thess. is, de gelovigen moed in te spreken onder den druk; zij kunnen er zeker van zijn, dat zij hun recht zullen zien aan het licht treden"...[29] Dit was daarom nodig dat Paulus hulle daarop sou wys dat die verdrukking die deel is van die gelowige op aarde; hulle moes besef "dat het lijden van verdrukking en moeite het lot, de bestemming is van allen, die het koninkrijk Gods verwachten"[30]. Vergelyk hier 1 Thess. 2:14,15; 3:3,4; 2 Thess. 1:4,5. Maar dit ook, tesame met die oproep tot lewensheiliging en stryd teen die sonde, moet gesien word onder die belofte van, en in die lig van Christus se wederkoms (1 Thess. 2:13; 5:23).

26/...

---

[29] Van Leeuwen, J.A.C. a.w.,p.84,85.

[30] Van Leeuwen, J.A.C. a.w.,p.84.

Christus se paroesie is die groot, alles-oorkoepelende eskatologiese gebeurtenis, die vuurtoring wat nou reeds lig werp op die stryd van die kerk en die gelowige op aarde. En juis daarom is dit vir Paulus so belangrik om alle misverstande oor hierdie groot toekomsgebeurtenis by sy lesers uit die weg te ruim.

Paulus het dan ook ŉ spesifieke doel voor oë om direk na die vermelding van die gelowiges se verdrukking, en in aansluiting daarby, die Antichris-onderwerp aan die orde te stel, en as't ware vas te knoop aan die gemeente se teenwoordige verdrukking. Vóór Christus se wederkoms sal die afval kom, en die "mens van die wetteloosheid" sal verskyn, die groot teëstander....Die gelowiges moet dus voorbereid wees daarop dat moeilike tye, swaar verdrukkinge, en groot wetteloosheid sal kom; ja, die ongeregtigheid is alreeds aan die werk! Die vervolging wat die Thessalonicense moet verduur, is dus nie abnormaal nie - dit sal nog erger word vorentoe onder die Antichris, maar dit moet hulle nie wanhopig of moedeloos of kleingelowig maak nie. Christus het steeds die hef in die hande en Hy sal hierdie "mens van die wetteloosheid" tot niet maak deur sy paroesie (2:8). En daarom kan hulle steeds goeie moed hê, ook temidde van verdrukkings, nou of in die toekoms. Met sy wederkoms sal Christus alle vyande en vervolgers van sy gemeente vernietig.

Paulus se behandeling van die Antichris-konsep moet dus gesien word teen die agtergrond van Christus se wederkoms waaroor daar misverstand bestaan het in die gemeente van Thessalonika, en dit blyk al direk uit sy inleiding tot die onderwerp: "Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van onse Here Jesus Christus, en ons vereniging met Hom, om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie...asof die dag van Christus al daar is, ὡς ὅτι ἐνέστηκεν ἡ ἡμέρα τοῦ κυρίου.

Oor die presiese betekenis van ἐνέστηκεν, die perf. van ἐνίσταμαι is daar veral twee menings[31)].

28/...

---

31) ἐνέστηκεν ἡ ἡμέρα: Leon Morris: The First and Second Epistle to the Thessalonians$^2$, Grand Rapids, 1964, p.216 sê i.v.m. ἐνέστηκεν : "The verb does not really mean "to be at hand", but rather to be present". It is sometimes contrasted with verbs expressing the future idea e.g., Rom. 8:38, 1 Kor. 3:22. Moreover, Paul could, and did, say that the Parousia was "at hand" (Phill.4:5)". Volgens hierdie interpretasie het die Thessalonicense verskrik geraak en hulle "verstand verloor", omdat hulle onder die indruk was dat die dag van die Here nie net voor die deur, op hande was nie, maar reeds gekom het, reeds daar was, die paroesie het dus al klaar plaasgevind! Morris beroep hom o.a. op Frame, J.E.: Commentary on 1 and 11 Thessalonians in: The International Critical Commentary, Edinburgh, 1912: ἐνέστηκεν means not 'is coming' (ἔρχεται, 1-5:2) not 'is at hand (ἤγγικεν Rom.13:12) not 'is near' ( ἐγγύς ἐστιν ), but 'has come', 'is on hand', 'is present'".

Ook Bicknell, E.J.: Commentary on 1 and 11 Thessalonians, in: The Westminster Commentaries, London, 1932, word aangehaal: "is now present" is "the only possible translation of the Greek". Dit is ook die mening van dr. J.A.C. van Leeuwen: Colossensen en Thessalonicensen$^2$ (Reeks Korte Verklaring), Kampen 1953.

Daarteenoor: "Warfield, by contrast, uses strong language to indicate his disagreement with such views. He holds that the verb signifies "is upon us" (The Expositor, 3rd Series, Vol. IV, p.37). Werner de Boor: Die Briefe an die Thessalonicher (reeks Wuppertaler Studienbibel) Wuppertal, 1973, p.128 se mening is ook dat met ἐνέστηκεν ἡ ἡμέρα nie bedoel kon wees dat die dag reeds aangebreek het nie, maar voor hande is, baie naby in die toekoms lê - "der Tag des Herrn ist da!" kann auch mitt "der Tag des Herrn steht unmittelbar bevor" wiedergegeben werden.
(Der Ausdruck bezeichnet "nich wirkliche Gegenwart, sondern die fast zur Gegewart gewordene Zukunft" - So v. Dobschütz in seinem Kommentar.) En dan verduidelik hy dit met die voorbeeld: "Auch am 23 Dezember kann schon einer zum andern sagen: 'Nun ist Weihnachten wieder da'!".

Bolkestein M.H.: De Brieven aan de Tessalonicensen, Nÿkerk, Callenbach N.V. 1970, 228p., p.191, e.a. meen dat daar ŉ gnostieke groep in die gemeente was met die slagspreuk: "die dag van die Here het al aangebreek", aangesien hulle geen heil meer in die toekoms verwag het nie, dit het reeds volledig aangebreek in die hede, en wel op ŉ geestelike wyse. Hierdie gnostiese spiritualiste het die onrus in die gemeente veroorsaak, en genoodsaak Paulus om 1 en 2 Thess. te skryf.

Watter van hierdie twee interpretasies ook-al aanvaar word, dat ἐνέστηκεν óf sou beteken: asof die dag van die Here "alreeds gekom het", "daar is", "teenwoordig is", en of die ander interpretasie aanvaar word, dat ἐνέστηκεν beteken dat die dag "baie naby is", "voorhande is", "op die punt om aan te breek", maak wesenlik nie verskil aan die betekenis van 2 Thess. 2:2 nie. Paulus se bedoeling is duidelik: hy waarsku die Thessalonicense om nie hulle gesonde verstand te verloor en "verskrik te word", of hulle op loop te laat jaag deur berigte ("deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees"[32]), asof die dag van Christus alreeds aangebreek het, of dat dit enige oomblik kan aanbreek nie. Paulus stel hul gerus en wil hulle verseker dat dit nie so is nie. Vóór die wederkoms moet nog soveel gebeur!

Die aanleiding en doel, die mikpunt en boodskap van 2 Thess. en in besonder 2 Thess. 2:1-12 rakende die Antichris, kort gesê, die skopus van 2 Thess. 2:1-12, kan so opgesom word:

29/...

---

32) Διὰ πνεύματος: ŉ profesie, of ander openbaring, toegeskryf aan die Heilige Gees, en wat deur die Thessalonicense op so ŉ wyse verstaan is, dat die gevolg was dat hulle hul gesonde oordeel, en kalmte verloor het.
Διὰ λόγου - dit kon ŉ preek, of onderrig of woorde van Paulus gewees het wat deur hulle verkeerd verstaan is, óf woorde van iemand anders wat die onrus gebring het. Δι' ἐπιστολῆς: deur ŉ brief "as deur ons" (geskryf). ŉ Brief wat beskou is as afkomstig van Paulus. Hier is verskeie moontlikhede:

1. ŉ Vervalste brief. Hierteen pleit egter: Paulus distansieer hom nie van die brief nie.
2. ŉ Verlore brief van Paulus waarin hy sê dat die dag van die Here inderdaad reeds gekom het.
3. 1 Thessalonicense. In 1 Thessalonicense 4 en 5 het Paulus gehandel oor die "dag van die Here", en in 5:4,5 die gelowiges genoem "kinders van die dag". Kan dit miskien aanleiding gewees het vir die misverstand om te dink dat "die dag" dan nou reeds daar is (Paroesie)? Dit is die waarskynlikste verklaring in verband met die brief wat "van ons afkomstig sou wees".

1. die bestryding van ontspoorde, oorspanne, gevaarlike en ontwrigtende Naherwartung wat die gemeente met ondergang bedreig het. Hulle mag nie hulle aardse roeping verwaarloos in afwagting van Christus se paroesie nie, wat nog lank kan duur, omdat daar nog so baie moet gebeur;
2. bemoediging van die gemeente temidde van die groeiende verdrukking wat as die deel van die ware gelowiges op aarde gesien moet word, en nie beskou moet word as oorwinning van die bose oor die koninkryk van Christus nie;
3. die goddeloosheid en vyandskap teen Christus en sy kinders sal nog groter word, en hulle moet dit te wagte wees. Die "verborgenheid van die ongeregtigheid", wat nou alreeds aan die werk is (2:7), en waaronder hulle nou alreeds moet ly, sal voren toe nog verder geopenbaar word;
4. geregtigheid sal tog geskied aan God se kinders, wat verlos en verheerlik sal word (1:5-12), terwyl "die mens van die wetteloosheid", saam met sy volgelinge wat deur hom verlei is, deur Christus se wederkoms vernietig sal word (2:8,10,12).

1.6. <u>Temporisering as prinsipe in die eskatologie</u>

In 1 Thess. 5:2 wys Paulus op die onmoontlikheid om die dag en uur van Christus se wederkoms te bereken: die dag van die Here kom ὡς κλέπτης ἐν νυκτὶ wat woordeliks ooreenkom met 2 Pet.3:10, en teruggaan op Jesus se woorde in Matt. 24:43, wat die basis vorm vir sy vermaning: "Daarom moet julle gereed wees, want die Seun van die mens kom op ŉ uur dat julle dit nie verwag nie". (Matt. 24:44). Omdat die dag onbekend en onverwags en onberekenbaar is, moet hulle juis gedurig gereed wees daarvoor (vers 42). Vgl. ook Matt. 24:36; Mark. 13:32; Luk. 12:39, 46.

Met Paulus se verwysing na die "tye en geleenthede" (1 Thess. 5:1 in verband met Christus se wederkoms) wat aan ons onbekend is, sluit hy verder ook aan by Hand. 1:7: Dit kom die dissipels nie toe om "die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie". Vergelyk ook Jes. 13:6-8 en Openb. 3:3 en 16:15.

Die onbekendheid en onberekenbaarheid, die verborgenheid ten opsigte van die tyd, is karakteristiek van die eskatologiese gedeeltes van die Skrif: die tyd is God se geheim, en juis dit moet ons tot voordurende waaksaamheid bring[33]. Waar dit nou in 2 Thess. 2:1-12 gaan om die groot eskatologiese gebeure van Christus se wederkoms en die verskyning van die Antichris, met die daaraan verbonde afval, die weerhouer, en so meer, wat die paroesie voorafgaan, het ons hier die tipiese eskatologiese karaktertrek: die tyds-faktor, die tydsprobleem, naamlik die onbekendheid van die tydstip waarop die vervulling intree, die Antichris sal verskyn en daarna die verskyning van Christus. Dit was juis die groot oorsaak van die verwarring in Thessalonika wat Paulus die brief laat skryf het: Hulle het geglo die dag van Christus is al daar - ŉ dwaling rondom die faktor van die tyd.

En tog speel die tyd ŉ groot en baie belangrike rol in die eskatologiese gebeure, soos blyk uit Jesus se apokaliptiese rede van Mark. 13 par. Die dissipels se vraag handel oor ŉ tydsaspek: "Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van U koms en van die voleinding van die wêreld? Matt. 24:3. En in Jesus se antwoord bevat byna elke vers ŉ aspek van die tyd, een of ander temporele aanduiding: ὅταν (Mark. 13:7a, Luk. 21:8) οὔπω τὸ τέλος (Mark. 13:7b, Luk. 21:9); πρῶτον (Mark. 13:10)ὅταν Mark. 13:11). "<u>Wanneer</u> julle die gruwel van die verwoesting.... sien staan", ὅταν δὲ Mark. 13:14) wat aan die basis van die Antichris-konsep lê, is ŉ suiwer temporele begrip. Die slotsom van T. v.d. Walt rakende Jesus se toekomsperspektief geld mutatis mutandis ook vir Paulus en die res van die Nuwe Testament waar dit om die verband van tyd en eskatologie gaan: Die tydsbegrip is <u>relasio-</u>



---

[33] Ridderbos: Paulus, p.569, meld in hierdie verband dat sowel in Joodse as latere christelike kringe allerlei toekomsvoorspellinge en tydsberekeninge gemaak is na aanleiding van die getalle in Daniël. Augustinus het reeds skerp daarteen gewaarsku omdat dit die gelowige se daaglikse gereedheid om voor Gods gerig te verskyn, aftakel. Die rabbyne het eweneens baie sterk daarteen opgetree en dit verdoem.

neel bepaald.[34] "Die verskillende tydsaanduidinge in die eskatologiese uitsprake is alles behalwe Westers. Veel sterker as by ons tree hierin na vore dat tyd ook relasioneel is.... nêrens 'n "absolute" nie. Van belang is nie in watter jaar of maand iets gebeur nie, maar wat daaraan voorafgaan, wat daarop volg, en wat kontemporêr daarmee plaasvind...[35].

Van uitsonderlike belang vir ons onderwerp is hierdie stellings oor die relasionele tydsbegrip wat kenmerkend is van die Nuwe Testamentiese eskatologie: hoewel die presiese tydstip van 'n eindgebeurtenis onbekend is, staan dit in 'n temporele verband met dit wat daaraan voorafgaan, daarop volg, of tegelykertyd gebeur. Temporeel sit die een gebeurtenis vas aan die ander. So vind ons dit in 2 Thess. 2:2,3: die Thessalonicense is op 'n dwaalspoor deur die paroesie as reeds daar te beskou - iets wat nog nie kon plaasvind nie, "want eers, πρῶτον, moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word...." Niks kan maar sommer op 'n willekeurige tyd plaasvind nie: "Zoals er in verband met Christus 'komst in het vlees van een volheid des tyds" gesproken kan worden, Gal. 4:4, vgl. Eph. 1:10, d.w.z. van een "te zijner tyd", 1 Tim. 2:6; Tit. 1:3; Rom. 5:6, vervuld worden van het goddelijk heilsplan, zo is er ook t.a.v. de paroesie des Heren niet alleen een bepaalde tijd, maar ook een orde van gebeurtenissen vasgesteld, die op een daarvoor bepaald tijdstip en aldus te hunner tijd, vgl. 2 Thess. 2:6, in vervulling moeten gaan".[36] Die orde van hierdie gebeurtenisse is soos dit vasgestel is in God se heilsraad, en 'n baie duidelike voorbeeld hiervan is diè van 2 Thess. 2:1-12: Die Paroesie kan nie plaasvind voordat sekere ander eskatologiese gebeurtenisse nie eers plaasgevind het nie.

32/...

---

[34] Van der Walt, Tjaart: Die Koninkryk van God - Naby! Eksegetiese verkennings van die toekomsperspektief van Jesus Christus volgens die getuienis van die Sinoptiese Evangelies (Diss.) Kampen, 1962, p.201.

[35] Van der Walt, Tjaart, a.w.,pp. 201, 202.

[36] Ridderbos, Herman: Paulus, p.568.

Dieselfde gedagte lê opgesluit in die καίρος- begrip: "die (regte) tydstip" (soos deur God in sy raad bepaal)[37] waarop iets moet gebeur (cf. 2 Thess. 2:6!), die punt op die reguit lyn van die tyd wat bestem is vir daardie spesifieke gebeurtenis.

Net so belangrik, en ook vas aan die καίρος -gedagte, èn die van die relasionele tydsbegrip, is die heilshistoriese "moet" (δεῖ) gedagte: Iets "moet" plaasvind, en wel binne ŉ sekere "programmatiese" orde. "Dit 'moeten' komt in het N.T. (spec. bij Lucas) zeer veelvuldig voor, vooreerst ter aanduiding van Gods wil in't algemeen, maar voorts in speciale zin van hetgeen geschieden moet ter vervulling van die goddelijke raad in het grote eschatologische gebeuren, vgl. bv. Openb. 1:1; 4:1; 22:6; Matt. 24:6; Marc. 13:10"[38]. Hoewel δεῖ nie gebruik word in 2 Thess. 2:3 nie, lê die gedagte baie duidelik daarin opgesluit dat dit ŉ absolute voorvereiste is, dat die "mens van die sonde" èèrs moet verskyn voor die paroesie kan plaasvind.

Hierdie "programmatiese", relasionele tydsbegrip is sò nou verbonde aan die eskatologie van die Nuwe Testament dat Ridderbos kan verklaar: "Wij hebben hier te doen met een verschijnsel, dat men mischien het wezen van de (oud-en) nieuwtestamentische apokalyptiek kan noemen"[39], terwyl die kronologiese interafhanklikheid van die eschatologiese gebeure ook deur Cullman benadruk word: "...the eschatological drama.... takes place in a thoroughly chronological progression; this is true in the more detailed Johannine and Synoptic apocalypses

33/...

---

37) Vir ŉ analise van καίρος en die betekenis daarvan in die heilsgeskiedenis, cf. Cullman, Oscar: Christ and Time, (oorspronklik in Duits uitgegee onder die titel, "Christus und die Zeit", Zurich, 1946,) London, 1971, p.39 vv. Ook: Van der Walt, Tjaart, a.w.,p. 199, 201.

38) Ridderbos, Herman: De Komst van het Koninkrijk, Kampen, 1950, p.150 e.v. Vir verdere ontleding van δεῖ as heilshistoriese "moet", asook litteratuur daaroor, cf. Van der Walt, Tjaart, a.w.,p. 101, voetnoot 72.

39) Ridderbos: Paulus, p. 568.

as well as in the Pauline eschatological passages".[40)]

Nieteenstaande die onbekendheid van die tydstip, van die "wanneer", is nie alles van die tyd onbekend nie. Veel staan vas en is bekend danksy hierdie beginsel van "temporisering", en dit het vir ons onmisbare waarde oor die hele linie van die eskatologie, nie die minste nie in verband met die Antichris en Christus se paroesie sodat T. van der Walt kan verklaar: "...naas die onbekendheid van die reëele tyd van die Wederkoms, staan die feit dat veel van die relasionele en die realistiese tydsaspek daarvan bekend is".[41)]

Hoewel Paulus nie spreek van bepaalde "voortekens" wat die paroesie sal voorafgaan in die sin waarin Jesus dit doen in die Apokaliptiese Rede van Mark. 13 par. nie, het die beginsel van koördinasie, van die relasionele tydsbegrip, van die temporisering met betrekking tot die eindgebeure, hierdie voordeel dat "van bepaalde gebeurtenissen, die aan de dag des Heren voorafgaan...toch wel in zeker opzicht kan worden afgeleid, of de weg voor de komst des Heren reeds "vry" is.[42)] Hoewel dit nie beteken dat daaruit dan ŉ

34/...

---

40) Cullman a.w., p. 66.
Whiteley (p.101) verwerp die gedagte "that Paul taught the Thessalonians this 'programme' theology when I was still with you". Vir hom staan dit in radikale botsing met 1 Thess. 5:2 vv., dat die dag van die Here sal kom "soos ŉ dief in die nag". Ons het hier "two irreconcilable accounts of what he taught them on the same occasion". Gevolglik verwerp hy die outensiteit van 2 Thess. 2:5, asook die "programme theology" van Paulus.
As hierdie twee tekste egter elkeen in die konteks gelees word waarin dit voorkom, kan Whiteley nie gelyk gegee word nie. Dat God ŉ program het van dit wat aan die paroesie moet voorafgaan, neem die feit nie weg nie dat ons nie presies sal weet wanneer die program afgehandel is nie, en dat diegene wat nie waak nie inderdaad oorval sal word soos deur ŉ dief in die nag. Die eskatologiese voorstelling van 2 Thess. is nie in stryd met die van 1 Thess. nie.

41) A.w., p. 204.

42) Ridderbos: Paulus, p. 569.

presiese toekomsverslag of ŉ "fotografisch beeld" van wat nog moet gebeur gerekonstrueer kan word nie, dien dit tog as baie belangrike aanduidinge vir die kerk, as tydsaanwysers van hoe ver die geskiedenis reeds gevorder het op weg na die Wederkoms en Voleinding. "Een zeer direkte en opzettelijke aanwijzing van hetgeen nog aan de paroesie moet voorafgaan en de intrede ervan dus noch in de weg staat bevat de bekende pericoop over "de mens der wetteloosheid" of "der zonde" in 11 Thess. 2:1-12".[43]

Paulus se skildering van die Antichris moet dus gesien word teen die agtergrond van die paroesie - dit is iets wat die Wederkoms nog in die weg staan. Van die gebeurtenisse wat kragtens die "programmatiese," "temporiserende" karakter van die Nuwe Testamentiese eskatologie nog èèrs moet plaasvind, noem Paulus dan hierdie drie:

1. Die "mens van die sonde" moet geopenbaar word.
2. In die nouste verband daarmee moet die afval plaasvind.
3. Die weerhouer, τὸ κατέχον, ὁ κατέχων (vs.6,7) moet uit die weg geruim word.

Aan hierdie voorwaardes (minstens, vergelyk egter Mark. 13 par. vir die onderskeie "voortekens" wat Jesus opnoem) moet dus voldoen word voordat die Wederkoms kan plaasvind, nieteenstaande die feit dat dit sal kom "soos ŉ dief in die nag", op ŉ vooraf onbekende en onberekenbare tydstip (1 Thess. 5:2, Matt. 24:43, 2 Petr. 3:10).

In hierdie verband kan die woorde van Werner de Boor aangehaal word as karakteriserende samevatting van die eskatologiese temporisering: wanneer dit gaan om die Endgeschichte, dan "redet die Bibel so gern im Bild der 'Ernte'." Soos die oes, moet die tyd van die eindgebeure eers ryp word. "So hat der Blick in die Zukunft hinein stets beide Seiten: alles musz wachsen und ausreifen, alles hat zeine Vorzeichen, es musz vieles erst vorher geschehen, und es ervolgen Gottes Eingriffe



---

[43] Id.p. 571.

bis hin zum letzten in der Parusie Jesu überraschend, unerwartet, plötzlich" [44].

Dit is dan teen hierdie agtergrond, van die Thessalonicense se oorspanne Naherwartung, hulle gebrek aan insig in die "rypword"-karakter of "oes"-karakter van die eindgebeure en spesifiek die paroesie dat Paulus se skildering van die verskyning van die Antichris gesien moet word.

---

[44] De Boor, a.w.,p. 132.

# HOOFSTUK 2

# OORSPRONG VAN DIE ANTICHRIS-KONSEP

## 2.1. Die Godsdienshistoriese Skool

Die godsdienshistoriese skool wat die laaste helfte van die 19de eeu en die eerste dekades van die 20ste eeu oorheers het, soek die oorsprong van die Antichris-tradisie in die oer-Babiloniese skeppingsmite van die stryd tussen die god Marduk en die chaosmonster.

Dit was Herman Gunkel, die Duitse Ou Testamentikus (1862-1932), en leidende figuur in die godsdienshistoriese (religionsgeschichtliche) skool wat in sy "Schöpfung und Chaos" (Göttingen, 1895) met die hipotese vorendag gekom het dat die Nuwe Testamentiese Antichris-konsep teruggevoer kan word na dieselfde Babiloniese chaosmite wat ook ten grondslag sou lê aan die Bybelse skeppingsverhaal van Genesis (die "enuma elis" - epos wat verhaal van Marduk se oorwinning oor die chaosmonster Tiamat.). Israel sou op ŉ vroeë stadium hierdie Babiloniese mite oorgeneem het nadat dit ŉ eskatologiese wending ondergaan het. Die profete maak dan ook gebruik van hierdie eskatologies-gerigte, oorspronklike skeppingsmite om die komende gerig uit te beeld.[1]
In verband met 2 Thess. 2 verklaar Gunkel: "Die ἀνομος-Erwartung des II Thessalonicherbriefes ist also nicht die willkürliche Erfindung eines Einzelnen, sondern nur der Ausdruk eines in langer Geschichte gewordenen und damals allgemein verbreiteten Glaubens".[2]



---

[1]Gunkel: "Schöpfung und Chaos", pp. 252, 170: Cf.398, by Van der Westhuizen, a.w.,p.43. Cf. ook Edelkoort, dr. A.H: De Christus-verwachting in het Oude Testament, Wageningen, 1941, pp. 31, 40, 349, asook Van der Meulen, R.J.: De Openbaring in het laaste Bijbelboek, Utrecht, 1948, p.41. Van der Meulen gaan nie verder in op Gunkel se hipotese nie, wat "als verouderd kunnen werden beschouwd. Het mogen voldoende werden geacht te vermelden, dat Gunkel in "Schöpfung und Chaos" dit hoofdstuk (nl. Openb. 12) uit Babiloniese invloeden wilde verklaren. Hij vindt in de draak de Babiloniese Tiâmat".

[2]Gunkel, a.w.,p. 221, by Van der Westhuizen, a.w.,p. 43.

Wilhelm Bousset (1865-1920), leiersfiguur op die vakgebied van die Nuwe Testament en eweneens toegewyd aan die religionsgeschichtliche interpretasie van die Skrif, publiseer in 1895 "Der Antichrist in der Überlieferung des Judenthums, des Neuen Testaments, und der alten Kirche" waarin dieselfde beskouings as die van Gunkel gehuldig word, maar verder uitgebou word in verband met die "Antichris-mite" en sy Babilonies-Persiese oorsprong.[3)]

Volgens Bousset is die "eschatologische Überlieferung vom Antichrist eine spätere Umgestaltung, eine Vermenschlichung des Drachenmythos" (nl. die Babiloniese skeppingsdraak-mite).[4)] Hierdie "Umgestaltung" in antropomorfe sin het in verskeie fases verloop waarvan die eerste plaasgevind het in die bloeityd van die voor-Christelike, Joodse apokaliptiese literatuur. Die Antichris-konsep as ᵑ "God opposing tyrant and ruler of the last times" het in hierdie tyd ontwikkel uit die skeppingsdraak-mite.

Die Persiese mite van die stryd tussen Ahura-Mazda en Angra Mainyu (Ahriman? - cf. Bousset, Rel. des Judenthums, p. 584vv.) was instrumenteel in hierdie "Umgestaltung", en in die Joodse apokaliptiek het dit ᵑ stryd geword tussen God en Beliar (die Satan, duiwel, bose gees.) In die Makkabeërtyd het hierdie "omvorming" van die oer-draak-mite reeds so ver beslag gekry dat die apokriewe "Testamente van die Twaalf Patriarge" Beliar beskryf as "die laaste groot vyand wat gebind word" (Lev. 18:12). Vergelyk ook die Hemelvaart van Moses, 10:1.

38/....

---

3) Bousset, W: "Antichrist." Waar Bousset in Engels aangehaal word, is dit telkens uit sy artikel "Antichrist" in: Encyclopaedia of Religion and Ethics: Edited by James Hastings and others, Edinburgh, 2de druk, 1925, pp.578 vv.

4) Bousset: Der Antichrist, p. 8., aangehaal deur Van der Westhuizen, a.w., p. 44.
Frame (a.w., p. 272v.) neem tenminste sterk invloede uit daardie oord aan as hy die Antichris sien as "a non-political conception that suggests the original influence of the Babilonian myth of Tiâmat, the sea-monster that opposes Marduk and is vanquished...only to be destroyed."

In Daniël 8 sou Antiochus Epifanes volgens Bousset geteken word met die trekke van die chaosmonster in die beskrywing van "die klein horinkie," Dan.8:8-14 en 23-25. Verder sou die boek Daniël, wat in die Makkabeërtyd ontstaan het, die Antichris-figuur gemodelleer het op die persoon en optrede van Antiochus Epifanes, cf. Dan. 7:8, 19-25, 8:9-12, 11:21-45. Daarby is dit vir Bousset 'n uitgemaakte saak dat "die gruwel van die verwoesting", Dan 8:13, 9:27, 12:11, wat alles deel geword het van die "Antichris-legende" teruggaan op Antiochus Epifanes.

Ook sou die Apokriewe Psalms van Salomo (Ps.2) Pompeius (wat Jerusalem verower het in 63 v.C.) na sy dood geteken het in die kleure van die chaosmonster wat deur God neergewerp is omdat hy teen God self opgestaan het.

Die naam Beliar, wat in die ouer bronne aan die satan gegee is (bv. in die Testamente van die Patriarge) sou mettertyd oorgedra gewees het op die Antichris. In Ps. 18:5 (Afr.: "Bande van die dood het my omring en strome van onheil het my oorval", waar בליעל "Belial," vertaal is met "onheil",) wil Bousset 'n letterlike verwysing sien na Belial of Beliar as god van die onderwêreld, wat dan getuie sou wees van die latere "Umgestaltung" van die Babiloniese chaosdraak tot die Satan-figuur en nog later tot die Antichris-figuur.

Dr. J. Ridderbos dink nie in hierdie verband (m.b.t. Ps.18:5) aan 'n Belialfiguur nie en verklaar met inagneming van die sinsverband dat "in vs. 5v. naast "baren" en "beken" sprake van "strikken" en "vallen" (is), zodat men hier ook by "baren" en "beken" het liefst aan eenvoudige beeldspraak zou willen denken: .... Men kan mischien zeggen, dat de eenvoudige beeldspraak en die onderwêreld-voorstelling in elkander overgaan..."[5].

In 2 Kor. 6:15 wil Bousset in die woorde "En watter ooreenstemming het Christus met Belial?" dieselfde soort verwysing sien na 'n oermonster-tradisie wat later omgebuig is tot 'n Antichris-figuur (hieroor later meer).

39/...

[5] Ridderbos, dr. J. 1955. De Psalmen (Reeks: Commentaar op het Oude Testament) Kampen, Kok, 421p., p.151.

Bousset wys daarop dat, hoewel die einde deur "Daniël" voorspel, nie gekom het nie, die boek nogtans ŉ plek gekry het in die kanon van die Bybel, en dat die gelowiges die vervulling van Daniël steeds vorentoe die toekoms ingeskuif het, los van Antiochus Epifanes (wat die tempel in Jerusalem ontheilig het deur varke op die altaar te laat offer), en die laaste vyand telkens weer op ŉ nuwe figuur gemodelleer het. So is Pompeius in die "Psalms van Salomo" die Antichris-model en ook in die "Hemelvaart van Moses" terwyl dit later ŉ vermenging word van Antiochus Epifanes en Herodes die Grote. In die Romeinse tyd word keiser Gaius Caligula (37-41 n.C.) die Antichris-figuur: In 40 n.C. gee hy aan Petronius, goewerneur van Sirië, opdrag om ŉ reuse keiserbeeld in die tempel te Jerusalem op te rig en die keiserkultus in die tempel te laat organiseer. Voor dit gematerialiseer het, is Caligula egter vermoor. Bousset meen dat die gedagte van die tempelontheiliging deur die Antichris (Mark. 13:14, Matt. 24:15, 2 Thess. 2:4, Openb. 13:4-6, 14, 15) hier sy oorsprong het en dat die "klein Joodse apokalips" van Mark. 13 par. hiervandaan kom. Die bewys hiervoor sou onder andere wees dat die letterwaardes van Γάϊος Καίσαρ ŉ som van 616 gee (wat in sommige handskrifte voorkom i.p.v. 666, Openb. 13:18).[6]

Die Christendom sou hierdie hele Antichris-konsepsie wat ontstaan het in die Jodedom rondom die figure van Antiochus Epifanes en Gaius Caligula, mettertyd oorgeneem het (2 Thess. 2 en Openbaringe bv.), en oorgedra het op keiser Nero. Veral Openbaringe het sy fundamentele basis gekry van die "fancies regarding Antichrist." Openbaringe 11 byvoorbeeld, in verband met die dier uit die afgrond en die vermoording van die twee getuies, is gebou "entirely on the lines of Jewish Apocalyptic prophecy."[7]

40/...

---

[6] Bousset: Antichrist - Encyclopaedia of Religion and Ethics, p. 579.

[7] Ibid.

Met 2 Thess. 2:1-12 het ons volgens Bousset ŉ "transformasie" van die Joodse Antichris-konsep. Hoewel die basis dieselfde is, naamlik die Beliar- en Antiochus Epifanes (Dan. 11:36)-figure is die Antichris in 2 Thess. "no longer a God-opposing tyrant, but a seductive agency which works by signs and wonders, and seeks to obtain Divine worship. Antichrist here is a false Messiah, .... the opponent of the true Messiah," terwyl die "sit in die tempel van God" ŉ herinnering is uit die tyd van Caligula.

Die belangrike "Umgestaltung" wat Bousset hier opmerk in die Antichris-konsep, is dat hy nou nie meer ŉ politieke figuur is nie, maar dat hy ŉ suiwer ideële betekenis gekry het.:"... the significant change which II Thessalonians has effected .... consists in this that here, out of the God opposing tyrant the seductive adversary of the last times has been developed."

Hierdie proses van "re-molding ... has become of world-wide importance", soos die geskrifte van Johannes getuig (Johannes gebruik reeds hierdie "gewysigde" Antichris-konsep volgens Bousset): die Antichris ondergaan ŉ metamorfose en word ŉ valse Christus: "Antichrist is connected with false teaching" (1 Joh. 2:18, 22;4:3; 2 Joh. :7), en van nou af word die valse leer ŉ teken van die laaste dae (1 Tim. 4:1, 2 Tim. 3:1 vv. 2 Petr. 3:3). Veral in die apokriewe literatuur word Beliar van nou af ŉ wonderdoener "endowed with Satanic powers."

ŉ Baie belangrike element rakende die ontstaan van die Antichris-konsep in die Christendom lê vir Bousset, en vir die hele religionsgeschichtliche rigting, in die Nero redivivuslegende. Volgens Suetonius (Nero, 57) en Tacitus (Hist. ii.8) het baie mense geglo dat Nero wat deur Rome verstoot is en in 63 n.C. selfmoord gepleeg het, óf nie dood was nie, óf uit die dode sou opstaan en met ŉ geweldige Parthiese leër (die Parthers was hom goedgesind), sou terugkeer na Rome om wraak te neem op sy vyande. Tot die jaar 100 n.C. het baie mense nog geglo dat Nero terug sal kom (cf. Bousset, Com.,[2] (5), p. 411 vv.)[9]

41/...

---

[9]Bousset: Ibid.

Hierdie Nero redivivus-legende is eers oorgeneem deur die Joodse apokaliptiek, en vandaar deur die Christendom. Open. 17:6 toon iets van hierdie Nero redivivus-legende: Die skrywer verwag Nero gaan terugkeer om wraak uit te oefen oor Rome, maar dan as strafgerig oor Rome omdat Rome ("die groot hoer" van Openb. 17) die kerk verdruk het ".... to take vengeance on Rome, because she had shed the blood of the saints..." (ibid).

In die Sibillynse orakels nà die dood van Nero word hy ook geteken as 'n terugkerende wraakfiguur en daar verder vermink tot 'n spookagtige demoon. Sy terugkeer sou die grootste van alle oorloë laat ontbrand wat die begin van die einde van die mensdom sou inlui. Volgens Bousset het sowel die Joodse as Christelike apokaliptiek hierdie Nero-figuur gekies en die Antichris op hom gemodelleer.

Hoe langer die tyd verloop het nà Nero se dood, en hoe kleiner die kans geword het dat hy nog lewe, hoe sterker het die gedagte gegroei dat hy sou terugkeer uit die onderwêreld. "In this way, too, his figure became more and more hellish and ghostly .... instead of an adversary of Rome, he becomes an opponent of God and Christ".[10)]

Bousset wys ook daarop dat in die volgende eeue die "Antichrismite" telkens weer opgevlam het, veral in tye van verdrukking. Met die opkoms van Islam het dit weer sterk opgeleef en ook weer in die Reformasietyd toe die pous geïdentifiseer is met die Antichris. " .... With this last phase (nl. die pous gesien as Antichris) the interest in the legend entirely disappeared, and it is now to be found only among the lower classes of the Christian community, among sects, eccentric individuals, and fanatics".[11)]

Die religionsgeschichtliche pogings tot babilonisering en/of romanisering van die Bybelse oorlewering in verband met die Antichris, het in die later tyd versterking gekry deur die ontdekking van die Ras Shamra-tablette te Ugarit in Sirië (1929). Hierdie tekste bied heelwat stof oor die ou Kanaänietiese godsdiens voor en tydens Israel (die stad was bewoon reeds vóór

42/...

---

10) Bousset: Antichrist - Encyclopaedia of Religion and Ethics, p. 580.

11) Id.p. 581.

4000 tot ongeveer 1200 v.C.), en baie nuwe lig is gewerp op die Baäldiens en die oud-Fenisiese mitologie. Die tema van ŉ draakfiguur wat doodgemaak word, kom hier sterk na vore en dit word aangegryp as voorloper van die Bybelse Antichris-gedagte.

C.H. Dodd en die rigting van die "Gerealiseerde Eskatologie" hoort wat hul Antichris-beskouing betref ook tuis by the godsdienshistoriese skool. Dodd verklaar die herkoms van die Antichris-gedagte so: Christus se wederkoms is spoedig nà sy hemelvaart verwag, want met Christus se eerste koms het die koninkryk van God reeds volledig aangebreek. Toe die wederkoms egter uitbly, moes die ou kerk ŉ rede daarvoor vind. Hierop het hulle teruggekeer na die tradisionele Joodse eskatologie (wat ŉ teëstander-figuur in die eindtyd verwag) en dit verwerk in Christelike sin. 2 Thess. 1:7-10 en 2:3-10 is dan van die oudste geskrifte wat hierdie gerekonstrueerde Joodse apokaliptiek bevat - en die ou "mite van die Antichris of Belial" verskyn hier in die vermomming van "die mens van die wetteloosheid" om ŉ verklaring te bied vir die uitbly van die wederkoms. Die Antichris is hier in 2 Thess. 2:1-12 gemodelleer op die kranksinnige keiser Caligula.[12)]

Friedländer, ŉ vrysinnige Joodse geleerde en gedeeltelik beinvloed deur Gunkel en Bousset, soek die oorsprong van die Antichris-konsep by ŉ voor-Christelike, Joods-Gnostiese sekte genoem die "Minim"[13)], ŉ groep wat die produk sou wees waarvan Philo die groot eksponent was en wat ŉ anti-nomistiese opvatting gehuldig het. Die Talmud maak melding van hierdie "Minim", en Friedländer wys daarop dat die "Minaeïsme" in die eerste eeu v.C. ŉ groot religieuse beweging was wat sowel die Joodse as heidenwêreld geskok het met hul leuse, gerig teen die Wêreld-Skepper en sy diens, nl.: "Laat ons hulle bande breek en hul toue van ons afwerp".[14)] Hierdie antinomisme het volgens Van

43/...

[12)] Dodd, C.H. 1963. The Apostolic preaching and its Developments, p.38.

[13)] Friedländer: 1901 Der Antichrist in den vor-christlichen jüdischen Quellen.

[14)] Friedländer, a.w.,p.130, by Van der Westhuizen, a.w.,p.46.

der Westhuizen tot ŉ demoniese mag aangegroei en sy verpersoonliking gevind in die gestalte van Beliar, die verleier-figuur wat steeds die afval teen God en sy gebod aanblaas. As die wettelose, ἄνομος in die Septuaginta tref ons hom aan in Deut. 13:14: "Seuns van Belial". Vgl. ook 2 Sam. 16:7; 20;1; 23:5-7; Spr. 6:12; Ps. 18:5. (Afr. meesal vertaal met "deugniet"). "Als antinomist komt Beliar ook voor in het boek der Jubiläen en in de Talmud. En hoe nader men by de Christelijke bedeling komt, des te meer krijgt hij een bovennatuurlijke karakter: "Es dauert nicht lange, und wir haben in Beliar den Satan in Menschengestalt vor uns ...[15]

Die Joodse Sibille skilder teen die helfte van die eerste eeu v.C. die sataniese mag en wonderdade van Beliar waaruit Friedländer konkludeer: "Wenn aber in ihr Beliar dem späteren Antichrist zum Verwechseln ähnlich zieht, so beweist dies nur soviel, dasz der παράνομος - Beliar auf Christichen Boden das christliche Gewand anlegte, und nun der ἄνομος - Antichrist hiess. Beliar ist ebenso der Vorfahr des Antichrist".[16] Met hierdie standpunt toon Friedländer dat ook hy inpas in die raam van die religionsgeschichtliche beskouings.

2.2. Ander Uitgangspunte

Aangesien die Wederkoms en die openbaring van die Antichris relasioneel en tydsordelik in ŉ bepaalde verhouding tot mekaar staan as eskatologiese gebeure, is die opvatting oor die eskatologie ook bepalend vir die siening van die Antichriskonsep. So moet die Gerealiseerde Eskatologie die Antichris as mite wegverklaar.

Die direk teenoorgestelde standpunt, nl. die van die Konsekwente Eskatologie (waarvan Albert Schweitzer die vader is) het ŉ probleem met die Antichris-gedagte omdat ŉ geruime tydsverloop nodig is vanaf Christus se openbare optrede, om ruimte te laat vir die groot afval, die optrede van die "weerhouer," sy wegneming, en die openbaring van "die mens van die wette-

44/...

---

[15] Van der Westhuizen, a.w.,p. 46, met ŉ aanhaling van Friedländer a.w.,p. 126.

[16] Friedländer, a.w.,p. 127, by Van der Westhuizen a.w.,p. 47.

loosheid" - terwyl hierdie Konsekwente Eskatologie juis uitgaan van die standpunt dat Jesus die paroesie <u>baie naby</u> verwag het, aanvanklik in sy eie leeftyd.

Meer nog: Jesus sou sy twaalf apostels uitgestuur het (Matt. 10) in die stellige verwagting dat die koninkryk waarin Hy as Messias sou optree so naby was dat dit nog voor die eerskomende oestyd sou aanbreek. Johannes se optrede het in die lente begin, en in die lig van Matt. 9:37, 38 (die groot oes en die min arbeiders) moet Jesus se woorde verstaan word van sowel die graanoes van daardie somer as van die inhaal van die oes van die koninkryk van God deur sy engele. Teen oestyd daardie jaar het Jesus dus die koms van die koninkryk verwag, en as Hy die apostels uitstuur om haastig na die stede van Israel te gaan en nie tyd te verkwis deur na die heidene te gaan nie (Matt. 10:5 vv.), dan deel Hy hulle ook openlik mee dat Hy hulle nie terug verwag in die teenwoordige eeu nie - die paroesie van die Seun van die mens, wat dieselfde is as die koms van die koninkryk, sal plaasvind voordat die apostels terug sal wees van die stede van Israel, 10:23.

In hierdie rekonstruksie van Jesus se toekomsverwagting en koninkryksbeskouing, kan daar baie moeilik plek ingeruim word vir die optrede van die Antichris. Immers, eers moet die afval nog plaasvind, die weerhouer uit die weg geruim word, dan kan die "mens van die wetteloosheid" verskyn, en eers daarna kan die paroesie van Christus plaasvind volgens 2 Thess. 2. Prinsipieel sit die Konsekwente Eskatologie hier dus met ŉ onmoontlike situasie, en kan daar geen optrede van die Antichris wees voor die wederkoms van Christus nie. Volgens Schweitzer was Jesus immers so seker dat die koninkryk van God en die voleinding enige dag kon plaasvind dat, toe dit uitbly, Hy besluit het om dit te dwing om aan te breek deur self te sterf. Maar ook in sy heldedood terwille van die koms van die koninkryk het Jesus Hom misreken - Hy gryp self die wiel van die geskiedenis vas om dit te laat wentel tot die groot voleinding van die tyd en die koms van die koninkryk, maar dit weier om te draai. As Hy Homself daarop werp, dan draai die wiel - en vergruis Hom. In plaas van die voleinding te bring, sterf hierdie onmeetlike groot Man en die koninkryk, waarvan Hy die aangewese Messias is,

skuif weg na ŉ verre toekoms. Jesus is Messias designatus - in die toekoms sal Hy die messiaanse waardigheid ontvang, maar terwyl Hy op aarde was, het Hy dit nog nie gehad nie. Hy was egter reeds aangewys om Messias te wees in die koninkryk wat kom, en Hy het geweet Hy is die aangewese Messias, wat egter alleen die nabyheid van die koninkryk kon aankondig, maar dit self nie kon laat aanbreek nie. Die koninkryk van God het dus in Jesus se koms na die aarde nie ŉ teenwoordige werklikheid geword nie.

Wat die Antichris-vraagstuk betref, het ons in die rekonstruksie van Schweitzer in verband met Jesus se toekomsperspektief dus die eienaardige situasie dat Jesus geen ruimte gelaat het vir die optrede van die Antichris voor sy Wederkoms nie - terwyl Paulus dit stel dat die wederkoms van Christus nie sal plaasvind voordat die Antichris verskyn het nie, en dat dit ook juis Christus se paroesie sal wees wat ŉ einde maak aan die Antichris se optrede. Moet dit dus aanvaar word dat Jesus en Paulus in botsing is met mekaar? Volgens Schweitzer se rekonstruksie lyk dit onvermydelik. Jammer dat nie ŉ duidelike antwoord van Schweitzer hierop opgespoor kon word nie.[17)]

Andersyds, waar die Konsekwente Eskatologie die koms van die koninkryk in sy geheel na die toekoms verskuif, en Jesus dan ook slegs as Messias designatus gesien word, daar kom die Antichris-vraagstuk nie as ŉ brandende, aktuele probleem na vore nie. Waar Christus kom, sê Berkhof (1962, p.106), daar word die teenmagte wakker; in die kader waar die Messias egter slegs Messias designatus is, en die teenmagte gevolglik nie opgeroep word nie, kan daar ook nog nie ŉ Antichris op die toneel verskyn nie; waar die koninkryk nog nie gekom het nie, kan die groot saboteur en teëstander van die Koning en die koninkryk ook nog nie aktief optree nie, dit is prinsipieel uitgeslote.

46/...

---

[17)]Nog in Schweitzer se eie werke, nog in talle ander outeurs wat handel oor die Antichris (vgl. die bibliografie hieronder), kon ŉ duidelike uitspraak van hom, ŉ verwysing na hom of ŉ verdiskontering van sy siening opgespoor word.

Gedagtig aan die dringendheid van die onderwerp in die briewe van Johannes (1Joh. 2:18 - die baie antichriste wat reeds daar is, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is!), en by Paulus (2 Thess. 2:7 - die verborgenheid van die ongeregtigheid is reeds aan die werk!), die aktualiteit van die Antichris by verskeie outeurs, daar word mens getref deur die gebrek daaraan by die Konsekwente Eskatologie. Waar die teenwoordige werklikheid van Jesus se messiasskap en van die koninkryk misgekyk word, sal ook die groot teëstander, die Antichris nie raakgesien word nie. Dit is ŉ groot leemte by (en dilemma vir) die Konsekwente Eskatologie.[18)]

By die bi-polêre eskatologiese siening van o.a. Cullman en H. Ridderbos (vgl. T. van der Walt: Koninkryk - naby!) wat nie alles laat opgaan in, óf wat reeds geskied het in Christus, óf wat suiwer toekomstig is nie, maar wat aan albei vashou, aan koms èn wederkoms, aan die "alreeds" en die "nog nie" die praesens èn futurum van die realisering van die koninkryk, hier kan ook ŉ gebalanseerde siening op die Antichris-gedagte verwag word omdat hier nie ŉ aprioriese dwangbuis is wat dit in ŉ bepaalde rigting forseer nie.

Bultman (1966,p.34) se radikale standpunt in verband met die herkoms van die Antichris-gedagte, lê in lyn met sy hele teologiese siening (religionsgeschichtlich): "In Jewish eschatological expectations we find that the figure of the anti-Christ is a thoroughly mythological figure as it is described, for example, in II Thessalonians (2:7-12). In John false teachers play the role of this mythological figure. Mythology has been transposed into history ..... therefore our task of demythologizing today is justified." Gevolglik: Ontmitologisering van die Antichris tot ŉ blote idee, paranese om te waak teen die kwaad, of iets dergeliks.

47/...

---

18) Vgl. vir Konsekwente Eskatologie verder Ridderbos, H; Koninkrijk, p.90, asook Chr. Encyclopedie, 6: p.129v.; T. van der Walt, Koninkryk - naby! p.4; A. Schweitzer, Geschrichte der Leben-Jesu-Forschung$^{6}$, 1951, Eng. vert. The Quest of the historial Jesus, 1954, London, Black.

## 2.3. Kritiese Opmerkings

Wat die godsdienshistoriese beskouing van Gunkel, Bousset, Bultman, Dodd en Friedländer betref, en die siening dat die Bybelse Antichris-konsep 'n vervorming of "Umgestaltung" is, 'n "Vermenslichung" van die oorspronklike Babiloniese chaos-draak wat deur Marduk oorwin word, moet opgemerk word dat hierdie fundamentele uitgangspunt waarop die hele konstruksie berus, op losse skroewe staan.

Edelkoort (1941,p.31v.) wys daarop dat o.a. Gressmann, Gunkel en Jeremias getrag het om Israel se Messiasgeloof terug te voer tot 'n Babiloniese oorsprong, naamlik die Babiloniese skeppingsmite (Marduk se stryd teen die chaosmonster).

Om hierdie skeppings-mite egter om te skakel tot 'n Israelietiese geloof in 'n komende Christus (en die idee van sy teenstander, 'n Anti-Christus), moes hierdie hele Babiloniese skeppingsmite 'n eskatologiseringsproses deurgaan: in plaas van gerig te wees na die verlede (skepping) moes dit nou omgedraai word en na die toekoms gerig word, maar: " ... Dit laatste moet nu juist ten stelligste ontkend worden: de Babylonische scheppingsmythe - hiermee zal wel het epos "Enuma elis" zijn bedoeld - heeft enorme betekenis voor de kennis van de Babylonische religie, maar zij heeft met eschatologie niets te maken. Daaraan denk zij niet eens." R.J. van der Meulen (1948, p.41) wys daarop dat hierdie hipotese verouderd is en vandag weinig steun meer geniet, terwyl die groot Ou Testamentikus Walther Eichrodt (1961,p.494 - 501) die hipotese oortuigend weerlê waarvolgens die Ou Testamentiese messiaanse en eskatologiese verwagtings uit die Babiloniese mitologie en/of kultiese gebruike sou voortspruit, en hy toon aan dat Israel se heilsverwagting slegs uit die heilsgeskiedenis, uit die Godsopenbaring, en spesifiek dié in verband met die koms van God se koninkryk verklaar kan word. 'n Eskatologiese verlosser kan nooit groei uit 'n mitiese figuur nie (p.499), en dit is alleen "the man who knows God, who knows God's future"(p.501).

Edelkoort (p.31v.) toon aan dat die karakter van Israel se godsdiens geheel-en-al verskil het van die heidense religieë wat natuur-religieë was. Israel se monoteïstiese geloof in die een, bo-natuurlike, transendente God, het juis baie sterk antiteties gestaan teen die heidense natuur-religieë.

Aan die Babiloniese skeppingsmite was daar ook ten nouste verbonde die Babiloniese nuwejaarsfees of troonsbestygingsfees waar die oorwinning van Marduk oor die draak elke jaar weer gevier is. Waar die godsdienshistoriese skool die heilsverwagting van Israel, die eskatologiese koms van God, en sy oorwinning, wil aflei uit hierdie fees van Babel, daar vra Edelkoort (id.p.40) "Hoe komt het dan, dat Babylonië tot zulk een eschatologie (nl. soos Israel) niet gekomen is, hoewel het feest daar thuishoorde? .... Ook nu weer komen wij tot het resultaat, dat deze semi-Babylonische verklaring van Israels toekomsverwachting mislukt is en dat die toekomsverwachting uit Israels eigen geestesbezit verklaard sal moeten worden."

Hiermee is aangetoon dat Israel se eskatologie nie stam uit Babel se skeppingsmite nie. Die stelling kan gemaak word: as Israel se Messias-verwagting geensins deur die Babiloniese skeppingsmite beïnvloed is nie, kan sekerlik afgelei word dat die konsep van die teëstander van hierdie Messias ook nie deur hierdie mite beïnvloed is nie.

Om Israel se eskatologie af te lei uit die Babiloniese religie, soos Gunkel en die ander uit die godsdienshistoriese skool, is iets waardeur volgens Edelkoort (id.p.349v.) " .... aan twee grootheden onrecht gedaan (wordt): aan de Babylonische religie en aan Israelse eschatologie". Babel het immers ook nie 'n "leer van die laaste dinge" (eskatologie) gehad nie. (Vgl. Eichrodt, p.496: "The really distinctive marks of eschatology are the very things that are missing" - nl. in Babel.) "Een afleiding van Israels toekomsverwachting uit Babels religie is derhalwe onmogelijk."

Daar bestaan dan ook geen bewyse van ŉ omvorming van die Babiloniese oer-draak of chaosmonster om dit diensbaar te maak vir Israel se eschatologie in die algemeen, of vir die Antichris-konsep in die besonder nie.

Hieroor merk Hendriksen (I & 2 Thess. p. 175) op dat ons steeds moet onderskei tussen die vorm en die inhoud, tussen ŉ term wat gebruik word en die gedagte-inhoud wat dit bevat: "To be sure, inspired authors make use at times of the terminology of ancient and current superstition. Thus the author of the book of Revelation introduces a dragon. But this dragon is not Tiamat, whom Marduk cleaves asunder like a fish ..." Tereg verklaar G. Vos (id.p.98) ".... so far as the manipulation of the material by Bousset and his followers is concerned, this bears all the bad features of extreme arbitrariness. There is constant unwarranted combinations and equation of names and features lying not only decades, but ages apart, and a persistent effort to supply the lacking **intermediate** links from unevidenced hidden strands of popular belief." Die feit dat die Bybelskrywers en patristiese skrywers die heidense mite net so sou oorgeneem en geglo het, vind hy ook vergesog[19] en waar beide Gunkel en Bousset sover gaan om te beweer dat Israel se Christusverwagting gebore is uit die Babiloniese chaosmoster-oorlewering, as teenvoeter teen hierdie duistere mag, daar verklaar hy (id.p.99) "The Antichrist has here eaten the young Christchild after some such fashion as the Christian Apocalypse depicts in one of its visions".

Wat die Beliar- of Belial-elemente betref in die religionsgeschichtliche verklaring van die Antichris-konsep se oorsprong asook Dodd wat beweer dat ons in 2 Thess. 2:1-12 in "die mens van die sonde" ŉ vermomming van die "Belial-mite" het, kan opgemerk word dat daar inderdaad verskeie Bybeltekse is waar Belial genoem word, vgl. Deut. 13:13; Rigt. 19:20; 20:13;

50/...

---

19) Vos, G: a.w.,p.98e.v. - dit bots met dit wat ons van die kerkvaders weet selfs al sou ook toegelaat word vir ŉ "overheated imagination".

1 Sam. 1:16; 2:12; 10:27; 25:25; 2 Sam. 16:7; 20:1; 1 Kon. 21:10; 13: Ps. 18:5. Paulus gebruik self ook die benaming Belial in 2 Kor. 6:15 om 'n persoon of saak aan te dui wat antitetties teenoor Christus staan, soos die duisternis teenoor die lig, soos die ongelowige teenoor die gelowige, en soos die afgode teenoor die tempel van God.

Die naam "Belial" beteken waarskynlik "sonder juk" ("wettelose" dus, in opstand teen die wet). In die buite-Bybelse Joodse apokaliptiese literatuur kom die naam "Belial" dikwels voor as 'n Gode-vyandige figuur, bv. in die "Testamente van die Twaalf Patriarge", in die "Ascensio Isaiae" (wat geskryf moes gewees het kort nå die inname van Jerusalem in 70 n.C. deur Titus), en dan ook in die Jubileerboëk (1 eeu n.C.). Die latere Jodedom het Beliar uitgewerk tot 'n tipe van die Antichris-figuur wat hulle verbind het met Romulus, die stigter van Rome (vgl. "Psalms van Salomo, ii). Die gegewens is egter vaag en onomlyn sodat Beliar nie onderskei kan word van Satan in die meeste van die buite-Bybelse literatuur nie, waaruit Vos konkludeer (i.d.p.100) "It seems clear that there is nothing in the passages cited compelling to think of an Antichrist figure differentiated from Satan. All that is said admits of easy derivation from the influence of the latter. And negatively the absence of the eschatological element is difficult to account for, if Beliar in those former times passed as a technical name for Antichrist".

Wat die Derde Sibillynse Orakel betref, kan die moontlikheid nie uitgesluit word nie dat dit miskien ouer as die Nuwe Testament kan wees, sowel in geskrewe vorm as in die tradisie wat hierin verteenwoordig word. Die inhoud daarvan is sterk apokalipties en vertoon veel ooreenkoms met sekere dele van Openbaring; dit spreek van natuur-katastrofes en allerlei rampe en noem ook die naam van Beliar. Beliar sal groot tekens en wonders doen, dooies opwek, en baie mense agter hom aan verlei. In die groot oordeelsdag van God sal hy en sy volgelinge

vernietig word wanneer God die hemele oprol soos ŉ boekrol.[20)]

Die element van verleiding in Beliar se optrede herinner aan 2 Thess. 2, maar andersyds gaan sy optrede uit bò die aardsmenslike: "certain preliminary things named in the line of nature- catastrophes scarcely fall within the power of a mere man, however supernaturally endowed."[21)] Beliar laat bv. hoë berge oprys, maak die see stil en die son en maan gehoorsaam hom. Dat daar vòòr en tydens die apostoliese tyd allerlei bygelowe en oorlewerings bestaan het in Joodse en heidense kringe, is goed verstaanbaar, en dit is ook moontlik dat verdraaide vorms van die Ou Testamentiese gedagte in verband met die Satan of ander vyande van God in omloop was onder die heidendom - net soos die Bybelse skeppings- en Sondvloed-verhale bv. hulle parallelle het in die ou Babiloniese literatuur. In verband met die Antichris-konsep meen Vos egter (id.p.103) "that these current beliefs of such gross and rudimentary form were the source from which the N.T. Antichrist doctrine was drawn ... is hard to believe". Eichrodt meen dat die Sibillynse Orakels miskien sterk invloed van die baie aktiewe Egiptiese Judaïsme kon ondergaan het. Daar is vir hom in elk geval ŉ basiese verskil tussen hierdie heidense en die Bybelse eskatologie - die heidense het "no inner connection with historical life," en is abrupte "magical transformation", waar die Bybelse eskatologie reken met ŉ "consummation of history," omdat dit die God van die geskiedenis ken wat regeer en alles lei na ŉ einddoel (a.w.,p. 496.)

Die meeste van die Skrifverklaarders is dit daarmee eens dat, om Beliar met die Nuwe Testamentiese Antichris te identifiseer, of as oorsprong van die Antichris-konsep te sien, op onbewese hipotese berus. Beliar vertoon baie meer ooreenkoms met die Satan as teëstander van God - en "What is said of Beliar as to his being the king of this world is identical with what Paul

52/...

---

[20)] Die 3de Sibillynse Orakel: Vergelyk Vos, G: a.w.,p. 101,102.

[21)] Vos, G.: a.w.,p. 102.
Frame (p.274) meen dat dit ŉ ope vraag is of Paulus se Antichris-konsep gesien moet word as ŉ ontwikkeling uit ŉ oorspronklike "humanised devil (Bousset) or is the direct result of the fusion of the Antichrist conceived as purely human and of Belial conceived as purely satanic". (R.H. Charles se standpunt in Eschatology, Hebrew, Jewish and Christian, 1899).

affirms of Satan", is Vos se gevolgtrekking (id.p.102v.) en V. Hepp oordeel dieselfde (id.p.103) "Moeilijk kan hier (i.v.m. Belial) aan iemand anders gedacht worden dan aan Satan".

Die godsdienshistoriese siening kan dus nie gelyk gegee word dat die Antichris-gedagte langs omweë oorspronklik vanuit die heidendom eindelik in die Nuwe Testament tereg gekom het nie. Andersyds: Waar Bousset c.s. beweer dat die Bybel telkens die Antichris modelleer op 'n bepaalde historiese figuur, soos Antiochus Epifanes, Gaius Caligula en Nero, hoef dit nie a priori uitgesluit te word dat sekere persone wel 'n rol gespeel het in die uitbeelding wat die Bybelskrywers gee van die Antichris nie. Waar sulke persone sekere trekke van die eskatologiese Antichris-figuur vertoon het, kan sulke trekke ook wel in die skildering van die Antichris diensbaar gemaak word. Soos die Skrif in sekere historiese persone iets van die Messiaanse optrede van Christus afgeskadu sien, en hierdie "tipes van Christus" ook 'n rol speel om die optrede van die komende Messias uit te beeld, so kon dit ook gebeur het in die geval van die Antichris, die direkte teëpool van Christus. Soos wat bv. in Abel, Abraham, Melgisedek, Josef, Dawid, ens. iets van Christus afgespieël en afgeskadu word, so sou ook iets van die Antichris in die Egiptiese farao van die verdrukking, in Isebel, Herodes, Atalia, e.a. gesien kon word en gebruik kon word in die skildering van die "mens van die sonde" van die eindtyd. En waarom sou die optrede van sekere historiese, buite-Bybelse kontemporêre persoonlikhede nie ook diensbaar gemaak kon word in die skildering van die Antichris nie, maar dan sonder om die Antichris-konsep afhanklik te maak van so 'n persoon?

Van der Westhuizen (a.w.,p.65v.) verklaar in hierdie verband: "de profetie hang nooit in de lucht, maar wortelt in de historie. Zo kan de tekening van de Antichrist, als zich boven God verheffende en zich in de tempel nederzettende, een profetiese weerspiegeling zijn van de gebeurtenissen onder keiser Caligula ... Doch men moet hier voorzichtig zijn ..... hy spreekt hier een verkondiging uit, die op Goddelijke open-

baring berust. Het is dan ook volstrekt niet nodig om met sommigen de achtergrond van 2 Thess. 2 op het gebied van de Babiloniese mythologie te zoeken....."

Dat daar ʼn Nero redivivus-verwagting in omloop was onder die heidendom in die eerste en tweede eeu n.C., is uit verskillende buite-Bybelse geskrifte wel duidelik. Maar dat so ʼn terugkerende Nero-idee sou lê aan die basis van die Antichris-begrip, is nie alleen onbewysbaar nie, maar ook vergesog. Die datering van 2 Thess. wys dit al uit. Hierdie brief se datering kan op baie sterk gronde gestel word op nie later nie as 51 n.C.[22] - terwyl Nero in 68 n.C. selfmoord gepleeg het. Om dus ʼn Nero redivivuslegende in 2 Thess. terug te vind, soos die godsdienshistoriese beskouing doen, is om die feite te verdraai en te dwing om in te pas by ʼn onbewese teorie. Waar hierdie skool ʼn proses van "Neronisering" toepas op die Bybelse Antichrisbegrip, moet dit ten sterkste afgewys word en die karakter van die Skrif as Godsopenbaring moet onverswak gehandhaaf word.

In verband met Friedlander se Joods-Gnostiese verklaring van die antinomistiese "Minim" - beweging waaruit die Antichrisidee sou voortspruit en wat die "Vorfahr des Antichrist" sou wees, word die woorde van G. Vos onderskryf (a.w.,p.104): "the Antichrist appears far different and far worse than merely anti-nomian". Selfs ʼn ortodokse Jood (wat nòg Paulus, nòg Johannes was!) sou nie iemand met ʼn antinomiaanse leer in die Antichris-kleure van 2 Thess. en Openbaring geskilder het nie. Antinomiaan is nog ver van eskatologiese Antichris af. Verder kan ook gewys word op die feit dat Beliar deur die Joods-Gnostiese "Minim"- beweging gesien is as ʼn figuur wat reeds daar is, wat as antinomiaanse persoonlikheid optree; daarteenoor moet "die mens van die sonde" nog geopenbaar word, 2 Thess. 2.

54/...

---

[22] Vgl. Guthrie, Donald 1974. New Testament Introduction, London, p.567; en Thiessen, Henry 1951. Introduction to the New Testament, Grand Rapids, p.198.

Samevattend kan ons hieruit dus tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n ander voedingsbodem moet wees vir die Nuwe Testamentiese Antichris-gedagte. Dat dit die Ou Testament is, lê voor die hand.

## 2.4. Ou Testamentiese Grondslae

Wanneer Paulus in Thess. 2:3,4 verwys na ὁ ἄνθρωπος τῆς ἀνομίας, die mens van die wetteloosheid wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, ὥστε αὐτόν εἰς τὸν ναόν τοῦ θεοῦ καθίσαι, en sal voorgee dat hy God is, dan gaan dit baie duidelik terug op Mark. 13 par. Matt. 24:15, Jesus se aanhaling uit Dan. 11:31 (vgl. Dan. 9:27 en Dan 12:11) in verband met die gruwel van die verwoesting, "τὸ βδέλυγμα τῆς ἐρημώσεως wat sal plaasvind. Openb. 13:6, 14 gaan ook daarop terug (vergelyk punt 1,3). Eerstens kan dus vasgestel word dat die Antichris-tradisie 'n figuur aandui wat God se Naam belaster, sy heiligdom ontheilig en hom in God se plek laat aanbid.

'n Tweede trek van die Antichris word deur Paulus in 2 Thess.2 aangedui met die term ἄνθρωπος τῆς ἀνομίας. Ἀνομία, wetteloosheid, speel 'n groot rol in die Antichris se optrede. In Matt. 24:12 vorm die ἀνομία, wat steeds vermeerder ook 'n wesenlike rol in die groot Antichristelike beweging van die eindtyd, terwyl die Antichris-figuur by Daniël eweneens in sy wetteloosheid sal probeer "om tye en wet te verander." (Dan. 7:25).

Afval van God en vervolging van sy gemeente is 'n derde eienskap wat 'n leidende rol speel in die antichristelike optrede - Vergelyk 2 Thess. 2:3 ( ἀποστασία ); 10, 11 (verleiding, dwaling en leuen); Matt. 24:9-11 par. Mark. 13:6, 9, 13, 19, 21; Luk. 21:8, 12, 16, 17 (misleiding, vervolging, dwaling, valse messiasse); 1 Joh. 2:22; 2 Joh. 7 (leuenaars, verleiers); Openb. 13:7, 14 (oorlog teen heiliges, verleiding); Dan 7:25; 8:24, 25; 11:41 (mishandeling van die gelowiges, struikeling).

Die "tekens en wonders" wat die Antichris doen, word ook telkens in die Antichris-tradisiebronne vermeld: Vgl. Matt. 24:24; 2 Thess. 2:9-11; Openb. 13:13, 14; 16:13, 14. ŉ Ander element wat ook verskeie kere voorkom, is die vermelding van die groot verdrukking soos daar nog nooit tevore was nie (Matt. 24:21, 22; Mark. 13:19, 20; Dan. 12:1.).

Die vernietiging van die Antichris word ook soms vermeld: die Here vernietig hom met die "asem van sy mond" of hy "vaar na die verderf": 2 Thess. 2:8; Dan. 7:11; Openb. 19:15, 21.

Uit die gegewens het tot dusver geblyk dat Daniël die belangrikste Ou Testamentiese tradisiebron vir die Nuwe Testamentiese Antichris-beskouing is. Daniël is egter nie die enigste of die oudste nie. Die wortels gaan verder as Daniël terug en ons k n sê dat die Antichris sy eie "openbaringsgeskiedenis" deurloop het, en steeds duideliker tot openbaring gekom het en moet kom. Dat die Antichris-tradisie nie eensklaps beslag gekry het in die Skrif nie, word deur V. Hepp (a.w.,p.24) so gestel: "Nu verwachte men niet, dat de Antichrist by ingang der Schrift reeds in scherp getekend beeld voor oogen zal staan. God doet de openbaring groeien ... De openbaring doorloopt een ontwikkelingsproces. Let slechts op de belofte omtrent den Christus .... Zoo ging het ook met de Antichris-openbaring..."

Tekste wat al in hierdie verband genoem is, sluit in:

2.4.1. Genesis 3:15

In die moederbelofte klink die woorde deur van die "protevangelium": "En ek sal vyandskap stel tussen jou (die slang) en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt". V. Hepp wys egter die gedagte af, waarvolgens sommige verklaarders meen om in "die saad van die slang" en die "saad van die vrou" ŉ aanduiding te sien van die Antichris in sy stryd teenoor Christus: "Vooreerst is het niet zeker dat onder het zaad der vrouw alleen de Messias moet worden verstaan ... Men mag alzoo by het tweërlei zaad nog niet dadelijk aan tweërlei perzoon denken.

Voorts is naar de schriftuurlijke voorstellingswyse, de persoonlijke macht, welke in den slangengebroed werkt niet een mensch, maar de duivel zelf" (a.w.,p.25). Indien Paulus se woorde in Rom. 16:15 'n sinspeling is op Gen. 3:15, moet aanvaar word dat Hepp gelyk het: "En die God van vrede sal die Satan spoedig onder julle voete verbrysel". Hebr. 2:14 skyn ook in hierdie rigting te wys: ... "sodat Hy (nl. Christus) deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het - dit is die duiwel.. Onder "slang" moet in Gen. 3:15 dus skynbaar gedink word aan die duiwel eerder as die Antichris. (Vgl. Calvÿn, 1900,p.108: "... dat God onder den naam van de slang't allermeest hier satan bedoelt..." So ook J.C. Sikkel, 1906, p.280). Andersyds dui "saad" van die slang op iets of iemand (enkelvoud of meervoud) wat produk is, vrug of voortbrengsel van die slang. In Openb. 12:9 word Satan geïdentifiseer met die slang: "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en satan ...." "Saad" van die slang kan dus nie satan self wees nie, maar iets of iemand wat uit hom voortkom as "kind" of "kinders" van satan en wat antiteties staan teenoor die "saad van die vrou". Neem ons "saad van die vrou" analoog met die uitlegging wat Paulus in Gal. 3:16 gee van die "saad van Abraham", dan dui die vrouesaad wesenlik net die een groot oorwinnaar aan: Christus. Calvÿn (1900, p.109) verstaan "saad" eerstens meervoudig as nakomelingskap, wat deur Paulus egter op Christus toegepas word as oorwinnaar, en as Hoof van sy Volk. J.C. Sikkel (1906, p.280), betrek "saad van die vrou" op Christus; Jes. 7:14; Luk. 1:34, 35 word aangehaal. "Saad van die slang" sou dan ook in die enkelvoud geneem kon word as 'n teëstander van Christus wat deur satan verwek is en geïnspireer word.

Aalders (1960, p.137v) verklaar in hierdie verband: "... in de eigenlijke grote worsteling tussen de slang, of liever tussen de vijandige persoonlijkheid die achter de slang staat en door de slang werkt, en het vrouwenzaad, dat de eindoverwinning behaalt, staat de figuur van de Middelaar volkomen op de voorgrond; zozeer op de voorgrond dat in de bewoordingen waarin de

eindstrijd getekend word kennelijk slechts van één persoon sprake is, die als <u>het</u> vrouwenzaad moet worden aangeduid. De eigenlijke stryd wordt door niemand anders gewonnen en kan door niemand anders gewonnen worden dan door onze Jezus Christus"[23]. Waar die "vrouesaad" dus toegepas word op Christus, kan "slangesaad" goedskiks sy teëstander, die Antichris, aandui: die saad, of die kind van satan, hy wie se paroesie is κατ' ἐνέργειαν τοῦ σατανᾶ (2 Thess. 2:9). Andere (bv. W.H. Gispen, 1974, p.147, wil slangesaad in meer kollektiewe sin verstaan bv. demoniese magte en ook slegte mense).

2.4.2. <u>Genesis 49:17; Deut. 33:22; Jer. 8:16; Openb. 7:5</u>

In hierdie tekste kom die naam van die stam van Dan voor: In Gen. 49:17 noem Jakob hom 'n horingslang wat die perd aan die hakskeen byt sodat die ruiter agteroor val. Reeds in die tyd van die kerkvaders het toe die gedagte ontstaan om dit in verband te bring met Gen. 3:15 en is Dan gesien as die Antichris, of die stam wat die Antichris sal voortbring. In Deut. 33:22 word Dan gesien as 'n leeuwelp uit Basan, en dit is gesien as die teenhanger van die leeu uit die stam van Juda (Gen. 49:9) en geassosieer met die Antichris. Irenaeus weer sien Jer. 8:16 (vgl. Jer. 4:15), waar die volk van Dan se kant af deur vyande bedreig word, as aanduidings dat die Antichris sal kom uit die stam van Dan. Dit sou ook die rede wees waarom Dan se naam ontbreek onder die stamme van Israel (waaruit die 144,000 verseëldes kom, Openb. 7:5 v.v.)

58/...

---

[23] Aalders, G.Ch. 1960. Het boek Genesis (Reeks Korte verklaring der Heilige Schrift). Kampen, Kok, p.137v. W.H. Gispen (1974, p.145-7) sien saad eerstens as "nakomelinge", haal E. König aan (Stil. bls.17: "semen-posteritas"), en betrek saad van die slang in die tweede plek op "een boze macht" (p.145). Schelhaas, Lindeboom en Edelkoort word aangehaal wat in "saad van die vrou" eerstens Christus self sien en tweedens die verlostes.

Nadere oorweging van hierdie tekste toon egter dat dit ŉ ongeregverdigde afleiding sou wees om hieruit Dan te identifiseer met die Antichris (Efraim ontbreek bv. ook in Openb. 7:5 v.v.)[24]

2.4.3. Psalms 2:9, 10; 72:9; 110:6; 89:23,24

In hierdie Psalms word gewag gemaak van die vyande wat hulle stel teen die Messias en wat deur Hom onderwerp word. Een spesifieke vyandelike persoon, of iemand wat hom as hoof van die vyande teen God en sy Gesalfde stel, word egter nie met soveel woorde vermeld nie, (behalwe miskien in Ps. 110:6 - dan egter nie as hoof van die vyande nie, maar as "hoof oor ŉ groot land"). Dat hierdie vyande wel in een of ander verband met die Antichris teenoor die Messias staan, mag nie uitgesluit word nie. Die verband lê dan egter aan die periferie en staan nie in die sentrum van die Antichris-konsep nie. Die "mens van die sonde" is hier nog nie skerp omlyn nie, en word (indien daar sprake van hom is) gesien as deel van die vyande van God in die algemeen.[25]

59/...

---

[24] Nòg G. Ch. Aalders (Genesis, 1963 p.212v; Jeremia, 1953, p.116), nòg J.C. Sikkel (a.w.,p.473) nòg Calvyn (Genesis, 1900,p.455), òf M. Dods (Genesis. s.j. In The expositor's Bible, Vol. 1,p. 116) of C.F. Keil (Jeremia, 1950, p.180), J. Ridderbos (Deuteronomium, 1951, p134), S. Greijdanus (Openbaring, 1955, p.132) of E.P. Groenewald (Openbaring. In Die Bybel met verklarende aantekeninge, 1958, p.761) bied enige steun aan die siening dat ons in hierdie tekste ŉ aanduiding het dat die Antichris sal voortkom uit die stam van Dan.

[25] Vgl. Ridderbos, J. De Psalmen I:1-41, 1955; II:42-106, 1958. Kampen, Kok. (Comm. O.T.); Ridderbos, N.H.1962. De Psalmen I:1-41. Kampen, Kok (Korte verklaring); Noordzij, A.1973. De Psalmen III:61-150. Kampen, Kok. (Korte Verklaring). Grosheide, F.W. De Psalmen, I:1-70, 1952; II:71-150, 1955. Kampen, Kok.

2.4.4. Jesaja 11

In hierdie bekende Messiaanse profesie word agtereenvolgens geteken: die verskyning van die Messias as Dawidseun uit die stam van Isai om sy koninkryk van geregtigheid te bou; dan word die vernietiging van die vyand geteken met die woorde: "maar hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak" (vs.4 b); vervolgens word dan die vrederyk van die Messias in apokaliptiese kleure geskilder; die wolf wat wei by die lam, die luiperd wat lê by die bokkie, die suigeling wat speel by die gat van 'n adder; die nuwe eksodus van die Messiaanse Godsvolk vind plaas; uit alle nasies word hulle bevry en versamel rondom die Messias en ontvang hul erfdeel in die ewige ryk van vrede.

Veral vers 4b is hier vir ons van besondere betekenis omdat hierdie woorde met betrekking tot vernietiging van die vyande van die Messias in die Nuwe Testament toegepas word op die figuur van die Antichris, "hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg."[26] (2 Thess. 2:8, vgl. ook Openb. 19:15, 21, waar die aanhangers van die dier en die valse profeet "gedood is met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit ...")

Dit is nie duidelik of the "goddelose" (Jes. 11:4) wat deur die Messias met die asem van sy lippe gedood word, opgeneem moet word as één of méér vyande nie; dat hier egter een of meer vyandige persone bedoel word, is sonder meer duidelik.

60/...

---

[26] Vgl. Ridderbos, J. 1952. De Profeet Jesaja I:1-39. Kampen, Kok, wat die Antichris in hierdie verband noem, p.101; ook Verhoef, P.A. 1958. Jesaja. In Die Bybel met verklarende aantekeninge, Kaapstad, Prot. Uitgewers. Verder baie outeurs i.v.m. 2 Thess. 2 (bv. Bolkestein, M.H. 1970, p. 208) of i.v.m. die Antichris (bv. Berkouwer, G.C., Wederkomst, p. 49). S.v. hfst. 3.

## 2.4.5. Esegiël 38 en 39

Hier moet 'n belangrike voortskreiding in die Godsopenbaring rakende die Antichris gekonstateer word, waar Esegiël opdrag kry om te profeteer teen "Gog, in die land Magog". Gog is ook die "vors van Ros, Meseg en Tubal", en die magsgebied van hierdie Gode - vyandige eskatologiese figuur, moet volgens Eseg. 38 en 39, Gen. 10:2; 1 Kron. 1:5), gesoek word aan die suidelike kusgebied van die Swartsee.[27] Eseg. 38 teken hom as 'n magtige vors wat aan die hoof van baie nasies (Perse, Kusiete, Puteërs, Gomer en al sy leërs, die huis van Togarma... en al sy leërs - "baie volke saam met jou"), opruk teen die land Israel om die volk van God te verslaan. Hierdie ontsaglike leër van Gog word egter deur die Here Self verpletterend verslaan met die wapen van God: pes, stortreën, haelstene vuur en swawel (38:22) - God self voltrek die strafgerig oor Gog (38:19-23; 29:21).

As ons gaan soek na 'n verklaring en voorlopige vervulling van hierdie profesie, dan is die naaste waaraan gekom kan word die optrede van Antiochus IV Epifanes (175-164 v.C.), die wreedste Jodehater en godsdienstige verdrukker, en sy daaropvolgende nederlaag in die Makkabeërtyd (vgl. Eseg. 38:13 met 1 Makk. 3:41). Vergelyking van Eseg. 38:15 en 39:2 (Gog kom uit die "agterhoeke van die Noorde") met Dan. 11:40 dui skynbaar op die dinastie van die Seleucide.

Hier is egter verskeie trekke in die profesie oor Gog wat uitgaan bo enige "weitgeschichtliche" verklaring en dui op 'n toekomstige, eskatologiese vervulling:[28]



---

27) Gog en Magog. Gog se magsgebied: Christelijke Encyclopedie 3 1958 Artikel van Aalders, J.G.- p.276 e.v.

28) Aalders, G. Ch., 1957. Ezechiël, II:25-48. Kampen, Kok, p.246-8 (Comm. O.T.) betrek die profesie oor Gog op Antiochus Epifanes, die aanslag van die Seleucidiese ryk en die oorwinning van die Makkabeërs o.a. by Bet-Horon, Emmaüs, Bet-Sur en Kapharsalama. (Diè gebeurtenisse wat so nou verbonde is aan die Antichris-tradisie dus). Hy gee J.G. Aalders ook toe dat hierdie profesie betrekking het "op de apokalyptische gebeurtenissen aan het einde der wêreld" (p.247).

1. Die apokaliptiese terme waarmee God se aanval op, en sy oorwinning oor Gog, geteken word (38:20-22) is ŉ bewys hoorvoor.
2. In Openb. 20:8,9 word die stryd van die Antichris teen God geteken in terme van Eseg. 38 en 39: Die magte van "Gog en Magog" die versamelde nasies van die aarde, ruk op en "omsingel die laer van die heiliges en die geliefde stad" om dit te vernietig;
3. Dit is, sowel in Eseg. 38 as in Openb. 20 (vs. 9) God self wat die magte van Gog vernietig met vuur wat uit die hemel neerdaal.
4. Die voëls en die wilde diere wat opgeroep word in Eseg. 39:17-20 tot ŉ feesmaaltyd van die "vlees van helde, en die bloed van vorste (18) ... en van perde en ruiters..." word aangehaal in Openb. 19:17-19, 21b, wanneer die dier en sy volgelinge, die konings van die aarde met hulle leërs verslaan word deur "Hom wat op die perd sit". (vs. 21)
5. Dat hierdie profesie in sy volledige vervulling eskatologies bedoel is, blyk uit Eseg. 38:8: "Na baie dae sal jy bevel ontvang; aan die einde van die jare sal jy ŉ land intrek...", en nog duideliker in vers 16: "... en jy sal optrek teen my volk Israel soos ŉ wolk om die land te oordek. Aan die einde van die dae sal dit wees..."
6. ŉ Baie sterk aanduiding vir V. Hepp (a.w., p.31v.) dat ons hier in Gog ŉ profesie van die Antichris-figuur moet sien, lê opgesluit in Eseg. 38:4: "En Ek sal jou weglok en hake in jou kakebene sit en jou laat uittrek..." Hiervan verklaar Hepp: "Eerst wordt de intooming, toerusting en roeping van Gog beschreven (38: 1-9). Gog is een wild beest gelijk, welks natuur het is op roof uit te gaan, en alles te verslinden wat hom lust. Maar .... God zal haken in zijn kinnebakken leggen (vs.3) ... Hy wordt, van zijn moordzuchtige voornemens teruggehouden. Wordt hetzelfde niet, maar dan van beeldspraak ontdaan, door Paulus meegedeeld? Verzekerd hij den Thessalonicensen niet: en wat hem nl. den Antichrist wederhoudt, weet gij, opdat hij geopenbaard worde te zijner tijd? En: eerst moet de wederhouder uit het midden worden weggenomen (2 Thess. 2:6, 7,)?...

Met de wederhouding gaat egter gepaard het toerusting van Gog ....",[29] waarop hy dan die parallel aanwys met 2 Thess. 2, hoedat die verborgenheid van die ongeregtigheid reeds aan die werk is ter voorbereiding en toerusting van die komende optrede van die Antichris.

2.4.6. Die Profesieë van Daniël

Die boek Daniël moet beskou word as die fundamentele bron wat ten grondslag lê aan die Nuwe Testamentiese Antichris-gedagte. In Matt. 24:15 par. Mark. 13:14 word die profesieë van Daniël by name genoem in verband met "die gruwel van die verwoesting" (vgl. Dan. 9:17; 11:31; 12:11). Dit is egter veral Openbaring, die Nuwe Testamentiese apokalips, wat baie sterk teruggaan op Daniël, die Ou Testamentiese apokalips. ŉ Volledige analise van die talle ooreenkomste sou egter te ver wegvoer van ons eintlike doel (die Antichris in 2 Thess. 2), en daar word volstaan deur die volgende te noem waaruit dit blyk dat Paulus vir sy Antichris-skildering hoofsaaklik put uit Daniël:

1. "Die mens van die wetteloosheid", 2:3 - vgl. Dan 7:25; 8:24, 25;
2. "die seun van die verderf", 2:3, 8 - vgl. Dan. 7:11, 26; 8:25; 9:27; 11:45;
3. "die teëstander", 2:4 - vgl. Dan. 7:25; 8:24, 25;
4. "hy wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is," 2:4 - vgl. Dan. 7:8, 20, 25; 8:9-12; "sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is", 2:4 - vgl. Dan. 8:9-13; 23-25; 11:31, 36, 37.

Dat Antiochus Epifanes miskien die "grondvorm" gelewer het vir Daniël se Antichris-skildering doen niks af van die feit dat Daniël hierdie groot teëstander van God en sy volk gesien het as ŉ figuur wat "aan die einde van die dae" sal verskyn nie - "Aan Daniël wordt de Antichrist getoont als een vergroote, verbreede, tot een kolos uitgegroeide Antiochus. Vandaar dat

63/...

---

29) Hepp. V: a.w.,p.31.v. Ook Noordtzij, A. 1957. Ezechiël, II: 25-32, Kampen, Kok, p.139 sien in Gog die "representant en aanvoerder van de volkencoalitie, die in de eindtijd wordt verwacht. Zo wordt deze als het ware de O.T.-ische Antichrist, de laatste tegenstander, die overwonnen moeten worden

veel in Antiochus werd vervuld, maar veel ook niet. Op die Wijze vindt alles in deze profetie zijn natuurlijke verklaring"[30]. Die groot tema: herhaling en verhewiging van die geskiedenis (Berkhof, p. 104) tree hier duidelik aan die lig: "Antiochus Epifanes verheft zich weder (2 Thess. 2:4, vgl. Dan. 11:36)"

Daniël se profetiese skildering wat so ᵑ groot voorwaartse stap verteenwoordig in die Godsopenbaring van die Antichris, vorm die basis van die Nuwe Testamentiese openbaring in verband met hierdie grimmige figuur van die eindtyd. Op hierdie fondamente word dan verder voortgebou, uitgebrei en gepresiseer deur Christus en die apostels, met name Johannes, en Paulus in 2 Thess. 2.

## 2.5. Gevolgtrekkings

Om die oorsprong van die Bybelse Antichris-gedagte terug te voer na die oer-Babiloniese mite van Marduk en die chaosmonster, soos deur die godsdienshistoriese skool voorgestaan, moet afgewys word om twee redes: op suiwer historiese grond omdat dit ᵑ onbewese hipotese is waaruit alle getuienis ontbreek en as sodanig dus ᵑ hoogs-onwetenskaplike verklaring bied vir die ontstaan van die Antichris-konsep. Verder moet dit op Bybelse grond verwerp word: die Antichris-gedagte het sy oorsprong in die Godsopenbaring, nie in heidense mites nie. Dit raak die Skrifinspirasie.

2. Dieselfde geld ook vir die ander hipoteses wat die oorsprong van die Antichris-tradisie buite die Skrif soek: sowel die Joods-gnostiese hipotese van Friedländer as die Nero redivivus-teorie. Eweneens word die Beliar-hipotese hiermee afgewys.

64/...

30) Hepp: a.w.,p.43. Talle outeurs vind in die profesieë van Daniël terselfdertyd ᵑ verwysing na Antiochus Epifanes en ᵑ skildering van die Antichris, soos verder blyk uit die ondersoek. Ook bekende figure op die vakgebied van die Ou Testament, bv. G. Ch. Aalders, 1951. Het boek Daniël. Kampen, Kok. 282p.; vgl. sy Daniël, 1962, Kampen, Kok. (Comm. O.T.), Eichrodt (Theology, p.471), e.a.

3. Die gedagte dat daar in die antieke wêreld "a fixed body of eschatological lore" sou bestaan het, "in which, among other ingredients, also the figure of a personal supreme wicked power held its place", wat deur Vos genoem (en teengestaan word, a.w.,p. 109), kan nie bewys word nie. Om die herkoms van die Antichris-gedagte dus hieruit te verklaar, berus op gissings. In verband met die postulering van so 'n buite-Bybelse, antieke tradisiebron sê Vos: "In that field the stream of folklore derived from ancient sources flows but scantily or even trickles down to nothing" (Ibid.).

4. 'n Vergelyking van Skrif met Skrif toon op 'n onontkenbare, oorweldigende wyse dat die Nuwe Testamentiese Antichris-begrip organies gegroei het vanuit die Ou Testamentiese Godsopenbaring; dat, net soos die begrip "koninkryk van God", so ook die Antichris-konsep 'n groeiproses deurgemaak het; dat die wortels teruggaan na die Ou Testament en dat die openbaringshistoriese lyn steeds duideliker deurloop van Genesis tot Openbaring; en soos die koninkryk van God in Genesis begin, en in Openbaring sy hoogtepunt en volle realisering vind, so begin die Antichriskonsep ook reeds in die "boek van die geboorte" om eweneens in Openbaring sy hoogtepunt (en finale eindpunt) te bereik, wanneer hierdie groot teëstander van God sal verskyn om daarna onherroepelik te versink in ewige vergetelheid.

## HOOFSTUK 3
## DIE WESE VAN DIE ANTICHRIS

### 3.1. Karakterisering volgens 2 Thess. 2

Die figuur waaroor Paulus hier skryf, en wie se "paroesie" die "Paroesie" van Christus voorafgaan (2:1,3,9), word deur hom aangedui as ἄνθρωπος mens. Maar hierdie ἄνθρωπος word nou nader gekwalifiseer met τῆς ἀνομίας : van die wetteloosheid. Hier staan ons egter voor ɱ tekskritiese probleem aangesien die meeste handskrifte ἁμαρτίας het in plaas van ἀνομίας. Aangesien enkele, gewoonlik betroubare handskrifte egter ἀνομίας het, ɱ standpunt wat ondersteun word deur Marcion, word hierdie lesing aanvaar.[1] Die verskil in betekenis raak nie die wese van die saak nie.

Normaalweg moet ὁ ἄνθρωπος as ɱ bepaalde menslike persoon beskou word en τῆς ἀνομίας as genetivus epexegeticus (beter nog: qualitatis), wat hom nou nader aandui, en wel as een in wie die ἀνομία verteenwoordig en verpersoonlik en beliggaam is; meer nog: die wetteloosheid van die mensdom bereik in hom ɱ klimaks en breekpunt sodat hy die vleesgeworde anargie word (vgl. Auberlen en Riggenbach, p.127), en René Pache hom kan tipeer as "der Totalausdruck der Sünde der abgefallenen Menschheit" (p.139), terwyl Bolkestein (p.195) daarop wys: "De uitdrukking is typisch joods...De mens...in wie de wetteloosheid gestalte heeft gekregen en is geïncarneerd". Die wetteloosheid regeer in hom in plaas van die wet van God. As sodanig verteenwoordig hy die opstand teen God, en vertoon daarin die direkte teëbeeld van Christus wat in alles die wil van sy Vader

66/...

---

[1] Die getuienis van die tweede-eeuse ketter Marcion is veelseggend hier. Self ɱ antinomiaan, sou hy sekerlik gekies het vir die lesing ἁμαρτίας , indien die lesing ἀνομίας enigsins twyfelagtig was. Dat die term ἁμαρτίας later in die Christelike kerk ἀνομίας kon vervang toe die Jodedom nie meer ɱ beslissende faktor was nie, is ɱ moontlike verklaring. Vgl. Whiteley, a.w.,p.99.
Vgl. ook Bruce M. Metzger: A Textual Commentary on the Greek New Testament U.B.S. London, New York 1971, p.635; Vgl. ook A. Roosen, a.w.,p.44. J.E. Frame, a.w.,p.253.

betrag het en wie se "voedsel" dit was om die wil van sy Vader te doen (Joh. 4:34). Daarom kan die "mens van wetteloosheid" hierin gekarakteriseer word as "anti"- (d.w.s. teenoorgesteld aan) Christus. Hoewel nie self "Belial" nie, blyk sy verwantskap met Belial (= sonder juk, wetteloos) hieruit. Vgl. Ps. 18:5; 2 Sam. 22:5; Ps. 89:23; Deut. 13:13. Miskien is die benaming by Best (p.283) die mees karakteristieke aanduiding: "the man of rebellion," "the Rebel (vs.8)," "the rebellious one".

Hierdie persoon moet "geopenbaar word" voor die paroesie van Christus, ἀποκαλυφθῇ, aor.pass., en vir Paulus se lesers dien dit tot troos: God staan steeds aan die stuur en hierdie wettelose figuur het nie vrye spel nie; hy word geopenbaar en moet aan God se leiband loop soos God alles bestuur.

Die feit dat hy "geopenbaar word", dui egter ook nog iets anders aan (vgl. ook verse 6 en 8): dat hy optree as nabootser van Christus. Die Antichris is Satan se parodie op die vleeswording van Christus. Soos Christus as Seun van die mens geopenbaar sal word in heerlikheid met sy wederkoms (Luk. 17:30), soos die geregtigheid van God "geopenbaar is vir elkeen wat glo" (Rom. 3:21, 22), en God die heerlikheid aan ons geopenbaar het (1 Kor. 2:9, 10; Rom. 16:26) - so het die sataniese en die bose ook sy openbaring: die mens van die wetteloosheid.

Maar ἀποκαλυφθῇ dui nog iets aan: "the verb implies his prior existence on earth, for he will doubtless have been living many years before his manifestation as the man of sin" (Hiebert, p.307).

Die "mens" waaroor dit hier gaan, word vervolgens aangedui as ὁ υἱὸς τῆς ἀπωλείας : "die seun van die verderf" (2:3). Dis dieselfde woord ἀπωλεία , verderf wat Jesus in Joh. 17:12 gebruik van Judas: "..nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe ὁ υἱὸς τῆς ἀπωλείας . Dit teken Judas in sy onherroepelike verlorenheid. So teken "seun van die verderf" die Antichris ook in die gewisse verderf wat op hom wag (vgl. Best, p.284 "his ultimate fate, 'the doomed one,' " cf. Rom. 9:22), maar ook in sy eintlike oorsprong en in sy diepste

wesenskenmerk: Hy is seun van die verderf, dit is sy plek van herkoms, die afgrond van Satan. En dit is ook sy eindbestemming. Hy voer ander na die verderf en eindig self ook daar, vgl. Openb. 17:8. (Die afleiding wat sommiges wil maak om, nl. uit "mens", vers 3, en "seun", vers 4, af te lei dat die Antichris dus ŉ menslike, manlike persoon sal wees, is nie geregverdig nie; ons het hier ŉ tipies-Semietiese spreekwyse wat ŉ totaal ander bedoeling het, nl. dat hierdie figuur volkome beheers word deur, en oorgegee is aan die wetteloosheid en die verderf.) Vgl. Oepke, p.153. Ook A.L. Moore, p.101: "...a further description of Antichrist which points to his destiny...a Semitism... 'he who is destined to be destroyed'. It is the lot of the enemies of Christ...")

Die verband met vers 9 lig hierdie aspek nog verder toe: "Hy wie se koms is volgens die werking van Satan - οὗ ἐστιν ἡ παρουσία κατ' ἐνέργειαν τοῦ σατανᾶ. Soos Christus het die Antichris dus ook ŉ paroesie. Παρουσία, van παρα+εἰμι, beteken letterlik: om te wees langs, of by; dus: teenwoordig wees (vgl. Luk. 13:1; Matt. 26:50; Joh. 7:6; 11:28, ens.) In die Nuwe Testament is parousia egter terminus technicus vir Christus se wederkoms (vgl. Matt. 24:3, 27, 37, 39; 1 Thess. 2:19; 3:13; 4:15; 5:23; 2 Thess. 2:1,8; Jak. 5:7,8; 2 Petr. 1:16; 3:4,12 ens.) Met παρουσία word dus ŉ koms in heerlikheid aangedui, ŉ koms met koninklike waardigheid en majesteit.[2] So is Christus se verskyning: by sy vleeswording en by sy wederkoms

68/...

2) Parousia: In die kontemporêre Hellenistiese Grieks is dit die tegniese term om die koms van ŉ regeerder, koning, goewerneur of ander hoogwaardigheidsbekleër aan te dui. Groot voorbereidings is dan gemaak vir die ontvangs: dikwels is daar spesiale munte geslaan ter ere van die hoë besoeker, soos toe Nero ŉ besoek aan Korinthe gebring het. Soms is ŉ nuwe tydrekening begin, met die besoek van die koning of keiser as begin van die nuwe jaartelling. Die keiserlike besoek wàs gesien as die besoek van ŉ godeseun en dus as ŉ parousia. Vgl. verder Barclay, W: New Testament Words$^{2}$, London, 1971, p.222 vv.

gaan dit gepaard met 'n manifestasie van goddelike heerlikheid; by die Antichris se parousie is dit die direk teenoorgestelde: die "heerlikheid" van Satan, sy monsteragtige, verderflike kragswerkinge, sy hellemajesteit word dan geopenbaar. Die teëbeeld en karikatuur van Christus se heerlikheidsverskyning vind dan plaas. Ook hierin is die "mens van die sonde" dus die anti-Christus, Satan se namaakbeeld en 'n parodie op Jesus Christus. (Dat die Antichris nie met Satan self geïdentifiseer moet word nie: vgl. Moore, p.101).

Maar sy parousia is nie net volgens die kragswerkinge van Satan nie - dit gaan ook gepaard "met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen": δύναμις, σημεῖα, τέρατα. Dit was ook die kenmerk van Christus se optrede op aarde as begeleidende tekens van sy Evangelie-verkondiging, vgl. Mark. 16:20; Rom. 15:19; 2 Kor. 12:12; Hand 2:22, ens. Jesus wys die tekens en wonders wat Hy doen juis aan as bewys dat die koninkryk van die hemele gekom het (Matt. 11:4-6).

Die Antichris maak ook gebruik van dieselfde verskynsels - kragtige dade, tekens en wonders vergesel sy optrede (vgl. Openb. 13:13, 14) as die tekens van die koms van sy onheilige ryk; in sy geval word dit egter voortgebring deur die leuen en deur hom wat die vader en outeur van die leuen is, Joh. 8:44. Die doel van die tekens wat die Antichris se paroesie begelei, is ook die direk teenoorgestelde van Christus se koms: Christus het tekens en wonders gedoen om te red; die Antichris om te mislei en te verderf.

Deur die wonders en tekens van die leuen (ψεύδους, genetivus qualitatis) waarmee Satan hom toerus, sal die Antichris trag om sy aanspraak dat hy God is (vers 4) te bevestig. En hierdie bonatuurlike kragte waarmee hy optree lewer dan ook resultate - hy slaag daarin om die mense te verlei, "almal wat verlore gaan": vs. 10. Maar ook hierin het hy nie onbeperkte mag nie. Net die wat die "liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie" sal sy slagoffers word. Oor die gelowiges wat die Evangelie van verlossing in Christus aangeneem het, het Satan

en sy trawante geen mag nie. Hierin lê ŉ groot troos vir die gelowiges in Thessalonika en elders.

2 Thess 2:4 karakteriseer die Antichris kernagtig in sy diepste wese: Hy is ὁ ἀντικείμενος, die teëstander. Die lidwoord dui aan ŉ bepaalde, spesifieke teëstander van God - die een waaroor Paulus die Thessalonicense reeds voorheen ingelig het (vs. 6), die wettelose wat <u>die</u> teëstander is van God, die grootste en vyandigste van almal, die hoof-teëstander van God. Ἀντικεῖμαι, ἀντικείμενος word dikwels van Satan gebruik, en hoewel Satan self nie in hierdie vers met die term aangedui word nie, sinspeel dit op die noue assosiasie, die band wat die ἄνομος met Satan verbind. Die participium-vorm van ἀντί-κειμαι dui aan dat dit die teëstander se voortdurende houding is; dis nie ŉ eenmalige of verbygaande fase nie, maar ŉ voortdurende, onafgebroke handeling om hom voortdurend en sonder ophou teen God te stel. Maar hy gaan verder: In brutale selfverheffing gaan hy voort om hom selfs bo God te stel, hom te verhef "bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is", ἐπὶ πάντα λεγόμενον θεὸν ἢ σέβασμα.

Dit toon die posisie waarin die "wettelose" homself plaas: bo God, en bo alle religie. Hy is die geswore vyand van alle godsdiens, die hater en uitroeier van elke vorm van religieuse uiting en van geloof in die transendente.[3]

Dit bring ons by die kern van die Bybelse Antichris-gedagte. Die trekke van die groot teëstander wat in die Ou Testamentiese profesieë genoem word en in die vyande van God en sy Gesalfde afgeskadu word (bv. Ps. 2, vgl. Hand. 4:25-27), tree hier nou na vore. Die wortels van die Bybelse Antichris-konsep wat ons vind in die Daniëlprofesieë, Jes. 14:13 v., Eseg. 38 en 39, word hier blootgelê, en die konsep kry duidelike omlyning in



[3] Auberlen en Riggenbach, p.126: "He will thus no longer act as the old kings, Pharao, Sennacherib acted, who indeed blasphemed the God of Israel, but still worshipped their heathen gods." Nie God nie, nie ŉ afgod nie, maar geen God nie. Die volslae ateïs; en tog ook nie - hy is self God! Vgl. Jes. 14:13 vv. en Eseg. 28:2: Gods oordeelsaankondiging oor die konings van Babel en Tirus wat hulself gelykstel met God.

die eskatologiese figuur wat hom stel teen God en bo God. Deur ἀντικείμενος te wees van God en van Christus, toon hierdie figuur dat hy onmiskenbaar die Ἀντίχριστος is.

Rebellie teen God, om God se troon te bemagtig en in God se plek te regeer, tipeer hierdie "wettelose" wat net een God erken: hyself. Dit is sy kenmerkende religieuse (liewer: irreligieuse) eienskap. Maar hy is <u>anti</u>, nie net in die sin van <u>teen</u> nie, maar ook in die sin van <u>in die plek van</u>. In God se plek eis hy self goddelike verering op. Die oersonde van Genesis 3, om soos God te wil wees, bereik hier sy grootste konsentrasie en kulminasie: "There (sc. Gen. 3) the desire came up ... to wish to be their own God; what began there will here be fully ripened" (Auberlen, p.127).

Hy gaan so ver dat hy "in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is," ἀποδεικνύντα ἑαυτὸν ὅτι ἐστὶν θεός. Dis die kenmerkende Antichris-eienskap: Soos Christus goddelike eer en aanbidding ontvang (Matt. 2:11; 28:9; Luk. 24:52; Joh. 20:28; Fil. 2:10-11) so eis hy dit vir hom self ook op, soos wat hy sy parousia en sy epifaneia het, "geopenbaar word", sy "evangelie" (die leuen, 2:9) het in nabootsing van Christus en ook tekens en wonders doen, so maak hy ook aanspraak op die goddelike natuur. "Jesus ist Gott, der Mensch wird; der Antichrist der Mensch der sich zum Gott macht"[4]. Teenoor Jesus, Seun van God, tree die Antichris na vore as seun van die verderf, gestuurde van Satan, en tog gee hy voor hy is, en maak aanspraak op die plek van God.

'n Voorafskaduwing van die Antichris se aanspraak dat hy God is, is deur sommiges gesien in die optredes van die pous van Rome (vgl. JFB, p. 1344), byvoorbeeld Clementius VI wat die engele beveel het om sekere siele in die Paradys toe te laat sonder dat hulle deur die vagevuur gegaan het. En dan ook is die selfverheffing van die Romeinse keiser tot God 'n besliste

71/...

[4] Pache, dr. René: Die Wiederkunft Jesu Christi[8], Wuppertal, 1974 (uit die oorspronklike Frans vertaal deur E.Wieter-Eoll). Sprekend is die twaalftal vergelykings en teëstellings tussen Christus en die Antichris langs mekaar gerangskik, p. 135-137.

voorloper van die Antichris se optrede[5].

Dat hierdie die sentrale element is van die Bybelse Antichris-tradisie, blyk duidelik as die onderskeie Skrifgedeeltes vergelyk word. Paulus beskryf dit met die woorde "sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is"; Jesus noem dit τὸ βδέλυγμα τῆς ἐρημώσεως ἑστηκότα ὅπου οὐ δεῖ: "die gruwel van die verwoesting wat staan waar hy (manlik) nie hoort nie, Mark. 13:14, of "waar dit (neutrum) in die heiligdom staan", Matt. 24:15; Daniël spreek van hom wat "die heiligdom, die vesting (sal) ontheilig, en hulle sal die voortdurende offer afskaf en die ontsettende gruwel opstel" . (Dan. 11:31; 12:11, vgl. 9:27), terwyl Johannes hom in Openb. 13 teken as 'n figuur wat die "Naam van God, en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, laster ... En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid..." (Vs. 6, 8, 15).

Eksegete wys in hierdie verband op die poging van keiser Gaius Caligula in 40 n.C. om 'n beeld van homself in die tempel te Jerusalem te plaas, en dat hierdie gebeurtenis 'n rol gespeel het in Paulus se skildering van die Antichris. Soverre as wat Caligula hierin 'n wesenstrek van die eskatologiese Antichris vertoon, kon Paulus wel moontlik hiervan gebruik gemaak het. Dat Paulus egter die konsep as sodanig nie aan hierdie gebeurtenis ontleen het nie, blyk uit die parallelle met die ouer stof wat teruggaan tot voor Caligula se optrede: die woorde van Daniël, en die van Jesus met betrekking tot die "gruwel van die verwoesting". Bolkestein (p.196) wys verder daarop: "Schending van de tempel van God wordt ook verweten aan Antiochus Epiphanes ... Het is een vaste trek in het beeld van de eindtyd, dat de tempel wordt ontheiligt"(Matt. 24:15).

Dat die Antichris van die eindtyd 'n religieuse anti-figuur sal wees, blyk duidelik hieruit: teen God, en in die plek van God, maak hy homself tot God en eis hy goddelike eer en aanbidding op. En hy ontvang dit ook van die mensdom (Openb. 13:8). Maar hoe moet ons dit voorstel?



---

5) "The Greek is Sebasma; and Sebastus is the Greek for Augustus, who was worshipped as the secular ruler and divine vicegerent" (JFB p. 1344).

Deur slegs te dink aan die Romeinse keiserverering, of, uit ons eie tyd, die voorbeeld van Hitler en die Nasionaal-Sosialisme[6], kan ons tog ŉ voorstelling maak. In ŉ gesekulariseerde Weste wat godsdienstig en sedelik verval het, is so iets miskien denkbaar, maar wat van die Oosterse volkere wat so fanaties aan hulle geloof vaskleef, byvoorbeeld die Moslems? Is dit nie ondenkbaar dat hulle die "mens van die sonde" as God sal aanbid nie? Die antwoord is nie moeilik nie, in die lig van die feit dat die meeste godsdienste in hul eindverwagting rekening hou met ŉ groot wêreldredder wat moet kom. Die Antichris sal hom met hierdie eskatologiese Messias-figuur identifiseer en die gepaste verering ontvang.[7]

Ναὸς τοῦ Θεοῦ, tempel van God, waar die "wettelose mens" sal sit, lewer probleme op vir die presiese verklaring daarvan. ŉ Paar moontlikhede is: die fisiese tempel in Jerusalem, of ŉ kerkgebou in die algemeen; die gemeente; die hemel as woonplek van God; of dat dit ŉ apokaliptiese spreekwyse

73/...

---

6) "...unbestreitbar verstand es ein Diktator wie Hitler...einen mystisch-religiösen Nimbus um seine Person zu weben ... Der Mythos des zwanzigsten Jahrhunderds' verkörpert sich in der Person des 'Führers ... der, Führer' ist nicht lediglich ein zeitlicher Kaiser, er ist ein Messias, der Prophet des Tausendjährigen Reichs. Er ist Gott und Cäsar zugleich ..."(Pache.a.w. p.152.)

7) Pache (a.w.,p. 148) vermeld dat die Moslems ŉ "verborge Mahdi" verwag wat in die eindtyd as ŉ Messias na vore sal kom wat geregtigheid op aarde sal vestig, die ongelowiges sal onderwerp en Islam sal laat triomfeer. As "die mens van die wetteloosheid" hom self identifiseer met hierdie figuur, kan hy op die verering van miljoene reken. Volgens ŉ ander tradisie verwag die Moslems in die eindtyd ŉ eenoog-mens met die letters KFR (= ongelowige) op sy voorhoof. As anti-figuur verwoes hy Mekka en Medina, maar word deur Jesus se koms vernietig, wat dan binne 42 maande alle Christene tot die Islam bekeer.

is om aan te dui: in die plek van God Self.[8)]

74/...

---

8) Ναὸς τοῦ Θεοῦ as die tempel in Jerusalem, waarin Caligula in 40 n.C. ŉ reusebeeld van homself wou laat oprig: as gevolg van die Jode se teenstand, en Caligula se onverwagte dood, het sy voorneme nooit gerealiseer nie. Dit tel teen hierdie beskouing. Verder ook nog dat die Antichris nie sy beeld nie, maar homself in die tempel sal plaas in eie persoon en voorgee dat hy God is; en hy sal daarin slaag ook - ŉ paar groot verskille met die Caligula-poging. Hierdie "zeitgeschichtliche" verklaring kan dus nie die oplossing bied nie.

Die gemeente as tempel (1 Kor. 3:16 vv. 2 Kor. 6:16, ens.). Beswaar hierteen is: As die gemeente die setel van die Antichris word, kan dit nie meer aangedui word as "tempel van God" nie.

Die hemel as woonplek van God. Dit kan ook nie - die Antichris slaag immers in sy voorneme. Frame (p.256v) wys daarop dat as met tempel die woonplek van God bedoel sou wees, ons hier naklanke het van die Oerdraak-mite van die chaosmonster wat die hemel bestorm.

Irenaeus (Adversus Haereses, 30.4.) het verklaar dat die Antichris 3½ jaar sal regeer en sal sit in die tempel van Jerusalem. Pache (a.w.,p.154) neem "tempel" ook in letterlike sin op: "Man fragt sich ob er nicht wieder den Tempel aufbaut und den Gottesdienst einführt...Dann vielleicht wird der Antichrist so weit gehen das er "sich setzt in den Tempel Gottes (von den Jüden wiederaufgebaut"..." Vgl. ook Oepke, p.153 - ŉ "Wiederaufbau des Tempels für den Antichrist."

Th. Delleman (1962, p.22) staan ook ŉ letterlike opvatting voor: "Wij doen verstandig ook te denken aan de tempel die destijds in Jeruzalem stond. Hoe zal ooit concreter en plastischer over heiligschennis kunnen worden gesproken dan zoals Jezus het deed in Matt. 24 en Paulus in 2 Thess. 2:4?" Die Kerkvaders Irenaeus Hippolytus en Cyrillus staan ŉ letterlike opvatting voor terwyl Theodorus van Mopsuestia, Chrysostomus, Theodoretus e.a. dit metafories wil verstaan as aanduiding van die Kerk. Vgl. Frame p.257.

JFB,p.1344 verklaar: "the apostle would never designate the apostate anti-Christian Church 'the temple of God.' It is likely that, as Messiah was revealed among the Jews at Jerusalem, so Antimessiah shall appear among them when restored to their own land, and after they have rebuilt their temple at Jerusalem."

F.F. Bruce (Commentary, p. 1060) hoor hierin slegs ŉ eggo van Antiochus Epifanes se tempelontheiliging, en ook die poging van Caligula, sonder om "tempel" te verklaar.

Edmond Hiebert (a.w.,p. 308): "The whole picture seems naturally to suggest an eschatological Jewish temple" soos Irenaeus en die vroeë kerkvaders dit gesien het.

Van Lingen weer, verstaan onder "tempel" in metaforiese sin ŉ "geestelijke tempel des Heeren, Zijne gemeente" (Verklaring by die State-vertaling, p.679).

Waarskynlik is die beste verklaring van "tempel van God" om dit te sien as aanduiding van God se kerk waaroor die Antichris hom aanmatig, die regeermag oor die kerk onwettig in besit neem, en teen die kerk se sin hom tog aan homself onderwerp en gesag daaroor voer. "Juist daar, waar Hij woont en werkt, nestelt zich de mens der wetteloosheid. Hij zoekt zijn werkterrein niet buiten, maar binnen de christelijke gemeente" (Bolkestein, p.197). Politieke gesag sal dus nie genoeg vir die Antichris wees nie. Teenoor Christus wat Homself verneder en ŉ diensknegestalte aangeneem het, sal die Antichris homself wederregtelik goddelike eer en aanbidding toeëien.

75/...

---

8) (vervolg) Whiteley (a.w.,p. 100) meen die verwysing na die tempel is gemodelleer op die gebeurtenisse rondom Antiochus en Caligula, maar dat ons hier ŉ verhewiging daarvan kry: "Israel had known many oppressors and many human saviours: now the people of God were to be faced with a worse oppressor than ever before, an oppressor who was the 'incarnation' of Satan.."

Auberlen en Riggenbach (a.w.,p. 128) verstaan "tempel" nie so letterlik as tempel in Jerusalem nie, en ook nie so figuurlik soos Chrysostomus e.a. as "tempel van die Christendom" of kerk oor die wêreld nie, maar sien Paulus as profeet wat skilder met die kleure van sy eie tyd. "Paul depicts an act which, as a symbol of permanent spiritual significance, is defined to no locality, and means to say: He places himself in God's room and forces himself on mankind as a Divine ruler". Hierdie siening word egter bemoeilik deur die feit dat die lidwoord laat dink aan ŉ bepaalde tempel: nl. die van Jerusalem, vgl. Best, (a.w.,p. 286.)

Waar ἱερόν gewoonlik aanduiding is van ŉ tempelkompleks (dus saam met die voorhowe en verskillende vertrekke, daar dui ναός die heiligdom self aan, die "allerheilige", daar waar in ŉ heidense tempel, die beeld van die godheid sou staan. In 2 Thess 2. sal ons ναός metafories moet verstaan as die volk van God. Die Antichris sal homself verhef oor, en meester maak oor God se kerk, hy sal die gesag oor die kerk usurpeer en gaan "staan waar hy nie hoort nie", Mark. 13:14, en homself ook tot God verklaar. Die ware kerk sal egter weier om hom as sodanig te erken, waarop die groot verdrukking sal volg, (Matt. 24:16 vv, vgl. Openb. 13:7, 8), asook die groot boikot van die gelowiges, Openb. 13:16, 17. Vgl. ook Hendriksen, (a.w.,p. 178.)

Wanneer die regte tydstip aangebreek het (καιρος , die geleë oomblik, deur God bepaal), "sal die wettelose geopenbaar word": ἀποκαλυφθήσεται ὁ ἄνομος. Dis opvallend dat Paulus die koms van die Antichris elke keer teken met die passiewe vorm van die werkwoord ἀποκαλύπτειν. Die Antichris "word geopenbaar", vs. 3, 6, 8. ἀποκαλύπτω , letterlik: die bedekking wegneem, ont-dek, onthul, word in die Skrif in die reël gebruik vir iets of iemand wat uitgaan bo die sfeer van die natuurlike, menslike, aardse. Waar Paulus hierdie woord saam met παρουσία gebruik van hierdie figuur, daar toon dit iets besonders van hierdie "wettelose", sodat Leon Morris (a.w.,p. 229) kan verklaar: "This is no ordinary being making an appearance in the normal course of events. He has supernatural associations."

Die feit dat hy genoem word ὁ ἄνομος karakteriseer sy wese as die beliggaming van die hoogste wetteloosheid, wat nie verstaan moet word as "sonder enig wet" nie, maar as teen God se wet; hy ruk hom los van God se wet (Ps. 2:2), om te leef volgens sy eie wet[9]. Dit sluit aan by Daniël 7:25 (hy "sal probeer om tye en wet te verander"), en ook by Christus se woorde dat sy paroesie en die voleinding voorafgegaan sal word deur die vermeerdering van die "wetteloosheid", ἡ ανομία (Matt. 24:12).

Die "wettelose" sal oorwin word deur ὁ κύριος Ἰησοῦς, en wel op 'n spesifieke wyse. In hierdie benaming van Christus lê 'n besondere betekenis opgesluit: As Ἰησοῦς (die gehoorsame tot die dood) en daarom as κύριος (verheerlik en beklee met alle mag en heerlikheid), sal Christus by die hoogtepunt en keerpunt van die geskiedenis verskyn om deur sy παρουσία die teëstander te vernietig.

76/...

---

9) "The lawless one, the personal embodiment and head of open lawlessness, is clearly to be identified with the man of sin in verse 3. The term indicates his connection with "the mystery of lawlessness", verse 7, which he will bring to its full expression. The designation does not mean that he will be without any law but rather that he will set himself in rebellion against God's law." - Hiebert, (a.w.,p. 314.)

Die mag van Christus en die wyse waarop Hy "die wettelose" oorwin, word in karakteristieke apokaliptiese terminologie weergegee - terme wat in die Skrif die oorwinning van God en die Messias oor die vyande beskryf, vgl. Jes. 11:4; Job. 4:9. Christus vernietig die Antichris τῷ πνεύματι τοῦ στόματος αὐτοῦ: "met die asem van sy mond"[10]. Vgl. ook Joh. 5:27; Openb. 1:16; 2:16; Openb. 19:15. Ἐπιφανεία τῆς παρουσίας moet nie as pleonasme gesien word nie: beide epifaneia en parousia het ŉ tipies-eskatologiese konnotasie wat nadruk lê op Christus se verskyning in heerlikheid by sy wederkoms. Ook hier kom die Daniël-profesieë met betrekking tot die Antichris in die gesigsveld - die verskyning met "die wolke van die hemel" van "Een soos die Seun van ŉ mens ... en aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap...", Dan. 7:13, 14. Deur sy verskyning word die dier gedood en sy liggaam aan verbranding deur vuur oorgegee (Dan. 7:11).

Die Antichris gaan sy onafwendbare lot tegemoet as "seun van die verderf", wanneer "die verskyning van Christus se paroesie plaasvind[11]".

Samevattend kan gestel word dat Paulus die Antichris in 2 Thess. 2 skilder as ŉ figuur wat in die eindtyd, kort voor Christus se wederkoms sal verskyn en juis ook deur Christus se wederkoms vernietig sal word. Hy sal as eindfiguur "mens van die wetteloosheid" en "seun van die verderf" wees; hy sal hom betoon as die groot teëstander van God, as iemand wat homself sal verhef,

77/...

---

10) "Asem van sy mond": In 2 Esdras 13:10-11 word ŉ Seun van die Mens-figuur geskilder wat sy vyande verteer met strome vuur uit sy mond, vgl. Whiteley, a.w.,p. 102, "But Calvin is probably right when he says that in the present passage breath of his mouth means simply 'his word'"(Ibid.) Vgl. ook Jes. 11:4, asook Ps. 33:6, waar "asem van sy mond" en "woord van die Here" sinoniem is. Daarteenoor Frame, a.w.,p. 266): "...not the word, but the breath itself."

11) "As the advancing fire, while still at a distance consumes little insects (Chrysostom) by its mere heat, so Christ's mere approach is enough to consume Antichrist" - JFB Commentary, p. 1345.

in God se tempel sal sit en hom voorgee as God, om oor God se volk te heers.

Waar hy as "die wettelose" geteken word, sal hy die groot verbreker wees van God se wet om sy eie wet in die plek daarvan te stel.

In elke opsig sal hy die teëbeeld wees van Christus: in sy "paroesie", in sy "openbaring", in sy "tekens en wonders", in sy "evangelie", in sy oorsprong en in sy eindbestemming terwyl hy tog in alles Christus sal naboots.

Hoewel Paulus die Antichris skilder as mens, sien hy hom tog ook as iemand wat iets bonatuurliks in hom het - as ŉ wese wat reeds daar is en nog net op sy tyd "onthul", "ontdek", "geopenbaar" moet word waaruit afgelei moet word dat hy inderdaad "supernatural associations" het (Vos), ook vanweë sy verbintenis met Satan (vers 9).

In die lig van hierdie gegewens moet die vrae rondom die Antichris nou van nader besien word.

## 3.2. Die Antichris: Werklike Persoon of Personifiëring?

Waar die Antichris tans nog staan binne die kader van die onvervulde profesie en eers in die eindtyd ten volle uit die skaduwees sal tree, is dit onmoontlik om nou reeds ŉ beskrywing van hom te gee. Die Skrif dui alleen sekere karakteriserende eienskappe aan van die "wettelose", en bied ook geen "ooggetuieverslag" van die eindgebeure nie - dit dra steeds die kenmerk van onberekenbaarheid (Matt. 24:36, 42; Mark. 13:32) - die toekomsgebeure is vanuit die verte gesien, en dus nie skerp omlynd nie, ook nog ongedifferensieerd in een groot geheelbeeld, en daarby geskilder in die kleure van die profeet se eie tyd. Om dus ŉ fotografiese beeld van die Antichris te kry, is onmoontlik Alleen die groot trekke, soos die Skrif dit teken, kan onderskei word, en ŉ suiwer beeld kan ook alleen verkry word deur Skrif met

met Skrif te vergelyk[12].

Tradisioneel is die Antichris van die oudste tyd af as 'n bepaalde persoon gesien[13]. Nou is daar egter diegene wat glo dat ons in die Bybelse beskrywing beeldspraak, allegorie, gelykenis of iets dergeliks moet sien; dat die Antichris gesien moet word as personifiëring van 'n bepaalde mag of beginsel in die skepping (bv. die kwaad, sonde, geweld, die leuen) of dat dit 'n aanduiding sou wees van 'n onpersoonlike groep, stroming, tydgees, en dies meer.

Dr. G.C. Berkouwer ressorteer vandag onder diegene wat die Antichris nie as 'n persoon wil sien nie, maar as 'n "antichristelike mag" wat in elke tyd aktueel optree. Van die oudste eksponente van hierdie rigting was Origenes wat met sy allegoriese metode van Skrifverklaring die Antichris-konsep heeltemal vergeestelik het. Berkouwer erken wel dat 2 Thess 2:8 sterk "persoonlijke aanduidingen van de antichrist" bevat, maar die enigste plek in die Skrif waar die naam "Antichris" voorkom, nl. die Briewe van

79/...

---

12) "Er wordt geen reportage gegeven van wat gedurende een bepaald aantal jaren zal geschieden" - Th. Delleman, a.w.,p.21. R. Schippers (Christelijke Encyclopedie, 6, p. 362) waarsku ook teen die misverstand "alsof Paulus met de apokalyps een reportage vooraf van het verloop van de profane geschiedenis wilde geven, terwijl hij m.n. door de term "geheimenis" in 2:7 het Goddelijk en daardoor onberekenbaar karakter van het eschatologisch tijdsschema accentueerde".

13) "These (sc. earliest ecclesiastical writers) understood it as being a prophecy with reference to a definite person who would live on earth at the close of history" - Hendriksen, (1 & 2 Thess.), p. 178. Die Didache (XVI.iv-vi), Justinus die Martelaar (Dialoog met Trypho cx), Augustinus (De Civitate Dei, XX. xix) word ter stawing hiervan aangehaal. Vgl. ook J.E. Frame, a.w.,p. 253:... "a person, and that too, a definite person, as the article in each of the four phrases makes plain a unique man... in whom Satan dwells".

Johannes, daar vind hy nie spore van die Antichris as persoon nie[14]. Johannes roep met sy verwysing na die "baie antichriste" wat nou reeds bestaan (1 Joh. 2:18) ŉ veelvoud voor die gees. Plotseling staan ons hier dus nou voor "baie antichriste", maar meer nog: Johannes vra nie net die aandag "voor een verre toekomst(nie), maar voor een werkelijkheid in het <u>heden.</u> Bij Johannes heeft de gedachte van de antichrist een ongehoorde actualiteit, zowel als hij over "de antichristen" als wanneer hij over "de antichrist" spreekt (Ibid.). Johannes se duidelike Antichristipering ken dan ook nie ŉ magstryd en die ondergang van die "mens van die wetteloosheid" nie, maar is glashelder en eenvoudig net: "Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën", 1 Joh. 2:22.

80/...

---

14) Berkouwer, G.C., a.w., p. 42v.
A. König: Is die Weerhouer al uit die weg geruim? (<u>In</u> N.G.T.T. Deel XI no. 1, Januarie 1970, p. 37-44) staan op dieselfde standpunt as Berkouwer e.a. deur uit te gaan van die aktualiteit van die Antichris in die <u>hede</u>; deur die Antichris te sien as ŉ "kollektivum" i.v.m. 1 Joh. 2:18vv.: Die Antichris is nie ŉ persoon wat "eenmaal" in ŉ apart lokaliseerbare "eindtyd" sal verskyn nie (p.37) - "Twee sake is duidelik: Johannes sien die Antichris as ŉ <u>teenwoordige</u> realiteit, en verder ook as ŉ <u>meervoudige realiteit"</u> (p.38). In 1 Joh. 4:1-3, waar Johannes spreek van die dwaalleraars, noem hy hulle die Antichris. "Die feit dat die Antichris alreeds gekom het, spreek ewe duidelik uit 2 Joh. :7. Hier word hy aangewys in die <u>baie</u> verleiers wat in die wêreld ingekom het" (p.39). Hy kom dus tot die konklusie dat dit gaan om "ŉ <u>presentiese realiteit</u>", en Johannes beklemtoon dit "Herhaaldelik dat die gemeente se toekomsverwagting oor die Antichris nou vervul is - en dat daaruit blyk dat dit die laaste uur is" (p.40). I.v.m. die <u>"presentiese realiteit"</u>, vgl. egter A.L. Moore, a.w., p.101: "...the End will see the unveiling of the forces of evil in a final paroxysm of rage just as it will display Christ in all his glory; that the former has not happened testifies that the latter also has not yet occured". Die Antichris is reeds aan die werk (verse 4-7); sy <u>eintlike</u> en <u>finale</u> openbaring is egter <u>toekomstig.</u> Vgl. A. Roosen (a.w., p.149, noot 43): "de apostasie en de openbaring van de antichrist (behoren) tot de toekomst".

Hierdie aktualiteit, die aanwesigheid van die Antichris in elke tyd,[15] wat Berkouwer ten alle koste gehandhaaf wil sien, word volgens hom bedreig wanneer die Antichris as eindhistoriese persoon gesien word, wie se tyd van verskyning onbekend is. Die aktualiteit vervaag, "omdat men met een spoedig veschijnen niet rekent" (Id.p. 42). In Johannes se skildering van die Antichris gaan dit om ŉ dringende waarskuwing teen die leuen en die dwaalleer. Dit is vir Johannes die Antichris; en om die "baie antichriste" van Johannes te gaan sien as voorlopers van die eskatologiese Antichris, is ŉ gedagte wat Berkouwer verwerp[16]. "In plaats van de idee der "voorlopers" moet men aan een gerealiseerde, manifeste dreiging denken: de antichrist, de leugenaar als teken van de laatste ure. Wat ze gehoord hebben in de gemeente, treedt nu voor hen in de realiteit van de grote haeresie[17]

Ook in 2 Thess 2 vind Berkouwer dieselfde dringende aktualiteit (wat volgens hom noodwendig moet ontbreek as die Antichris in persoonlike sin opgeneem word), waar die misleiding van die Thessalonicense akuut geword het, naamlik die dwaling asof die paroesie reeds daar is. Teenoor hulle valse "alreeds" plaas Paulus sy "alreeds" van die hoogste aktualiteit: "het geheimenis der wetteloosheid is reeds in werking", 2:7. Ook voor Paulus gaat het niet om een verre toekomst, maar om een op handen zijn van een ingrijpend en een eschatologisch beslissend gebeuren.[18]

81/...

---

15) Dit is ook die standpunt van Th. Delleman, a.w.,p. 21: "Zo iets (nl. mens van die wetteloosheid) heeft zich vroeger vertoont en dit zal zich telkens herhalen. Het optreden van dit soort vermetelen kenmerkt de eindtyd-onze tijd-de tijd vanaf Pinksteren. Alle eeuwen dragen nu het kenmerkt van "het laatst

16) Id. p. 43: "We bespeuren niets van twee voorstellingen aangaande heden en toekomst, maar een dringende boodschap." Daarteenoor verklaar Frame (a.w.,p.273) met eweveel klem: "In that epistle, (sc. 1 Joh.) the Antichrist, who is assumed to be a familiar figure, is both the definite being who is to come and the spirit already in the world...possessing men so that they are themselves called "Antichrists..."

17) Berkouwer, (a.w.,p. 44.)

18) Berkouwer, (a.w.,p. 49.)

Hoewel Berkouwer ontken dat die vooropstelling van die aktualiteit van die Antichris in elke tyd, elke uur, ŉ "onthistorisering" is van die Antichris-gedagte, lê dit vir hom tog voor die hand "dat er in het verloop der geschiedenis allerlei verschuivingen kunnen optreden in de uitbeelding van het anti, dat niet een idee is, maar altijd concrete vormen zoekt en schept in de geschiedenis" (p.54).

Op grond van hierdie veelvormigheid wat die Antichris-gedagte sodoende by die verskillende Bybelskrywers kan aanneem, bevind Berkouwer dan ook dat daar geen rede is om Paulus en Johannes se konsepte te probeer versoen deur Johannes se "baie antichriste" as voorlopers te sien van ŉ eindhistoriese Antichris nie[19].

Indien ons so ŉ meerduidige Bybelse Antichris-konsep kon onderskryf, waarin elke skrywer sy eie weg opgaan, verskillend van die ander, sou dit baie probleme kon oplos. Maar so is dit helaas nie! Waar een Gees die skrywers geïnspireer het, kan seker nie aanvaar word dat hul Antichris-profesieë in stryd met mekaar sou wees nie. Die "eenheid en harmonie der Schrift" moet juis as van die grootste gewig geag word, en daar moet op die beginselgrondslag van die Skrifinspirasie a priori aanvaar word dat Paulus en Johannes se Antichris-sienings wel versoenbaar is met mekaar.

Die kritiek van Ridderbos toon aan dat Berkouwer in dieselfde kuil val as die waarteen hy waarsku: Johannes moet nie vanuit Paulus gelees word nie, maar nou gaan hy self Paulus lees en interpreteer vanuit Johannes. "Ongeacht het ongetwijfeld persoonlijk karakter van de hier (by Paulus) getekende "mens der wetteloosheid", gaat het in 2 Thess. juist om een figuur, die er nog niet is en ook nog niet kan zijn, vanwege de "weerhouder" sê Ridderbos in hierdie verband".[20]

82/...

---

[19] Id., p.50.

[20] Ridderbos, H.: Paulus, p. 578.

Die reeds teenwoordigwees van die Antichris raak die hele saak van die "Naherwartung" ten nouste: die paroesie van Christus staan immers in die nouste tydsordelike verband met die verskyning van die Antichris: Hy moet eers optree voor Christus sal verskyn. Maar verder kon Paulus in 2 Thess. 2 onmoontlik bedoel het dat die eintlike Antichris alreeds gekom het: dit sou immers die sekerste teken gewees het dat Christus se paroesie voor die deur is - presies die teenoorgestelde van wat Paulus aan die gemeente met hul oorspanne "Naherwartung" wou sê! Dit gaan vir Paulus dan ook nie om die beskerming van die Antichris se aktualiteit (soos Berkouwer dit stel) nie, maar hy gaan die oorspanne Naherwartung teë deur juis te wys op die teëhouer wat nog weerhou sodat die mens van die sonde nog nie geopenbaar kan word nie, 2 Thess. 2:6-8.

Daarby gaan Berkouwer se kritiek teen die aanvaarding van die aanwesigheid van sekere "voorlopers" ook nie op nie; immers: "die verborgenheid van die ongeregtigheid" is reeds aan die werk, terwyl die "mens van die wetteloosheid" nog geopenbaar moet word - net soos die "baie antichriste" die voorlopers is wat die eskatologiese Antichris by Johannes vooruitgaan - hy van wie se koms Johannes se lesers gehoor het.

Alleen deur hierdie aanvaarding van die "alreeds" en die "nog nie" kan reg gedoen word aan die Bybelse gegewens rondom die Antichris.

König (a.w.,p. 39) verwerp eweneens die opvatting wat die Antichris sien as eindhistoriese figuur en as persoonlike wese wat deur voorlopers vooruitgegaan word. Dit is "in direkte teenspraak met wat Johannes sê" Volgens Johannes sou die Antichris reeds gekom het in die "baie antichriste", wat nie voorlopers is nie, maar die Antichris self. Hy is teenwoordig, nie toekomstig nie, en ook meervoudig, 'n kollektivum.

Om nou egter Johannes in ooreenstemming te kry met Paulus se siening van die Antichris as "die mens van die sonde wat nog nie geopenbaar is nie, en nog nie geopenbaar kan word nie" (p.40), maak König gebruik van Paulus se verwysing na "die weerhouer" of "teëhouer" (ho katechoon, to katechon, 2 Thess. 2:6,7.), en ook van die feit dat daar ongeveer veertig jaar verloop het tussen 2 Thess. 2 en die geskrifte van Johannes. "Prinsipieel is daar geen enkel rede waarom die weerhouer nie in hierdie tyd uit die weg geruim kon gewees het nie, sodat Paulus nog kon sê dat die Antichris nog nie geopenbaar kan word nie, terwyl Johannes hom (veertig jaar later!) met die vinger aanwys" (p. 41) As "weerhouer", teenwoordig in Paulus se tyd, maar uit die weg geruim in Johannes se tyd, word dan twee moontlikhede genoem: Die Romeinse owerheid, "wat voor 60 n.C. ŉ groot hulp en beskermende faktor vir Paulus en die evangelieverkondiging was", maar wat tussen 63 en 90 n.C. onder Nero en Diocletianus teen die Christene gekant was; as ander moontlikheid word Paulus self en die evangelieverkondiging genoem - Paulus self, wat in die tyd gesterf het, maar voor sy sterwe "uitdruklik verklaar het dat die evangelieverkondiging voltooi is" (p. 41v.), (vgl. Koll. 1:6,23; 2 Tim. 4:17).

Waar hierdie poging tot ŉ oplossing sekerlik meriete het, staan dit tog voor wesenlike probleme, o.a. die feit dat Paulus se Antichris-siening ongetwyfeld teruggaan op die persoonlike, eindhistoriese teëstander-figuur van die Daniël-profesieë (vergelyk bv. 2 Thess. 2 se "mens van die sonde", "seun van die verderf", "teëstander" wat hom teen God verhef, voorgee dat hy God is, hom as God laat aanbid, wat ŉ paroesie het teenoor die van Christus, ens. met Dan. 11:36; 7:8-25; 8:17, 19, 26; 12:2, 9, 11-13.) Die profesie van Paulus kan daarom nie sonder meer beskou word as ten volle vervul in die onpersoonlike leuen, verleiding, dwaling en verloëning van Christus, wat gemanifesteer word in die optrede van leuenaars en dwaalleraars nie, (Johannes se "baie antichriste").

Verder moet dit betwyfel word of Johannes se bedoeling was om die Antichris van die Antichris-tradisie, bekend aan hom en aan sy lesers as 'n eindfiguur, geheel op te smelt in die verleiers en leuenaars van sy eie tyd. Was Johannes se bedoeling met die "baie antichriste" nie eerder dat die leuenaars en verleiers reeds trekke, eienskappe, die beeld van die Antichris wat eendag moet verskyn, nou al vertoon nie, òf sterker nog: Waar die Antichris met hulle in die nouste verband staan, en in hulle teenwoordig is, daar kan hulle nou reeds as "antichriste" bestempel word. Dat hulle reeds daar is, kanselleer egter nie die feit dat hy nog ten volle geopenbaar moet word êrens in die toekoms nie, en dat hulle in hierdie sin wel as "voorlopers" gesien kan word. Die aktualiteit in die hede hoef nie in stryd te wees met die volle openbaring van die Antichris as persoon in die eindtyd nie. Sowel die "alreeds" as die "nog nie" van die Antichris kan en moet gehandhaaf word.

Derdens: die verwydering van die weerhouer in die ongeveer veertig jaar tussen 2 Thess. 2 en Johannes se briewe, met die twee moontlikhede wat genoem word, lewer probleme: dat die heidense Romeinse owerheid as weerhouer van die dwaling, die leuen en die verloëning van Christus (volgens hierdie siening die Antichris) opgetree het, lyk nie oortuigend nie. In ietwat ander sin geld dieselfde ook vir Paulus en die evangelieprediking, indien gesien as weerhouer: Die Antichris (wat optree in die dwaalleraars, leuenaars, ens.) is hierdeur nie teruggehou in Paulus se tyd nie. (Vgl. Hand. 15:1, 24; 20:29,30; Gal. 1:7; 5:10; 1 Tim. 1:6, 19, 20; Filip. 3:2, 18, 19; Koll. 2:4, 8, 16-23; Hebr. 13:9, ens.) In teendeel, waar die Evangelie gekom het, het die dwaalleer dikwels op die voet gevolg.

Indien die weerhouer weggeneem is, en die Antichris dus alreeds in Johannes se tyd volledig geopenbaar is, sou die leerlinge van die apostels nie iets daarvan geweet het nie? Waar so 'n uiters belangrike profesie vervul word soos die wegneem van die weerhouer, kan verwag word dat die kerk iets daarvan sal weet. Tog is dit nie die geval hier nie; nie alleen worstel die kerkvaders met die probleem van die Antichris (wat hulle

as persoonlike wese sien) nie, maar ook met die identifisering van die weerhouer wat sy verskyning nog terughou (bv. Augustinus: De Civitate).

Die feit dat daar nou reeds "baie antichriste" is (Johannes), en dat "die verborgenheid van die ongeregtigheid reeds aan die werk is" (Paulus), is reeds wesenlike magsopenbaringe van die Antichris wie se finale verskyning Christus se paroesie sal voorafgaan; hierdie magsopenbaringe maak die Antichris self egter nog nie ꞌn onpersoonlike saak, mag, of iets dergeliks nie. Soos Israel of Adam na vore kom in hul seuns (ben Israel, ben Adam, vgl. Jacob, p. 155), so verskyn die Antichris ook in die "baie antichriste" wat reeds daar is. Dit kanselleer egter nie sy eindhistoriese, finale verskyning as mens van die wetteloosheid en verteenwoordiger van die mensdom se opstand teen God nie, in wie die antichristelike vorme en gestaltes deur die loop van die tyd finale vervulling, voltooiing en afsluiting vind.

R. Schippers, na wie Ridderbos in dieselfde verband as Berkouwer verwys,[21] huldig ꞌn verwante verontpersoonlikte en veraktualiseerde Antichris-siening. Vir hom ken die Bybelse apokaliptiese skildering nie ꞌn organiese proses van groei en ontwikkeling "met eindproducten als resultanten van een historische ontwikkeling" nie. Hy ontken dat die wêreldgeskiedenis na ꞌn lang ontwikkelingsproses ꞌn toppunt moet bereik aan die einde van die tye.

Die Antichris word dus gesien as die verpersoonlikte wetteloosheid en apostasie. Die weerhouding is hoogs aktueel en ook steeds teenwoordig: "zij is present, so dikwels als de verleidingingen der apostasie het volk van God in zijn theocratische gebondenheid zullen aantasten..."

Tereg merk Ridderbos op dat, wanneer die Eschaton en die Antichris en sy weerhouer gesien word as dinge steeds akuut en dreigend en teenwoordig <u>in die hede</u>, dat daar dan van die "temporisering", die "programmatiese" en tydsordelike (vgl. punt 1, 6.) realisering van die laaste dinge nie sprake kan wees nie. Daarteenoor teken 2 Thes. ꞌn volgorde, ꞌn program (ondanks Whiteley

86/...

[21] R. Schippers: Mythologie en Eschatologie in 11 Thess. 2:1-17, 1961, aangehaal by Ridderbos, H.: Paulus, p.578 e.v.

se beswaar, hoofstuk 2, voetnoot 40) waarvolgens die openbaring van die"mens van die wetteloosheid" <u>eers</u> moet plaasvind (vs.3) vóór die paroesie van Christus. Die Skrif teken die loop van die geskiedenis wat volgens die raad van God beslis so verloop dat dit moet uitloop op die eskatologiese kulminasiepunt van die wegneem van die weerhouer, die verskyning van die Antichris en die paroesie van Christus.

Om alles rondom die Antichris, teenwoordig, aktueel te gaan sien (in die sin van 'n "gerealiseerde eskatologie") ook in 'n daaglikse verskyning en terughouding van die mens van die sonde, is vir 'n onbevange eksegese iets anders as wat in 2 Thess. 2 gesê word.

Met die veraktualisering en verontpersoonliking van die Antichris soos by Berkouwer, Schippers, Althaus Delleman e.a. word iets in Paulus en Johannes gelees wat moeilik in hulle te lese is.

Daar sal sterker gronde aangevoer moet word om te oortuig dat die tradisionele opvatting van die Antichris as 'n persoonlike wese nie meer gehandhaaf kan word nie. Best (a.w.,p.289) verklaar dat "The Antichrist was thus a definite figure in Christian thought towards the end of the first century."

Die meeste geleerdes stem hieroor saam: "Allereerst zal men het voor zeker mogen houden, dat in Paulus' gedachtengang met deze mens niet een collectivum, maar een <u>persoon</u> is bedoeld"[22]. "Hij is meer dan een groep, hij is het voorwerp der aanbidding van deze groep, en dat is alleen een persoon. Zonder die veronderstelling worden de teksten onbegrijpelijk"[23]. ..."most assuredly a personal <u>leader</u> of the movement and that a human personality is suggested"[24].



---

22) Ridderbos, H.: Paulus, a.w.,p. 576.

23) Berkhof, H., a.w.,p. 110.

24) Vos, G.: a.w.,p. 112.

J.A.C. van Leeuwen[25], K. Dijk[26], Calvyn[27], V. Hepp[28], Leon Morris[29], J.W.J. van Ryssen[30], W. Hendriksen[31], D.E.H. Whiteley[32], D.E. Hiebert[33] en andere sien almal die Antichris as individuele menslike persoon.

Uit al die voorafgaande wat nou reeds van die Antichris gesê is, kom daar egter 'n wesentlike vraag na vore: as al die betrokke Skrifgeleerdes in gedagte gehou word, moet die Antichris dan gesien word as gewone mens soos ander mense, of is daar iets bonatuurliks en bo-mensliks aan hom, gedagtig aan sy besondere verbondenheid met satan, die magsposisie wat hy sal beklee, die tekens en wonders wat deur sy hand sal geskied, sy verbondenheid met sekere "voorlopers" en dies meer?

3.3. Gewone mens of bo-menslik en bo-natuurlik

Veral gedurende die Middeleeue is daar ontsaglik veel oor die Antichris gespekuleer en gefantaseer en is daar selfs 'n lewensskets van hom opgestel wat hom uitbeeld as onegte kind, gebore in Babilon, en wat sy kinderjare deurbring soos Christus in Galilea, maar dan in die dorpies Chorasin en Bethsaida wat deur Jesus vervloek is. (Na aanleiding van 2 Thess. 2:3 is hy ook al gesien as 'n Judasfiguur, vgl. Hiebert, p.307, voetnoot). Afgesien nou egter van hierdie fantasiebeelde wat hom as mens teken, hoe teken die Skrif hierdie groot teëspeler van Christus - as mens, as supermens, as demoon of as duiwel miskien?

Met die eerste oogopslag lyk dit of hier nie 'n probleem kan wees nie. 2 Thess. 2:3 is immers duidelik genoeg: die Antichris is "mens" ("van die wetteloosheid") en hoewel hy sal voorgee dat hy God is, is hy dit nie. Dit is deel van sy misleiding van die mense (vs.10). Verder is dit ook duidelik dat hy nie met Satan geïdentifiseer kan word nie (hoewel hy die direkte teëbeeld van Christus is). Reeds Chrysostomus het die vraag wie die Antichris

88/...

---

25) Van Leeuwen, J.A.C.: a.w.,p. 174.
26) Dijk, K.: Het einde der Eeuwen, Kampen, 1952, p.156 v.
27) Calvyn, J. Institutie (vert. A. Sizoo, IV. hfst. 11,12 (p.53).
28) Hepp. V.: a.w.,p. 84 v.
29) Morris, Leon: a.w.,p. 220.
30) Van Ryssen, J.W.J.: Messias uit die aarde, p. 19v.
31) Hendriksen W. (1 & 2 Thess) p. 172.
32) Whiteley, D.E.H., a.w.,p. 99, 100.
33) Hiebert, D.E. a.w.,p. 309.

is, die satan miskien? ontkennend beantwoord met verwysing na 2 Thess. 2:19: sy koms is wel volgens "die werking van die Satan, met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen" - verwant aan Satan dus, maar hy is nie Satan self nie. Die karakterisering van die Antichris as dier uit die see in Openb. 13, 16-19[34] onderskei hom ook baie beslis van Satan, die vuurrooi draak van Openb. 12. Dat die Antichris ook nie Belial (of Beliar) is nie (= wetteloos, wat ŉ aanduiding van Satan is in 2 Thess. 6:15) is vroeër reeds betoog. (Vergelyk hier ook Ridderbos: Paulus, p. 580).

Nou kan dit andersyds nie ontken word nie dat daar, volgens die Skrifgegewens, verskeie trekke voorkom wat moontlik suggereer dat "die mens van die sonde" mèèr is as net ŉ gewone mens wat in die eindtyd sal optree; dat daar in hom iets sal wees wat uitgaan bo die menslik-natuurlike. Die groot rol wat hy sal speel in die eskatologiese eindgebeure soos dit in Openb. en Daniël vooraf geskilder word, die groot, byna goddelike mag wat hy sal hê oor die mense, sodat hy deur hulle aanbid en as God vereer sal word; die feit dat hy mag sal hê oor elke stam en taal en nasie (Openb. 13), maar ook sy herkoms as "seun van die verderf" en sy rol in die apokaliptiese Endgeschichte, laat die vraag ontstaan of in hom nie supra-naturele, bo alle menslik-aardse uitgaande eienskappe gesien moet word nie. Waar Christus in sy twee nature tegelyk God en mens is, moet sy groot teëspeler wat reeds in die Ou Testament (soos Christus) profeties gesien en geskilder is, nie ook twee nature hê, dié van mens en demoon tegelyk nie, en moet hy nie, om ware teëstander te kan wees ook vòòr sy verskyning, ŉ demoniese preëksistensie hê nie? Sou Johannes se stelling dat daar nou alreeds baie antichriste is en Paulus se verwysing na die verborgenheid van die ongeregtigheid wat reeds aan die



34) Hendriksen (1 en 2 Thess., p.171) toon aan dat die Antichris gesien moet word as individu, terwyl Openb. 13 se dier uit die see (vgl. Dan. 7) ŉ koninkryk aandui, en hulle kan dus nie geïdentifiseer word nie. Dit is egter ook nie die bedoeling nie; ŉ koninkryk kan gesien word as verteenwoordig in die staatshoof. Die Antichris, as verteenwoordiger van sy goddelose ryk, kan as dier uit die see geskilder word.

werk is nie moontlik in sʼn rigting kon wys nie? Ridderbos verklaar: "Zijn komst wordt, evenals die van Christus een paroesie genoemd; zij wordt gekenmerkt door allerlei krachten, tekenen en wonderen gelijk die van Christus eenmaal, ja, hij kan zelfs.... met de naam worden genoemd "zoon des verderfs", vs. 3".[35)]

Die wetteloosheid wat in hom beliggaam word, sy paroesie volgens satan se werking, die feit dat iets of iemand hom nog teëhou en sodra dié weggeneem word, sal hy verskyn, laat Morris sê: "It may....point us to something supernatural about him"[36)]. Hy noem ook die feit dat van vroeë eeue af die Antichris beskou is as inkarnasie van Satan, analoog met Christus se vleeswording.

G. Vos vra in hierdie verband: "....will he be born as a man... or are we perhaps to assume, that, like the whole manner of his activity, so the mode of his origin will be supernatural?...can we avoid the idea of a relative pre-existence spent in some mysterious hidden sphere...? It must be conceded that such an air of supernaturalness, not to say superearthliness, envelopes the figure, that to think of a mysterious origin seems scarcely avoidable.[37)]

Genoegsame Skrifgetuienis ontbreek egter om die Antichris as bomenslike bo-natuurlike wese te sien. Deur die geweldige krag en mag en heerskappy wat Satan hom verleen, sal hy tekens en wonders doen sodat hy selfs aanbid en deur sommige as God beskou sal word. (vgl. 2 Thess. 2, Openb. 13); tog sal hy van nature ʼn mens wees en niks meer nie. "Het is duidelijk dat zowel bij

90/...

---

[35)]Ridderbos, H.: Paulus, p. 575.

[36)]Morris, Leon: a.w.,p. 221. Best, a.w.,p. 284: "The term 'revelation' does suggest something more than a human figure."

[37)]Vos, G.: a.w.,p. 126-128. Best, a.w.,p. 283 herinner aan die destyds wyd verspreide mite van die Oer-mens as ʼn supra-humane wese. Indien Paulus se Antichris-gedagte uit daardie rigting beïnvloed is, sal die Antichris van 2 Thess. 2 as ʼn bonatuurlike, bo-menslike wese gesien moet word.

Johannes - de leugenaar - als bij Paulus - de mens der wetteloosheid - de antichrist op het terrein van het menselijke opereert, maar daar ook thuis is en naar alle zijden deze trekken van het menselijke vertoont"[38]. In Openbaring 13 word dan ook gestel dat die getal van die dier "die van 'n mens" is, naamlik 666 (vs. 18). Ridderbos spreek ook van "de menselijke tegenstander van de mens Jezus Christus... De geschiedenis - beheersende antitheze tussen God en satan wordt beslist in het menselijke vlak" (a.w.,p. 575), en G. Vos stem saam: "...his generic humanity remains beyond question" (a.w.,p. 128), terwyl Frame (a.w.,p. 273) hom sien as "an extraordinary man controlled completely by Satan."

3.4. <u>Die Antichris reeds geopenbaar? Die "voorlopers"</u>

Die vraag of die Antichris reeds verskyn het, of "die mens van die sonde" reeds geopenbaar is, hang af van die vraag of die Antichris gesien word slegs as die laaste, eintlike, eskatologiese figuur van die eindtyd, en of daar "voorlopers" van die Antichris optree in die geskiedenis wat as 'n eenheid met die Antichris beskou kan word en in wie die gees van die Antichris reeds werksaam is - voorgangers wat as sy skaduwee reeds vooruit val op die wêreld- en kerklike-toneel en as sy verteenwoordigers optree. Veral by Johannes tree sowel die eenheid van die Antichris as <u>persoon</u> na vore ("soos julle gehoor het dat die Antichris kom"), asook die "<u>veelheid</u>" of pluriformiteit van die "baie antichriste" wat reeds bestaan. Maar ook in verband met 2 Thess. 2:7 ("want die verborgenheid van die ongeregtigheid is reeds aan die werk") moet iets soortgelyks gesien word.[39]

91/...

---

[38] Berkouwer, G.C.: a.w.,p. 59.

[39] Ridderbos, H.: Paulus, p. 578. Teenoor Berkouwer, wat die gedagte van "voorlopers" verwerp as strydig met die gedagte van die intensie van die apokaliptiese voorstellings, a.w.,p. 50, verklaar Ridderbos: De macht is reeds bezig, "de mens" is er nog niet... En is er dan..nog wel enige zakelijke grond om de gedachte van "voorlopers" van de Antichrist af te wijzen?

Indien die "voorlopers" in die sin van 1 Johannes 2:18 vv. aan die Antichris verbind word as die "baie antichriste" wat hom vooruitgaan en in 'n bepaalde relasie of verwantskap tot hom staan, dan sou verklaar kan word dat die kerk met reg die verskyning van "antichriste" gesien het in die optrede van sekere historiese persoonlikhede in wie die gelowiges manifestasies gesien het van die antichristelike mag, in een of ander vorm, soos Esau, Nebukadneser, Isebel, Atalia, Antiochus Epifanes, Caligula, Nero, Mohammed, die pous, Napoleon, Hitler, Stalin en so meer - mense wat deur hul vervolging van die gelowiges en/of hulle selfverheffing in die plek van God deur die gelowiges van hulle tyd as die Antichris bestempel is. In hierdie verband verklaar Herman Bavinck: "De Schrift leer duidelijk dat de antichristelijke macht hare geschiedenis heeft, in verschillende tijden op verschillende wijzen zich openbaart, en ten slotte zich volledig ontwikkelt in een algemeenen afval en verbreking van alle natuurlijke en zedelijke banden"[40].

Die krag en invloed van die Antichris moet dus gesien word as iets wat voor sy eie openbaring as laaste en groot figuur, reeds vantevore werksaam is in sy "voorlopers", en wel op verskillende tye en wyses. In hierdie sin sou gesê kon word dat die Antichris reeds daar is, verteenwoordig in sy dienaars wat hom vooruit gaan en sy weg berei. En, natuurlik, volgens die interpretasie van Berkouwer, Schippers en Althaus wat die Antichris nie sien as persoon nie, maar as die steeds dreigende aktuele mag in die gestalte van die leuen, die heresie, die dwaalleer, is die Antichris reeds teenwoordig en was hy al teenwoordig in die tyd van Paulus en Johannes - nie in voorlopers nie, maar in volle, wesenlike realiteit en magsopenbaring.

Waar laasgenoemde siening nie aanvaar word nie, en die tradisionele, persoonlike Antichrisbeskouing gehandhaaf word, staan ons egter voor die probleem: wat is die presiese verhouding tussen die eskatologiese Antichris-figuur en sy voorlopers? Wat is die saambindende eenheidsbeginsel wat die "baie antichriste" sô intiem en heg verbind aan die "endgeschichtliche" Antichris-

92/...

[40]Bavinck, H.: Dogmatiek, IV, p.753.

figuur dat hulle selfs sy naam ontvang (1 Johannes 2:18)? Die sleutel hiertoe moet gesoek word in die konsep van die Antichris as korporatiewe persoonlikheid.

## 3.5. Die Antichris as korporatiewe persoonlikheid

Wanneer dit gaan om die nadere presisering van die Antichrisbegrip, dan maak Berkhof die opmerking: "Zo goed als Christus een persoon is en tegelijk hoofd van een lichaam, ja zelf dit lichaam (1 Cor. 12:12), die met zijn Geest winnend uitgaat over de aarde, zo is ook de antichris dat alles tegelijk....Maar dat neemt niet weg, ja onderstelt juist, dat het middelpunt van dit alles een persoon is".[41)]

Dat die Antichris self nie ŉ groep is nie, maar ŉ persoon, word ook deur Ridderbos sterk beklemtoon as hy sê dat ons dit as ŉ sekerheid kan beskou dat in Paulus se gedagtegang "met deze mens (van 2 Thess. 2:3) niet een collectivum, maar een persoon is bedoeld"[42)] hoewel hy toegee dat die "baie antichriste" by Johannes tot ŉ "meer collectief gebruik van de naam antichrist leidt." G. Vos is ook van dieselfde gevoele: "It is true, the collective, abstract movement connected with its appearance, teaches that more than a single powerful person is involved. But most assuredly a personal leader of the movement, and that a human personality is suggested"[43)].

Wat die "een" en die "baie antichriste" aanbetref, vat Rienecker dit sô saam: "Obwohl ἀντίχριστος für Johannes ursprünglich nichts als ein Individum, weder eine Gattung noch eine Kollektivpersönlichkeit bezeichnet, so ist er also nunmehr trotzdem dazu übergegangen, ἀντίχριστος zur Gattungsbezeichnung zu machen, wie

93/...

---

41)Berkhof, H.: a.w.,p. 110.

42)Ridderbos, Paulus p. 576

43)Vos, G.: a.w.,p. 112. Veral die skildering van die Antichris in 2 Thess. 2, ondersteun die gedagte van die persoonlike Antichris wat as ŉ bepaalde mens sal verskyn.

die Mehrzahl deutlich beweist. Diese Umbiegung der Antichristvorstellung ist eigentümlich"[44].

Pache verklaar: "Der letzte Antichrist wird nur der Gipfel einer langen Linie von Feinden Gottes sein"[45] en stel die feit dat die kerk steeds sekere persone gesien het as voorlopers van die Antichris. Vir die regte begrip van die verhouding: één eskatologiese Antichris en baie antichriste wat reeds daar is of, soos by Paulus: die verborgenheid van die ongeregtigheid is reeds aan die werk, maar die wettelose self word nog weerhou, moet ons teruggaan na die sosiale en religieus-etiese Umwelt waar die Antichris-konsep sy oorsprong en beslag gekry het: die Ou Testamentiese volk Israel met sy kenmerkende antropologiese beskouings, en dan in besonder die siening van die verhouding waarin die individu staan tot die groep of gemeenskap. Hierdie relasie is sô gesien dat die individu onlosmaaklik verbind is aan die gemeenskap, dat hy solidêr één was met die gemeenskap. Wat met die gemeenskap gebeur, is ook sy lot en wat hy doen, goed of sleg, is ook die verantwoordelikheid van die gemeenskap. Edmond Jacob wys dit so aan: "Examples of solidarity both in good and evil are too numerous in the Old Testament for the point to be laboured. when one member of a clan has committed a fault punishment falls on the whole clan", en as voorbeeld word Agan en sy familie (Josua 7:24), asook Saul en sy familie genoem (2 Sam. 21:9). "Punishment is always collective; the iniquity of the fathers extends to their children (Ex. 20:5. The same solidarity holds for rewards: Noah, who was righteous, saves all his family..." (Gen. 7:1).[46]

94/...

---

[44] Rienecker, Fritz: a.w.,p. 598.

[45] Pache, René, a.w.,p. 132.

[46] Jacob, Edmond: "Theology of the Old Testament²" London, 1961, p. 154v. (Uit die oorspronklike Duigs vertaal deur A.W. Heathcote en P.J. Allcock.)

Hierdie unieke Ou Testamentiese konsepsie van die onafskeibare solidariteit van die individu met die gemeenskap in wie hy leef, wat in hom leef en in wie hy voortleef, ook nà sy dood, is deur H. Wheeler Robinson geformuleer as "corporate personality." [47]
L. Floor wys egter daarop dat ander skrywers reeds vantevore die aandag op dieselfde verskynsel gevestig het: Traugott Schmidt spreek dieselfde gedagte uit as wat lê in "korporatiewe persoonlikheid" wanneer hy Christus aandui as ŉ "Gesamtpersönlichkeit" (1919) en Schweitzer die verbondenheid van die gelowiges met Christus teken as ŉ "naturhafte" deelname aan dieselfde "Leiblichkeit" (1930); wanneer A. Oepke die gemeenskap aandui van Christus en die gelowiges, asook die eenheid van Adam en die mensheid wat hy as "Angehörenden unter sich, in sich" omvat en insluit, dan spreek hy van Christus en van Adam as "Universalpersönlichkeiten" [48].

Wheeler Robinson definieer die begrip "corporate personality" so: "According to this conception, a larger or smaller group (nation, clan or family) could be treated as a unity, originally conceived as based upon the blood-tie and traced back to a common ancestor. The whole group could function through or be seen in, any of its members as the early ideas of blood-revenge show; he was regarded realistically as the representative of the group, without any special delegation to the office.... Since this "corporate personality" was not confined to the living (as we may see, for example, amongst the Hebrews), but included the dead and the yet unborn, the group could be conceived as living for ever..."[49]



---

[47] Robinson, H. Wheeler: "The Hebrew Conception of Corporate Personality" in Werden und Wesen des Alten Testaments, Zeitschrift fur AT - liche Wissenschaft 66, 1936, p. 49-62.

[48] Floor, L: **De Nieuwe Exodus**. Representatie en Inkorporatie in het Nieuwe Testament (Dissertasie), Potchefstroom 1969, p.150, 156.

[49] Robinson, H. Wheeler: Redemption Revelation[3], London, 1944, p.258v.

In die verhouding van die individu tot die groep of die gemeenskap tree daar volgens die konsepsie van "korporatiewe persoonlikheid" drie aspekte na vore wat Edmond Jacob sò stel:
(a) "the idea of corporate personality is unconcerned with our conception of time; Amos addresses his contemporaries as if they had been present at the Exodus from Egypt; to live in the present is at the same time to embrace all the past and all the future.
(b) corporate personality is something essentially realistic and it would be false merely to see in it a moral ideal or a literary personification; Moab is the ultimate of which the Moabite is only a part, likewise Israel or Adam who show themselves in numerous sons: ben Israel, ben Adam;
(c) the relation between the individual and the group is extremely fluid: the individual can be thought of in the community and the community in the individual.[50]

I.J. du Plessis wys op die "wisselwerking tussen die groep en die enkele persoonlikheid" ten opsigte van hierdie konsep. Hierdie gedagte van representasie was heel bekend in die Jodedom. Die koning van Israel is byvoorbeeld die verteenwoordiger van Israel. Die gestalte van die Seun van die Mens tree op as verteenwoordiger van Israel; die stam en stamvader vervloei dikwels in mekaar[51].

As ons nou hierdie konsep gaan toepas op die een Antichris-figuur wat nog moet verskyn en die "baie antichriste" wat reeds daar is, dan bied hierdie begrip van die korporatiewe persoonlikheid ons die sleutel vir die verstaan van die Bybelse Antichris-gedagte. Aan die vereistes van die begrip, soos opgesom deur Robinson, word voldoen, naamlik:

96/...

---

50) Jacob, Edmond: a.w., p. 155.

51) Du Plessis, I.J.: Christus as Hoof van kerk en kosmos (Proefskrif), Groningen, 1962, a.w. p.24. Vgl. ook Bolkestein a.w., p 198: In het bijbelse denken is een figuur vaak meer dan alleen zichzelf. Hij vertegenwoordigt vaak een groep. Het bijbelse denken is corporatief...In hem ontmoeten wij de gemeenschap..."

(1) "the unity of its extension both into the past and into the future;
(2) the characteristic "realism" of the conception, which distinguishes it from personification, and makes the group a real entity actualized in its members;
(3) the fluidity of reference, facilitating rapid and unmarked transition from the one to the many, and from the many to the one;
(4) the maintenance of the corporate idea even after the development of a new individualistic emphasis within it"[52].

Hoewel daar ten opsigte van die Antichris, sy persoon, sy voorlopers, sy verskyning en optrede in hierdie wêreld ontsaglik baie is wat vir ons nog raaisels is, gaan daar tog vir ons deur middel van hierdie konsep, as sleutel, lig op in verband met die samestelling van die donker figuur van die Antichris en kan ons miskien verbande lê en lyne trek tussen duidelike antichristelike optredes en kragte en werkinge in die geskiedenis wat ook skaduwees gooi in die hede en na die toekoms. So word die betekenis ook deursigtiger van moeilik verstaanbare verwysings, soos die van Paulus, dat die wettelose mens nog weerhou word terwyl die verborgenheid van die ongeregtigheid reeds aan die werk is; ook word Johannes duideliker: die (een) Antichris wat nog moet kom en die baie antichriste wat reeds daar is; die rol van die "voorlopers", van figure soos Antiochus Epifanes, Caligula, Nero en andere, en die betekenis van groot wêreldryke soos diere uit die volkeresee en hulle verband met die eskatologiese Antichris, word begrypliker. Miskien was die kerk van die vorige eeue nie so ver verkeerd toe hy sekere historiese persone na aanleiding van hul optrede as antichriste bestempel het nie!

97/...

---

[52] Robinson, H. Wheeler: "Hebrew Conception", p.50, aangehaal by Floor, L: a.w.,p. 151 v.

3.6. Samevattend: Die Persoon van die Antichris

Waar die groot lyne met betrekking tot die Antichris, soos die Skrif hom teken, wel onderskei kan word, staan die eksegese voor komplekse probleme rondom hierdie figuur. Dit moet sekerlik ook daaruit verklaar word dat ons hier te doen het met onvervulde profesie, en eers as die vervulling gekom het, sal alles verstaan kan word. Daar kan egter in verband met die figuur van die Antichris in die lig van die Skrifgegewens voorlopig die volgende gevolgtrekking gemaak word:

1. As eskatologiese figuur moet die Antichris eers geopenbaar word en die groot afval plaasvind voordat Christus se paroesie plaasvind. Die verhoudings-aspek, die rol van die programmatiese, die temporele verband tussen die paroesie van Christus en dié van die Antichris moet in gedagte gehou word. Die gelykenis van die rypwording van die oes kan hier verhelderend werk: die tyd en omstandighede moet eers "ryp" word voor die Antichris kan verskyn en hy kan eers verskyn nà die wegneem van die "weerhouer". Daarnà is die weg eers "vry" vir die wederkoms van Christus.

2. Hoewel die naam "Antichris" alleen in die briewe van Johannes voorkom, is dit duidelik dat ons met dieselfde apokaliptiese figuur, die groot teëstander van Christus wat in die eindtyd ten volle geopenbaar sal word, te doen het, sowel by Paulus as in 1 en 2 Johannes. Die term Antichris dui hierdie figuur aan as konsekwente teëstander van Christus en vervolger van sy kerk, as selfverheffer in die plek van God en lasteraar van Sy Naam. "Anti" in die betekenis van "in die plek van" tree in hierdie figuur veral na vore, in sy optrede as nabootser van Christus en in die gestalte van valse profete wat hy diensbaar maak en aan wie hyself ook korporatief verbonde is as sy voorlopers en wegbereiders.

3. Die oorsprong van die Antichris-konsepsie moet gesoek word in die Ou Testament, en nie in die buite-Bybelse Babiloniese of ander bronne nie, veral in die profete en met name Daniël by wie Jesus self ook aansluit en die Antichris-tradisie beslote lê. Dit het nie sy herkoms in die optrede van historiese persone soos Antiochus Epifanes, Caligula, Herodes of Nero nie. Soverre die optrede van hierdie persone egter iets weerspieël het van die optrede of eienskappe van die komende Antichris-figuur, kon

hulle in die profetiese skildering van die groot eindfiguur wel diensbaar gewees het tot duideliker tekening.

4. Die Antichris is nie identies met Belial of Beliar nie, maar wat eerder gesien moet word as die persoon van Satan. Die Antichris se verhouding tot hom is dié van werktuig en handlanger. Die Antichris ontvang sy wondermag en sy troon dan ook van die Satan, (Openb. 13).

5. Die Antichris sal volgens 2 Thess. 2 ŉ religieuse (of liewer irreligieuse) figuur wees wat hom stel teen God en bo God en in die plek van God, wat vir homself aanbidding sal opeis en hom oor God se kerk sal aanmatig.

6. Volgens die Skrifgetuienis sal die Antichris ŉ menslike figuur wees en nie ŉ bonatuurlike wese nie hoewel hy deur Satan besonderlik toegerus sal wees met wondermag,tekens, kragwerkinge en die mag om mense se te beïndruk dat hulle sal glo dat hy God is en hom sal aanbid. Waar hy nie ŉ groep of kollektiewe begrip is nie, maar ŉ menslike persoon, moet egter ook in gedagte gehou word dat hy in ŉ verhouding van solidariteit staan met die goddeloosheid wat hom vooruitgegaan het in sy voorlopers, en dat in hom die totale konsentrasie van Godslastering, boosheid, sonde en gruwels saamgetrek word - dat hy as korporatiewe persoonlikheid die antichristelike mag van al die eeue en van al sy voorlopers in homself tot ŉ eenheid saamtrek en tot die grootste sonde-uitbarsting bring wat die wêreld ooit sal aanskou, en dat met sy vernietiging, wanneer die kwaad in hierdie wêreld sy absolute toppunt bereik het, daarmee ineens ook alle sonde op aarde vernietig sal wees. "Want met de vernietiging van de antichrist is er geen plaats meer op aarde voor de zonde". (Ridderbos: Paulus, p. 577).

7. In hoeverre die Antichris vandag reeds op aarde teenwoordig is, hetsy in voorlopers met wie hy solidêr verbonde is en in wie hy optree, hetsy in eie persoon wat nog net geopenbaar moet word, of in die invloede wat reeds hier werksaam is, is moeilik om te bepaal. Dat antichristelike invloede reeds hier werksaam is as wesenlike werklikhede, kan in die lig van die Skrifgegewens (bv. 2 Thess. 2:6, 7; 1 en 2 Johannes: "baie antichriste) nie ontken word nie. Hoewel daar vasgehou word aan die "tradisionele" siening van die Antichris as persoon, moet aan Berkouwer e.a.

toegegee word dat die Antichris ook aktief teenwoordig is in elke tyd; die gees van die Antichris, van die heresie, en die verleiding, en die verloëning van Christus. Ook die voorlopers van die Antichris is aktief besig, steeds dreigend in elke tyd en dit kan ook wees kragtens die feit dat die Antichris 'n korporatiewe persoonlikheid is - hyself is wesenlik teenwoordig in elke verskyningsvorm van die "anti".

8. Wanneer "die mens van die sonde" in sy finale gestalte geopenbaar word "op sy tyd" wat deur God bepaal is, sal sy donker sondegestalte, wanneer die profetiese voorsegginge in vervulling gaan, kenbaar uitstaan teen die helder lig van God se Woord. Dan sal hy wel met groot lis en woede toeslaan om as instrument van satan sy vernietigingswerk te doen in die ryk van Christus en die koninkryk van die bose op te bou, maar sy mag is tog beperk, want sy getal (666) is die getal van 'n mens. Sy einde is dan ook die verderf - "hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak". (2.Thess. 2:8).

# HOOFSTUK 4

# DIE AFVAL

## 4.1. Antichris en Apostasia - Eskatologiese begrippe

Die direkte wyse waarop Paulus in 2 Thess. 2:3 die ἀποστασία en die openbaring van "die mens van die wetteloosheid" verbind met die woordjie καὶ laat al dadelik die noue verbondenheid van die afval met hierdie figuur vermoed: "want eers moet die afval kom en die mens van die wetteloosheid geopenbaar word". Die afval staan in dieselfde temporele verband met Christus se wederkoms as die verskyning van die Antichris, en vorm eweneens die voorwaarde daartoe. Die rol van die lidwoord is ook hier by die afval dieselfde as by die verwysing na "die mens van die wetteloosheid": dit verwys na ŉ bepaalde begrip met ŉ vaste tradisie-inhoud, bekend aan Paulus se lesers - ἡ ἀποστασία : die sekere, aan julle bekende afval wat moet kom.

Ἀποστασία [1] dui aan: opstand, rebellie, afval. Hier is dit nou egter religieus bepaald: opstand teen die gesag van God wat oor alles regeer; miskenning van sy gesag, weiering van die mens om hom aan God te onderwerp. Die feit dat Paulus slegs verwys na "die afval" en geen verdere verduideliking gee nie, is veelbetekenend - sy lesers het geweet na watter opstand Paulus

101/...

---

[1] Edmond Hiebert (a.w., p. 305): "It denotes a deliberate abandonment of a formerly professed position or view, a defection, a rejection of former allegiance. In classical Greek... a political or military rebellion; in the Septuagint...a rebellion against God (Josh. 22:22); in Maccabees 2:15 it is used of the enforcement of apostasy to paganism. This religious connection appears in the use of the term in the New Testament (Ac 21:21; 1 Ti 4:1; 2 Ti 3:1-9; 4:3-4; Heb 3:12)." In 2 Thess. 2 dui die term aan ŉ afval of opstand binne die kring van die belydende Christelike kerk.

Ἀποστασία (afgelei van ἀφίσταμαι ) is ŉ latere vorm van ἀπόστασις, lett. "ŉ wegstaan van", en vandaar: 1. Afval, rebellie; 2. Vertrek van, of verwyder word van. Die ww. ἀφίσταμαι beteken: in opstand kom, rebelleer, afval; vandaar: verwyder, verplaas, skei-Liddel and Scott: Greek - English Lexicon).

Auberlen en Riggenbach (a.w., p. 127) wys daarop dat Chrysostomus, Theodoretus, Theophylactus en Augustinus ἀποστασία verkeerdelik alleen op die Antichris gaan toepas het terwyl dit dui op ŉ universele afval. Die twee werkwoorde onderskei duidelik die twee onderwerpe, nl. apostasia en mens van die wetteloosheid. Verder: "...the apostasy can only be one from the faith in Christ."

verwys, die presiese konnotasie van die term was aan hulle bekend as gevolg van Paulus se mondelinge onderrig voorheen aan hulle: hulle het geweet die afval staan in die nouste verband met die "openbaring van die mens van die wetteloösheid".

Dit is opmerklik dat die afval waarvan Paulus hier melding maak as iets bekends, in die Bybelse Antichris-verwysings steeds in die nouste verband staan met die optrede van die Antichris: Daniël 8:23-25, en veral Dan. 11:31, 32 toon dit duidelik: "die gruwel van die verwoesting" wat gepaard gaan met die optrede van hom wat "met vleiery" afvallig maak, en waardeur baie sal "struikel" (vs. 33-35).

102/...

---

1) (vervolg)
"Aan die hand van die gebruik van die woord elders in die Bybel waar dit altyd die betekenis het van rebellie (ʼn bewuste afval) teen die Here....moet ons hier vermoedelik dink aan ʼn godsdienstige en nie aan ʼn politieke afval nie - ʼn godsdienstige afval van God van diegene wat in naam en uiterlike alleen deurgegaan het as Christene, maar dit in werklikheid nooit was nie..." - **De Kock, E.L. in** Die Bybel **met Verklarende** Aantekeninge p.601.

Uitgaande van die sekondêre betekenis van apostasia (verwydering, skeiding) word dit in die latere tyd in chiliastiese kringe steeds meer aangewend as ʼn aanduiding van die "rapture" of "wegraping" van die gelowiges in die eindtyd deur Christus. Vgl. bv. Gordon Lewis: Biblical Evidence for Pretribulationalism, 1968, p.216-226. Ook E. Schuyler English: Rethinking the Rapture, p. 67-71; John R. Rice: The Coming Kingdom of Christ, p. 188-191; Kenneth S. Wuest: Prophetic light in the present darkness, p. 38-41. W.K. Price (a.w.,p. 142) daarteenoor, verbind die "rapture" met 2 Thess. 2:2c, die "dag van Christus," en sê die afval "will immediately precede the rapture."

'Αποστασία in hierdie sin van wegraping van die gelowiges moet egter afgewys word op die volgende gronde: Die Skrif gebruik nêrens hierdie term om soiets aan te dui nie; as "rapture" bedoel die vereniging met Christus (1 Thess. 4:17, 2 Thess. 2:1) - hierin is die mens passief, die gelowiges word weggevoer die Here tegemoet; daarteenoor ken 2 Thess. 2 ʼn aktiewe rol toe aan die mens in die afloop van die program van die eindtyd; vergelyking met die res van die Skrif toon dat ons hier die term moet verstaan in die sin van opstand, rebellie van die mens teen God. Frame (a.w.,p. 250) noem dit "the religious revolt."

Die opmerklike aansluiting by Daniël moet gesien word in die organiese verband tussen Paulus se Antichris-gedagte en die uitbeelding by Daniël van hierdie figuur. Ook hier, in Paulus se vermelding van die afval, staan Antiochus Epifanes op die agtergrond as die groot voorloper van die Antichris, soos die profesieë van Daniël dit ook skilder. Die motief van herhaling en verhewiging in die eskatologie (vgl. Berkhof: Christus, de zin der geschiedenis, p. 104) blyk ook weer hier. Wat gebeur het tydens Antiochus Epifanes se regeringstyd, die gebeurtenisse rondom die ontheiliging van die tempel, die godsdienstige verdrukking en gepaardgaande afval, moet weer gebeur en wel in verhewigde vorm en in die nouste verband met die "eskatologiese Antiochus", die Antichris. Voor Christus se eerste koms het die afval plaasgevind rondom en as gevolg van die optrede van Antiochus[2]. Voor sy tweede koms moet dit weer gebeur, maar alles net met groter afmetinge. (Op wêreldskaal, volgens Openb. 13:3b, 8, 12, 16.) Die wetteloosheid en opstand teen God, wat in die loop van duisende jare opgebou het teen God in die hart van die mensdom, sal dan tot ŉ skrikwekkende uitbarsting kom in die groot rebellie teen God. Volgens E. Best (1972 p. 281v.) en andere was die apostasie sedert die optrede van Antiochus en die daaropvolgende Makkabese opstand steeds ŉ vaste motief in die

103/...

---

2) "A most striking instance of apostasy occured during the reign of that cruel and wicked forerunner of the Antichrist, namely Antiochus **Epiphanes**. 'In those days there came forth out of Israel, transgressors of the law, who persuaded many, saying, Let us go and make a covenant with the Gentiles that are around us... And they made themselves uncircumcised, and forsook the holy covenant; ... and sacrificed to the idols ... the king's officers, that were enforcing the apostasy'...(1 Macc. 1:11, 15, 43; 2:15)..." - Hendriksen (1 & 2 Thess.), p.169 Vgl. ook Oepke, (a.w.,p. 152), en J.E. Frame (a.w.,p. 251.)

Met "die afval" in 2 Thess. 2 bedoel Paulus nie dat die gelowiges sal verval t.o.v. die geloof nie, maar dat die geloof van die vaders in daardie tyd deur baie van die kinders verwerp sal word - soos gebeur het in die tyd van geloofsvervolging onder Antiochus Epifanes. "...a widespread and violent defiance of the authority of God" (Neil, aangehaal by Leon Morris, (a.w.,p. 219.)

Joodse eskatologie, soos dit ook blyk uit hulle apokaliptiese literatuur, onder andere Jub. 23:14vv.; 4 Esra 5:1vv.; 1 Qp Hab. 2:1vv. (vgl. 2 Tim. 3:1-9; Judas: 17vv). Die motief van die groot verdrukking wat die voleinding voorafgaan (1 En. 91: 5vv.; Jub. 23:4vv.; 2 Bar. 27; 4 Esra 14:16vv.) is as ŉ vaste tradisie deur die vroeë Christelike kerk oorgeneem en het deel geword van die Christelike evangelie-verkondiging (Mark. 13; 2 Tim. 3:1-9; Openb. 12, 13, ens.)

Die Antichris sal die leier en die ophitser wees van hierdie wêreld-wye rewolusie teen God, waar hy ook kan gesien word as die verteenwoordiger en die saamvatting van die mens se opstandigheid teen God. Die antichristelike bewussyn van die mensdom vind ŉ saamtrekpunt in "die mens van die wetteloosheid" en stoot hom na vore as sigbare manifestasie en simbool van die mens se opstand teen God[3]. Hy is die "Totalausdruck der Sünde der abgefallenen Menschheit". In die eindhistoriese afval moet ons ŉ universele rebellie sien van die boosheid teen God; die oes van die eeue se boosheid het dan tot rypheid gekom[4].



[3] René Pache, (a.w.,p. 149): "Der grosze Aufstand des Tieres ... ist die Summe all unseres Unglaubens im einzelnen. ...Die Menschen jubeln ... Jawohl, der Mensch ist stark; jawohl, er kann über sich selbst verfügen; jawohl, er kann sein Schicksal meisteren...." Vgl. ook Van Lingen: (a.w.,p. 679.)

[4] Whiteley (a.w.,p. 98) sien die historiese agtergrond van Paulus se apostasie-verwysing breed; Dit is nl. geskoei op die lees van die tema: "God oorwin die bose," wat ook ŉ bekende tema in verskeie legendes van die antieke Nabye Ooste was (die skeppingsverhale, bv.). In Exodus oorwin God die kwaad, soos dit saamgetrek was in Farao en in die Skelfsee; in die sesde eeu v.C. lei God sy volk terug uit die ballingskap, waardeur daar ŉ versterking van die tema plaasvind; dieselfde gebeur ten tyde van Antiochus Epifanes met die oorwinning van die Makkabeërs. Die oorwinning oor die magte wat teen God opstaan, telkens weer, en die straf oor die afvalliges uit eie geledere, was genoeg om van die Apostasie ŉ vaste tema in die eskatologie te maak. Vgl. Oepke, (a.w.,p. 152): As gevolg van die optrede van Antiochus, wat die afval van baie Jode tot gevolg het, word die apostasie tot "eine dem Weltende vorangehende Sichtung ... und so ein regelmäszig wiederkehrendes apokalyptisches Motiv." Volgens Whiteley het Paulus geweet die afval gaan en moet weer kom, en ook voordat die paroesie plaasvind. God sal egter die boosheid weer oorwin - die keer finaal.

Die verband tussen die apostasie soos 2 Thess. 2 dit teken en die Daniël-profesieë se skildering daarvan rondom die "gruwel van die verwoesting" tree ook aan die lig in die Profetiese Rede van Matt. 24 en Mark. 13. Rondom die gruwel in die heiligdom (Matt. 24:15, Mark. 13:14), wat volgens verskeie geleerdes ʼn aanduiding van die Antichris is (vgl. Ridderbos, H.: Koninkrijk, p. 412 v.), vind die struikeling plaas, tree die valse profete op, vermeerder die ongeregtigheid en vind die groot verdrukking plaas. In die briewe van Johannes vind ons dit ook: die valse profete, die leuen, die dwaalleer, die verloëning van die Vader en die Seun, die verleiding, ens. vind plaas rondom "die Antichris" of die "baie antichriste" (1 Joh. 2:18-23; 4:1-3; 2 Joh. 7-11). In Openbaring wat baie nou by Daniël aansluit en talle ooreenkomste vertoon, kom dieselfde voor: met die lastering van God en die hemelinge deur die dier uit die see (- Antichris, Openb. 13), gaan gepaard die aanbidding van die dier en sy beeld, wat die afval van God impliseer, die apostasie.

Die apostasie wat moet plaasvind dra ʼn duidelike endgeschichtliche karakter. In die Daniëlprofesieë word die optrede van die Antichris-figuur en die afval steeds verbind aan "die tyd van die einde", vgl. Dan. 11:35, 40; 12:4, 6, 9. In die Profetiese Rede van Mark. 13 par. word die afval ook geteken as ʼn eskatologiese verskynsel: dit is teken van die eindtyd wat die paroesie van Christus sal voorafgaan, Matt. 24:29, 30, 33; Mark. 13:24-29; Luk. 21:8 vv., vgl. 27 - 31. Trouens, Jesus se uitspreek van die Profetiese Rede, en dus ook sy verwysing na die wetteloosheid en misleiding, haat, opstand, liefdeloosheid, vervolging van die gelowiges en so meer, is juis ʼn antwoord op die vraag van die dissipels na die wanneer, en na die teken van Jesus se <u>wederkoms</u> en van die <u>voleinding</u> van die wêreld, Matt. 24:3. Bolkestein (a.w.,p. 195) sê in hierdie verband: "Afval behoort tot de verschijnselen van de laatste tijd, de eindtijd."

G. Mayer (1919. p.192) merk treffend op dat die huidige boosheid in die wêreld "nur ein Vorspiel und eine Entwicklungsphase jener Endperiode" is, en wie hoop dat die mensdom steeds beter sal word en "daz ein allgemeines Weltverbrüderingsfest der Endpunkt des Kulturfortschrittes sein wird," sal beskaam word.

In verband met die afval waarna Paulus in 2 Thess. 2:3 verwys, kan dus al dadelik tweërlei gevolgtrekkings gemaak word. Eerstens toon die Skrifgegewens dat dit steeds in die nouste verband staan met die optrede van die Antichris, en moet ons aanvaar dat die afval ʼn integrerende deel uitmaak van die Skrif se Antichris-tradisie; dat die apostasie ʼn vaste element verteenwoordig van die Bybelse "fixed fund of knowledge" in verband met die Antichris, dat Paulus se lesers wat bekend was met die Antichris-konsep (2 Thess. 2:5 en 6), ook bekend was met die aard van die afval wat moet plaasvind.

Tweedens moet hierdie afval gesien word as ʼn eskatologiese verskynsel. Dit sal plaasvind in die eindtyd. Miskien kan hier ʼn parallelle lyn getrek word met die Antichris soos Johannes hom skilder: Hoewel daar nou reeds baie antichriste is, moet die Antichris nog kom, en parallel hiermee loop die apostasie-lyn: hoewel daar nou alreeds baie afval is, moet diè (groot eskatologiese) Afval nog kom. Paulus se woorde aan Timotheüs bevestig ook die eskatologiese karakter van die afval: "Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang" (1 Tim. 4:1) en ook (2 Tim. 3:1): "Maar weet dit, dat daar in die <u>laaste dae</u> swaar tye sal kom, want die mense sal liefhebbers van hulle self wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars ....."

In 1 Tim. 4:1 gebruik Paulus die uitdrukking: ἐν ὑστέροις καιροῖς "in die latere tye", wat wel nie in die eerste plek ʼn eskatologiese duiding het nie, maar nou kan die ooreenkoms met 2 Tim. 3:1 vv. nie ontken word nie, waar dit oor dieselfde saak handel, die afval en die dwaalleer, maar in laasgenoemde net meer gespesifiseer, terwyl die eskatologiese bedoeling van 2 Tim. 3:1 onmiskenbaar is: ἐν ἐσχάταις ἡμέραις.

In hierdie twee tekste waarsku Paulus om voorbereid te wees vir die afval wat in die toekoms gaan plaasvind, en dan spesifiek "in die laaste dae".

## 4.2. Karakterisering van die Afval

Hoewel die meeste skrywers in hoofsaak ooreenstem oor wat verstaan moet word onder die afval wat Christus se wederkoms moet voorafgaan, is daar tog ook aansienlike verskille wat die nadere presisering van die begrip betref. Om mee te begin:

Waar "apostasia" in so 'n noue verband staan met die Antichris en in een asem genoem word met die persoonsaanduidinge van die Antichris as "mens van die sonde", "seun van die verderf" en "teëstander", daar wil sommige, soos Wohlenberg[5)], die term "apostasia" ook betrek op die Antichris as 'n verdere aanduiding van sy persoon. Paulus se bedoeling sou dan wees om die Antichris aan te dui as die "vleesgeworde opstand" teen God. Latere patristiese skrywers het wel hierdie identifikasie-verband gelê tussen die Antichris en die opstand teen God (by voorbeeld Chrysostomus), maar dit bewys nog nie dat Paulus dit wel so bedoel het nie.

In die karakterisering van die afval gaan Ridderbos hoofsaaklik uit van Paulus se skildering in 2 Thess. 2 en bring dit dan in verband met 2 Thess. 2:7: "Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk". Die Antichris se optrede wat gepaard gaan met allerlei tekens en wonders van die leuen, volgens die werking van die Satan, vorm alles 'n deel van die apostasie. Die kern van die afval is die mens se ongeloof in die Evangelie - daarom word hy ook die prooi van die "begoocheling van de satanische macht door de mens der wetteloosheid". Hoewel daar nou reeds ongeloof en goddeloosheid is, moet dit onderskei word van die eintlike, groot komende "explosie van zonde. Dit is de apostasie". Vir sover hierdie eskatologiese "sonde-ontploffing" nog nie gerealiseer is nie, is die wetteloosheid nog "verborge". Hierdie verborgenheid is egter reeds aan die werk.

107/...

---

5) Wohlenberg: I und II Thessalonicherbrief$^2$, p. 145, aangehaal by Vos, G.: (a.w.,p. 123). Vos wys hierdie siening af: "The feminine gender of apostasia and the use of the article seem to us to tell against this view."

Die anomia waarvan Paulus spreek wat niks anders as die apostasie is nie, het reeds begin en "zij is te zoeken in de weerstand en vijandschap tegen het evangelie en in de daartoe aangewende middelen".[6]

In ooreenstemming met sy beskouing van die Antichris as 'n steeds teenwoordige, dreigende aktuele mag in die hede wat ook steeds "die laaste uur" is, sien Berkouwer die afval as 'n steeds teenwoordige "eschatologische dreiging" waarteen Christus waarsku en vermaan: "Ziet toe, dat niemand u verleide! (Matt. 24:4). Er is een gevaar van een verkilling der liefde en een toenemen der ongerechtigheid (Matt. 24. 24:12) ... In al deze vermaningen gaat het nimmer om verre mogelijkheden, maar om gevaar en dreiging in het heden, in de gemeente, die nù omringd wordt door vervolgers, leugensprekers en dwaalgeesten (1 Tim. 4:2)".[7]

Deur die teenwoordigstelling van dieeskatologiese afval, die "Vergegenwärtigung" van die"Endgeschichte" word die apokalips ontneem van sy profeties-proleptiese karakter as gevolg van die realisering van die "Endzeitliche" in die hede, en daarom geld dan ook dieselfde kritiek op Berkouwer wat betref sy siening van die apostasia as diè van die Antichris. By die groot meriete van sy siening wat die erns wil benadruk van die Skrifboodskap vir elke dag en in elke tyd, die aktualiteit en ongebroke erns van die eskatologiese gebeure, hier en nou, word dit by Berkouwer tog 'n skeeftrekking en 'n ont-apokaliptisering van die eskatologie, en word nie reg gedoen aan die programmatiese, temporiserings-karakter van die laaste dinge nie.

In die voorsegging van die apostasie wat moet kom, sien Berkouwer dan ook die "waarschuwing tegen het vallen, het terugvallen nà de verlichting en na de erkentenis der waarheid." Dis die waarskuwing teen afdwaling en vervreemding van God (Hebr. 3:12, Ps. 95). Die apostasie dra dan ook altyd 'n relasionele karakter: alleen vanuit die heil wat met Christus gekom het, kan die

108/...

---

[6] Ridderbos, H.: Paulus, p. 588v.

[7] Berkouwer, G.C., (a.w.,p. 63v.)

apostasie begryp word - alleen as daar lig is, bestaan die gevaar om die duisternis liewer te hê as die lig. Afval is nooit ŉ onafhanklike, selfstandige gebeurtenis nie - "ze is niet een te isoleren verschijnsel of een moreel (immoreel) gebeuren. Ze staat altyd - evenals de antichrist - in relatie tot Hem, die de Eerste en de Laatste is..."[8)]

Pogings tot ŉ nadere tipering van die eskatologiese afval is aangewend deur Antanas Maceina deur gebruik te maak van die twee begrippe "verloën" en "vergeet"[9)], en deur te vra op watter van die twee begrippe die klem val in die apostasia. Maceina meen dit is "vergeet": dit teken die verste, diepste stadium van die afval. Verloëning beteken dat die mens hom darem nog besig met God hou, besig om teen Hom te stry. Die "vergeet"-stadium is egter verder van God af wanneer "Gott diesem Menschen nicht mehr wirklich(ist)", wanneer die mens in ŉ "absolute Gleichgültigkeit Gott gegenüber" staan, waar die mens selfs nie meer moeite doen om God te beveg in die ateistiese denke nie. Berkouwer wys op die waarheidsmomente in hierdie onderskeiding: "Niet voor niets worden de gelovigen geroepen tot de ἀνάμνησις, de gedachtenis van Christus' sterven (Luk. 22:19) en tot het in gedachtenishouden dat Jezus Christus uit de doden is opgewekt (2 Tim. 2:8), gelijk het "vergeten" een belangrijk element is geweest in Israels afvalligheid (vgl. Ps. 106: 13, 21; Ps. 103:2)".[10)]

Tog kan en sal die groot afval aan die einde van die tyd soveel vorms en gestaltes en skakeringe aanneem dat dit nie met een woord voldoende gekarakteriseer kan word nie. Om God te vergeet, sal wel èèn manifestasie van die groot apostasie wees, maar daar sal ook talle ander bykom: vgl. 2 Tim. 3:1-8; Matt. 24:9-12; Matt. 24:37-39 (die dae van Noag); Openb. 13, I en 2 Joh. en so meer.

109/...

---

8) Berkouwer, G.C., (a.w.,p. 64.)

9) Maceina, Antanas: Das Geheimenis der Bosheit, p. 195 v.

10) Berkouwer, G.C., (a.w.,p. 65 v.)

Dwaalleer, wetteloosheid, bandeloosheid, negering van God, lastering, skynvroomheid en talle ander manifestasies van die apostasie sal aan die lig tree in die eindtyd. En agter dit alles moet die kragswerkinge van Satan gesien word en die donker gestalte van die Antichris. Vervolging van die gelowiges - apostasie - Antichris moet in die nouste verband met mekaar gesien word. So word dit ook in die Skrif duidelik geleer: Dan. 7:8, 21-25; 11:31-37; 12:1, 10, 11; Mark. 13 par., 2 Thess. 2:3, 8, 9, 10; 1 Joh. 2:18vv. Openb. 13:5-8, 14-16; 2 Tim. 3:1-8.

## 4.3. Antichris en Apostasie. Die kousale verband

Geleerdes verskil heelwat oor wat die presiese kousale en kronologiese verband is tussen die Antichris en die eskatologiese afval. Wie bring wie voort?[11)]

110/...

---

[11)] Ridderbos (Paulus, p. 588) sien die optrede van die Antichris self as inherente deel van die apostasie, met verwysing na Dan. 11:32 waar ook sprake is van "die afval", maar dáár "meer als het gevolg en uitwerking van het optreden van de grote tegenstander dan als dit optreden zelf. Naar onze mening is dit laatste in ieder geval in de apostasie inbegrepen. Het volgt uit de wijze, waarop het optreden van de mens der wetteloosheid word beschreven."
G. Vos (a.w.,p. 125) is meer eksplisiet in sy uiteensetting van die "inner connection .... between the apostasy, this moral and religious debacle on the grandest of scales and the appearing and activity of the "Lawless One".... In vs. 3 (2 Thess. 2), the sequence indicates that the apostasy comes first, and that on the waves of its tempest the Wicked One is lifted up and carried on to his ultimate destination .... The Lawless One comes when the moment is ripe for placing himself at the head of a movement that has already gained impetus not without his initiative .... The "Man of Sin" has his hand in fanning the flame to its fierceness as a world-conflagration". Hoewel dus nog verborge, is die Antichris reeds aan die werk, hy is al aktief besig, want, "die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk" (vs.7), en hierin neem hy ŉ belangrike aandeel, ja, hy neem die inisiatief daarin!
Werner de Boor (a.w.,p. 133) verskil hiervan in sy siening van die kousale verband tussen Antichris en Apostasie: "Nein, jener "Abfall" kommt zuerst, geht dem Auftreten des antichristlichen Weltherrschers voran und ist die Voraussetzung dafür. Ehe die Menschheit .... nicht durch "Abfall" dafür reif geworden ist, würde der Antichrist gar nicht den Boden zu seiner Entfaltung finden".

Die apostel Paulus sê "die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk" (2 Thess. 2:10). Aanvaar ons nou dat dit reeds deel is van die groot eskatologiese apostasie, en ons aanvaar saam met G. Vos, Ridderbos en andere dat "die mens van die wetteloosheid" self ten nouste hierby betrokke is en selfs die inisiatief neem in die bevordering van die afval, dan moet ook aanvaar word dat die Antichris reeds daar is en dat hy net wag om geopenbaar te word. Word egter aanvaar dat hy produk is van die afval in die eindtyd, moet afgelei word dat hy op die oomblik nog nie daar is nie,dat hy nog moet gebore word, dat hy as vrug van die afval wat eers ŉ kulminasiepunt moet bereik, nog moet tevoorskyn kom. Miskien kan dit sô gestel word in die lig van 2 Thess. 2:3, 6, 8: Hoewel die Antichris self nog nie gesien word nie, is sy invloed alreeds hier werksaam. In die lig van die standpunt dat die Antichris gesien moet word as ŉ korporatiewe persoonlikheid, is dit ŉ logiese gevolgtrekking: In die gestalte van sy voorlopers en wegbereiders is die Antichris alreeds wesenlik, reëel teenwoordig, inisieer hy reeds die apostasie en moet hy slegs nog op God se tyd in die volle lig geopenbaar word.

111/...

11) (vervolg)
K. Dijk (a.w.,p. 157) is dieselfde mening toegedaan as hy verklaar dat die Antichris "voorafgegaan wordt en opkomt uit de grote afval van de gekerstende **wereld**; hy is een product en tegelijk een exponent van de ontkerstening .... de grote tegenstander tegen Jezus Christus is een kind van de van Christus afgevallen mensengemeenschap" 10)
A.G. Honig (a.w.,p. 832) plaas ook die "afval van God en Christus en van's Heeren Ordinantien" vôôr die openbaring van die Antichris: die afval moet "eerst .... zijn hoogtepunt bereikt hebben ...."
A. Roosen (a.w.,p. 144) se standpunt is direk die teenoorgestelde: Die Antichris veroorsaak die afval. ŉ Sterk oorweging in hierdie verband is die historiese wortel van die apostasie, nl. die Joodse afval-beweging tydens Antiochus Epifanes. "Het is immers Antiochus Epifanes zelf - het model van de mens der goddeloosheid in v.4! - die de bewerker is van de afvalbeweging."

## 4.4. Die "Umwelt" van die Apostasie

As die kader van waaruit die apostasie groei en aangestook word bekend sou wees, sou dit al heelwat lig kon werp op die verwagte verskyning van die "mens van die wetteloosheid."

Waar sal hierdie afval plaasvind? Op die hele **wêreld?** Onder die heidene? In die kerk? Onder alle nasies? Onder die Jode miskien? Anders gestel: Uit watter kring kan redelikerwys verwag word dat die Antichris en apostasie tevoorskyn sal tree wanneer die tyd daarvoor ryp geword het?

Hieroor is daar groot meningsverskille, soos wat enkele streekproewe aan die lig bring.[12]

112/...

---

[12] Berkouwer (a.w.,p. 64) sien die apostasie as iets wat alleen binne die kring van die kerk of gelowiges kan plaasvind, en die waarskuwing teen die afval is dan ook ŉ vermaning teen die "betowering" (om af te dwaal van die waarheid, Gal. 3:1) teen die veragtering in die genade (Hebr. 6:5, of 10:26), die skipbreuk ly in die geloof (1 Tim. 1:1) of afval van die geloof (1 Tim. 4:1). Apostasie is vir hom "het vallen, het terugvallen nà de verlichting en na de erkentenis der waarheid" - en uit die aard van die saak kan dit alleen plaasvind binne die kerk, die kring van die verbond en nie daarbuite onder die heidene wat nog nie tot die lig gekom het nie. Werner de Boor (a.w.,p. 133) redeneer in verband met die Apostasie en die Antichris soos volg: "Beide Ausdrücke weisen zunächst auf Israel ... "Abfallen" im strengen Sinn kan man nur von einer rechtmäszigen und fest bestehenden Bindung. In diesem Sinne gehört nur Israel zu Gott durch einen klaren "Bund". Ebenso besitzt nur Israel im eigentlichen sinne "das Gesetz." Ein Mensch der Gesetzlosigkeit kann streng genommen nur ein Jude sein." (Vgl. Oepke (a.w.,p. 153):"Für das Judentum nun ist...der Antichrist...ein abgetallener Jude.") Leon Morris (a.w.,p. 219) vat ŉ aantal menings so saam: "Hendriksen sees in the absence of any adjective to qualify ἡ ἀποστασία an indication that practically the whole church will apostosize... Lightfoot maintains that the word might apply to Christians or Jews .... but it can have no reference to Gentiles. Denney thinks ... that the term applies accordingly to the Jews. H.A.A. Kennedy says the word can only mean revolt against God. Therefore it must take place among the people who acknowledge the true God, i.e. the Jews". terwyl Morris self meen apostasia is ŉ algemene aanduiding van die opstand van die skepsel teen die Skepper en dit kan dus geld van alle mense: Jode, heidene en Christene.
H. Berkhof (a.w.,p. 108) is baie uitgesproke oor die milieu waaruit die Antichris en die afval sal opkom: "De antichrist kan dan ook niet opkomen uit het heidendom, maar alleen uit een gekerstend-ontkerstende **wereld**. De voorwaarde voor zijn komst is "de" afval (2 Thess. 2:3). Aan hem gaat vele antichristen vooraf, afvalligen, die van de Gemeente zijn

Baie uiteenlopende menings word dus daarop nagehou in verband met die kring, omgewing of Umwelt van waar die groot afval aangestook sal word en waar die Antichris na verwagting in die lig sal tree. Waar die lokalisering van n bepaalde religieuse, sosiale, volkekundige of staatkundige agtergrond tans alleen maar gissings kan wees, hoef daar egter geen twyfel te bestaan oor die omvang wat die apostasie eindelik sal aanneem en die invloedsfeer en magsgebied van die Antichris se optrede nie; Openb. 13:7 v. wys dit aan... "aan hom (die dier uit die see, Antichris) is mag gegee oor elke stam en taal en nasie. En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid (almal) wie se name nie in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie." Van hierdie Antichris-dier word ook gesê: "En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan" (Openb. 13:3), en daar is ook sprake van die aanbidders van die dier wat sy merk ontvang: "almal, klein en groot, en die rykes en die

113/...

---

12) (vervolg)
uitgegaan, omdat ze niet tot haar behoorden (1 Joh. 2:18 v). De antichrist is het organische eindproduct van een gekerstende wereld. Deze gedachte is zeer wezenlijk voor het getuigenis van het Nieuwe Testament (2 Thess. 2:3, 7; 1 Joh. 2:18, 4:3; Openb. 13)"
K. Dijk (a.w.,p. 157) sien die Antichris ook opkom uit die groot afval wat sal plaasvind binne die Christendom: "hy is een product van de ontkerstening, en hij zal ... ook geen heiden maar een afgevallen Christen zijn".
J.A.C. van Leeuwen (a.w.,p. 194) waarsku dat ons nie die pseudomessiasse en valse profete (vgl. Matt. 24:11 v; 14) wat meer kere uit die Jodedom opgestaan het (tot in die tweede eeu n.C. nog), moet verwar met die Antichris-figuur nie; gevolglik "moeten wij o.i. niet denken aan een van de Jodendom uitgaanden afval en een uit het Joodse volk opkomenden Anti-Christ".
Calvyn (Institusie, boek IV. hfst, ix.4, vertaling Sizoo, p. 184) sien die groot afval van 2 Thess. 2 en die Antichris, opkom uit die kerk, en verwys onder meer na Paulus se woorde aan die ouderlinge van Efese in Hand. 20: 29, 30 dat daar "wrede wolwe" onder die kudde sal inkom - "Ja, uit julleself sal daar manne opstaan." In sy Novi Testamenti Epistolas Commentarii dui Calvijn die Antichris, die afval, en die plek nog nader aan: "nam Paulus non alibi Antichristum locat, quam in ipso Dei Sanctuario. Non enim externus est hostis, sed domesticus.... templum ergo Dei esse fateor, in quo dominatur Papa..." (p.211).
Calvijn verwag n wêreldwye opstand binne die sigbare kerk teen God: "Apostasiam ergo vocat Paulus perfidam a Deo defectionem: nec eam unius hominis vel paucorum, sed quae longe lateque in maiori hominum multitudine grassetur. Nam quum apostasia sine adiectione nominatur, non potest restringi ad paucos ....
Praedicit ergo Paulus generalem quandam visibilis Ecclesiae

armes, en die vrymense en die slawe..." (13:16). Wêreldwyd dus - onder alle nasies, taal- en etniese groepe, alle sosiale bevolkingslae en ouderdomsgroepe, in elke samelewingsverband sal die apostasie geopenbaar word (vgl. Openb. 17:2, 8; 18:3) en die dier aanbid word in die universele opstand van die mensdom teen God. Oral, en deur almal .... wie se name nie in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie! (Openb. 13:8, vgl. Dan. 12:1c, Openb. 3:5, 17:8; 21:27).

114/...

---

12) (vervolg)
defectionem..." (Novi Testamenti Epistolas Commentarii. Volumen II. Halis Saxonum. 1934, p. 209)
E. Best (a.w.,p. 282) verklaar dat Paulus nie so vroeg as 2 Thess. 2 alreeds so pessimisties kon wees nie "as to envisage an apostasy of Christians; moreover the N.T. gives the impression that the elect will not fail (cf. also Mt. 16:18)." Andersyds is dit ook moeilik te aanvaar dat Paulus die Jode hier in gedagte het i.v.m. die groot afval van die toekoms: "Had they not already apostosized in the crucifixion of Jesus?" Maar aan die ander kant weer hoop Paulus op ŉ bekering van die Joodse volk (Rom. 9-11. In 11:26 sê Paulus selfs: "en so sal die hele Israel gered word...")
Ridderbos meen dat die "geheim van die wetteloosheid" reeds werksaam is, maar dat die eintlike eskatologiese apostasie, die "explosie van zonde" nog moet kom en te soek is "in de weerstand en vijandschap tegen het evangelie"(Paulus, p. 589). ŉ Groep, omgewing, of enige nadere aanduiding word nie gegee nie. Die apostasie word blykbaar ingedink as oral waar die Evangelie nie aangeneem word nie, maar weerstaan word.
Traugott Hahn (1921, p.20) verklaar: "Die wahren Christen und die Namen-christen ... werden immer schärfer auseinander gehen. Denn es ist gewisz, dasz Paulus hier (sc. 2 Thess. 2:3) von einem innerhalb der Christenheit sich vollziehenden Prozesse redet, und nicht von der Heidenwelt. Den nur innerhalb der Christenheid kann von einem Abfall die Rede sein".
J.E. Frame (a.w.,p. 251), meen dat Paulus nie ŉ afval bedoel van die Jode t.o.v. Moses, of van die Christene t.o.v. Christus nie (Paulus verwag dat alle gelowiges gered sal word (1 Kor. 3:15), maar die opstand van die "non-Christians as a whole", die kinders van die ongehoorsaamheid, "in whom the evil spirit is now operating."

## 4.5. Saamvattende gevolgtrekkings

1. Die onlosmaaklike verbondenheid van Antichris en eskatologiese afval soos Paulus dit in 2 Thess. 2 beskryf, word deur die res van die Skrif bevestig: Die optrede van die Antichris gaan hand aan hand met die opstand van die mensdom teen God en sy Seun Jesus Christus. Die wyse waarop Paulus na die apostasie verwys in 2 Thess. 2 wys sterk in die rigting dat dit ŉ bekende, integrale deel was van die Bybelse Antichris-tradisie, en die res van die gegewens skyn dit te bevestig.

2. Die "afval" moet gesien word as ŉ eskatologiese begrip. Saam met die verskyning van die Antichris vorm dit ŉ noodsaaklike voorvereiste vir die wederkoms van Christus. Dat hierdie groot afval van die mensdom, die opstand teen God, verwag word in die eindtyd of "laaste dae" word deur die Skrifgegewens bevestig.

3. Die afval wat moet plaasvind, kan ŉ veelvoud vorms aanneem: wetteloosheid, lastering, vyandskap, haat, liefdeloosheid, selfsug, materialisme, vergeet en verloëning van God, bandeloosheid en sedeloosheid, dwaalleer, ateïsme en so meer. Waarskynlik sal elke vorm van sonde sy toppunt bereik in die komende "explosie van zonde" in die eindtyd.

4. Wat die oorsaaklike verband tussen die afval en die Antichris se verskyning betref, moet gestel word dat die Antichris sowel produk as instigator is van die eskatologiese afval. Die Apostasie is die noodsaaklike voorbereiding wat die mensdom moet gereed maak vir die Antichris se koms en optrede; terselfdertyd is die Antichris ook self aktief besig om die afval, die rebellie teen God aan te stook. Hy is self korporatief verbonde aan sy voorlopers en wegbereiders, en is in hulle alreeds wesenlik teenwoordig en besig om die oomblik van sy verskyning voor te berei. Hy is dan ook ŉ sigbare vergestalting en produk van die mensdom se afval en opstand teen God deur die eeue.

5. Daar is aansienlike meningsverskille met betrekking tot die lokalisering van die omgewing, die agtergrond, die sfeer of Umwelt waar die apostasie en die openbaring van die Antichris 'n aanvang sal neem. Of die apostasie en die Antichris sal kom uit die Jode, Christene of heidene, uit die kerk of uit die wêreld: daar is veel te sê vir elk van hierdie standpunte ... en ook baie daarteen. Die spekulasies hieroor, soos diè van die vroeë of Middeleeuse kerk wat die Antichris gesien het as komende uit die stam van Dan, gebore in Babilon en dies meer, moet liewer nagelaat word omdat die Skrif hom nie daaroor uitspreek nie.

6. Wat die omvang van die eskatologiese afval betref, moet dit in die lig van die Skrif gesien word as wêreldwyd. Elke stam en taal en volk en nasie sal betrek word by die groot afval van God in die eindtyd. Hulle sal die Antichris aanhang en God verloën (vgl. Openb. 13:13b, 7, 8, 14, 16; 14:8; 17:8; 11:3; Matt. 24:7, 9, 14, 21 vv. Luk. 21:25, 26.) .... behalwe diè wie se name geskryf is in die boek van die lewe.

# HOOFSTUK 5

# DIE WEERHOUER

## 5.1. Die Beginsel van weerhouding

Wanneer Paulus aan die Thessalonicense skryf met die doel om hulle oorspanne Naherwartung te korrigeer deur te wys op dit wat nog moet gebeur voor Christus se paroesie sal plaasvind, dan toon hy die tydsordelike, programmatiese verband binne die toekomsgebeure aan deur te wys op drieërlei gebeurtenisse wat eers moet plaasvind vóór die wederkoms: Die afval moet kom en die mens van sonde geopenbaar word, maar vóór dit kan gebeur, moet nog eers iets anders plaasvind: daar is iets of iemand, wat aan die Thessalonicense bekend was, wat die openbaring van "die mens van die wetteloosheid" nog terughou; ŉ persoon of ŉ mag wat nog in die weg staan van die Antichris sodat hy nog nie kan verskyn nie: "En nou, julle weet wat (hom - ons moet hier aan die Anomos dink) teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die wettelose geopenbaar word..." (2 Thess. 2:6-8a).

Wat hier opvallend is, en die verklaring aansienlik bemoeilik, is die eienaardige gebruik van die werkwoord κατέχειν, terughou, weerhou, vashou[1] - dit word in Vss. 6 en 7 in twee participiumvorms direk nå mekaar gebruik, met die eerste participium in die neutrum, naamlik κατέχον "dit wat teëhou", en die tweede in die manlike vorm (κατέχων "hy wat teëhou"). Dadelik staan ons dus al voor die probleem: Moet die "weerhouer" van die Antichris gesien word as ŉ (manlike) persoon, of as iets onpersoonliks, of kan dit moontlik albei wees: ên ŉ persoon en ŉ

117/...

1) κατέχον en κατέχων : dieselfde verskynsel as wat ons aantref i.v.m. "die gruwel van die verwoesting" se twee participia, een manlik (Mark. 13:14: ἑστηκότα ) en een neutrum (Matt. 24:15: ἑστὸς ).
Die betekenis van κατέχειν : G. Vos (a.w., p. 133v) meen dat dieper ingegaan moet word op katechein in sy betekenis van "to occupy; hold in posession - It is not unthinkable that through its overready acceptance of the meaning "to keep back" or "to restrain" the exposition may have been thrown upon a wrong track." Tertullianus en Augustinus het katechein opgeneem sowel in die sin van "tenere" as "detinere".
Leon Morris (a.w., p. 225) verklaar dat katechein kan beteken: "hold back", "restrain", soms ook "hold fast" (1 Thess. 5:21), en dan soms as intransitief: "hold sway".

saak ('n mag, groep, instelling), verteenwoordig deur 'n persoon, of gepersonifieer as 'n persoon?

Voorts moet nog 'n probleem onder oë gesien word: die betekenis van die woordjie νῦν in vers 6: καὶ νῦν τὸ κατέχον οἴδατε
Die plasing van νῦν lewer verskillende moontlikhede wat die vertaling beïnvloed:

1. νῦν kan geneem word by τὸ κατέχον. Die vertaling lui dan: "En julle weet wat (hom) <u>nou weerhou</u>....." (Wat hom later sal weerhou, weet julle nie).
2. νῦν kan geneem word by οἴδατε wat dan as vertaling gee: "En <u>nou weet julle</u> wat (hom) weerhou..." (Voorheen het julle nie geweet nie en sal later ook miskien nie weet nie.)
3. νῦν staan ongeveer selfstandig sodat dit vertaal kan word: "En nou, julle weet wat (hom) weerhou..." νῦν het in hierdie geval geen temporele betekenis nie en dui slegs oorgang aan tot 'n nuwe gedagte.

Waar 1. die mees logiese moontlikheid is, word dit verkies om νῦν te neem by τὸ κατέχον: dit wat <u>nou</u> weerhou. Deur Paulus se onderrig aan hulle, weet hulle wie of wat dit is wat die Antichris tans nog teëhou sodat hy nie nou al geopenbaar kan

118/...

---

1) (vervolg)
W. Hendriksen (1 & 2 Thess. p. 180, 181) onderskei vier betekenisse:
1. "to possess, have, hold: 1 Cor. 7:30; 11 Cor. 6:10
2. to take possession of: Luke 14:9
3. to hold fast or keep: Luke 8:15; Rom. 7:6; 1 Cor. 11:2; 15:2; 1 Thess. 5:21.
4. to hold back, restrain, detain: Luke 4:42; Rom. 1:18; Philemon:13."

Die mees natuurlike in die konteks van 2 Thess. 2:6,7 is 4. Soms word 2 Thess. 2:6, 7 in verband gebring met Job 7:12 (bewaking van 'n seemonster), Openb. 20:1-3 (die draak gebind vir 1,000 jaar lank), of selfs verkeerdelik in verband gebring met sekere apokriewe, en die "mens van die wetteloosheid" wat nog teruggehou word, gesien as 'n mitologiese wese.
D.B.W. Robinson: "That which restrains" or "that which holds sway " meen dat ons katechein in 2 Thess. 2:6, 7 moet sien as <u>'n titel</u>, en moet vertaal as "hy (of dit) <u>wat mag het</u>" eerder as "weerhou". "Wat mag het" kan dan alleen Rome wees, wat regeer oor, mag het oor die "wettelose". Rome en die Antichris staan aan dieselfde kant, en miskien moet die Antichris self nog gesien word as die heersende mag.
Wat vir hom in elk geval duidelik is, is dat die rebellie teen God kom vanaf die kant van die heersende mag. Voorlopig is dit nog verborge, maar dit is reeds aan die werk, vs. 7. (Internationale Zeitschriftenschau für Bibelwissenschaft und Grenzgebiete, Düsseldorf, Band XI, 1964-65, p. 124.)

word nie. Wat hom vorentoe in die toekoms sal weerhou, weet hulle nie.[2)]

Wat Paulus se rede ook al mag wees om in 2 Thess. 2:6 die neutrum participium κατέχον te gebruik, en in vers 7 die manlike κατέχων, bly die betekenis wesenlik dieselfde: die Antichris word teëgehou omdat die tyd vir sy verskyning nog nie reg is nie; die tyd is nog nie ryp nie (καιρός, vers 6, het die betekenis van: die "regte tyd", die geleë oomblik!); hoewel die "verborgenheid van die wetteloosheid" reeds werksaam is, wat in die nouste verband staan met die "mens van die wetteloosheid" (verse 7 en 8), en die Antichris sodoende alreeds in die geheim, op ŉ wyse wat vir ons verborge is, ŉ aktiewe rol speel in die wetteloosheid, tog kan hy nog nie geopenbaar word en vanuit die skaduwees in die lig tree nie. Hy word nog teruggehou deur iets of iemand. Hiermee is die beginsel van die weerhouding, soos ons dit by Paulus vind rondom die Antichris-gedagte, aan die lig gestel. Die gedagte van die weerhouding, die beteueling van die kwaad of van die bose en demoniese magte, kom ook elders in die Skrif voor, en is karakteristiek van die profeties-apokaliptiese skildering. In Eseg. 38:4 sê God van die apokaliptiese figuur van Gog (vgl. Openb. 16:14, 20:8): "En Ek sal jou weglok en hake in jou kakebene sit" waarin waarskynlik ook die beginsel van weerhouding gesien moet word: Waar Gog wil optrek met sy magtige leër om Israel te verwoes, word hy deur God nog teruggehou. (Vgl. ook Eseg. 29:4: In Egipte se kakebene sal hake geslaan word.)

119/...

---

[2)] Teen hierdie plasing van νῦν kan ingebring word: As die lesers dan geweet het wat die Anomos "nou" weerhou waarom bring Paulus dit dan tog onder hulle aandag? Om dieselfde rede waarom hy die hele Antichris-gedagte onder hulle aandag bring - iets wat ook tog aan hulle bekend was. Die ander moontlikheid: "En <u>nou</u> weet julle wat weerhou..." (wat julle vroeër nie geweet het nie, ook nie toe ek by julle was nie) moet uitgesluit word. Watter nuwe kennis het hulle intussen vanaf Paulus se vertrek bekom? Hier verval mens in nuttelose spekulasies.

In die opeenvolging van die apokaliptiese gebeurtenisse van Openbaring, vind ons die verskynsel van terughouding van die finale einde: Telkens, as dit lyk of die finale oordeel gaan aanbreek, begin ŉ nuwe reeks onheile (vgl. Openb. 5-11), wat die slotfinale nog meer vertraag en terughou. Wat die weerhouding van die bose invloede betref, moet ook dit gesien word as kenmerkende apokaliptiese beginsel[3].

In aansluiting by die Bybelse verskynsel van weerhouding van die bose en demoniese magte, verwys Ridderbos ook na buite-Bybelse geskrifte, soos die laat-Egiptiese gebed wat deur Bauer[4] vermeld word, waarin dieselfde verskynsel van weerhou, in bedwanghou voorkom: die mitologiese draak word deur die god Horus teëgehou; in die "Zauberpapyri" is dit weer die engel Migael wat die groot draak teëhou. Dit laat ook onmiddellik weer dink aan Daniël 10:13, 20, 21, waar verwys word na die stryd in die engelewêreld, naamlik dié van Migael teen die "vorste" van Persië en Griekeland.

Hoewel hierdie voorbeelde van weerhouding nie enige verband met mekaar het nie, werp dit tog lig op die begrip van die weerhouding en die weerhouer: die weerhouer is ŉ mag of persoon wat God daargestel het om die finale magsopenbaring van die sataniese teë te hou; die openbaring van die Antichris moet op dieselfde wyse nog teruggehou word, tot op die presiese tyd wat God daarvoor

120/...

---

3) "In het algemeen is deze "weerhouding" te omschrijven als hetgeen, krachtens de daarvoor geldende raad van God, de uitbarsting van de satanische goddeloosheid in de mens der zonde tegenhoudt vóór de door God daarvoor gestelde tijd. Niet ten onrechte is herinnerd aan hetgeen in Openb. 20:2 gezegd word over de opsluiting en de binding van de satan, vgl. ook Luc. 8:31". (Ridderbos, Paulus, p. 586.)

4) Bauer: Wörterbuch: Horus word genoem κατέχων δράκοντα en in die "Zauberpapyri" word gespreek van Μιχαήλ...κατέχων...δράκοντα (Paulus, p. 586).
Whiteley (a.w., p. 101): "Dibelius argued that there was a binding or restraining of mythological figures.... That the 'Man of Lawlessness' and the restrainer have mythological overtones is clear, but they cannot be exclusively mythological, since he who now restrains is already active in present history..
Meer nog: Paulus en sy lesers weet wie dit is!

bepaal het (die kairos!. Vgl. ook Best, a.w.,p. 292:..."it is God who determines the time of events and people, especially of those with an eschatological reference.") Die voorstelling is dus nie diè van ŉ terughouding van die tyd, van die gebeurtenisse alleen nie, maar diè van die terughou, die vashou van die bose figuur wat elke oomblik wil losbreek en uitbreek in sy finale verskyning. Hepp beweer (a.w.,p. 97): "Er werkt in elken tijd, ook in de onzen, een verwoede drang, een onheilig persen, een demonisch drijven om den Antichrist tot openbaring te brengen."

Wanneer die tyd ryp geword het en voldoen is aan al die tydsordelike vereistes; wanneer die gebeurtenisse en voorbereidings vir die verskyning van die "wettelose" afgehandel is soos in God se raad bepaal, dan sal die weerhouer weggeneem word, "en dan sal die wettelose geopenbaar word" (2 Thess. 2:8). Die verwydering van die weerhouer, wat die weg open vir die Antichris se <u>verskyning</u>, word beskryf as ἐκ μέσου γένεσθαι. 5).



---

5) ἐκ μέσου γένεσθαι: Sommige meen dat die uitdrukking beter pas by ŉ <u>vyand van God</u> wat uit die weg geruim word (so Whiteley, a.w.,p. 101), ook D.B.W. Robinson, (vgl. voetnoot 1) asook Best, a.w.,p. 301. Die opvatting van katechon as ŉ heersende mag, bring noodwendig so ŉ verklaring mee.

In verband met ἐκ μέσου γένηται verklaar Hiebert (a.w.,p. 313): "The aorist tense points to a definite event, while the subjunctive mode leaves the time undetermined. The deponent verb does not denote removal by an outside force but rather a voluntary act on the part of the restrainer. He will terminate his restraining function when he is "out of the way", literally, "out of the midst"."

Andersyds verklaar Auberlen en Riggenbach (a.w.,p. 129v.): "That the latter phrase <u>might</u> denote a violent death, is not to be denied; that it <u>must</u> be so, is not to be asserted (comp. Coll. 2:14; 1 Cor. 2:2; 1 Tim. 2:14)... as to the manner, in which the κατέχων gets out of the way, the expression says absolutely nothing".
Om dit in gedagte te hou, is belangrik in ŉ poging om die weerhouer te identifiseer. As met die uitdrukking ŉ gewelddadige uitsetting uit die pad gesuggereer sou word, kan Christus, die Heilige Gees of God Self nie as weerhouer gesien word nie.

## 5.2. Identifisering van die Weerhouer: Verskillende Hipoteses[6]

### 5.2.1. Christus, sy gemeente, en die Heilige Gees as Weerhouer

Sommige wil Christus sien as weerhouer, of **die** kerk waarin Hy woon deur sy Heilige Gees. Op hierdie wyse kan verklaar word hoe Paulus die weerhouer sowel as ʼn persoon en as ʼn saak kan aandui (ὁ κατέχων en τὸ κατέχον). Volgens hierdie mening word dit dan volgens De Boor so gesien: "Solange die Gemeinde, das "Salz der Erde", noch da sei, könne die Welt eben nicht in das letzte Stadium der völligen Verfaulung übergehen. Und so lange der Heilige Geist in der Gemeinde noch in der Welt sei, lasse er den letzten Aufbruch der "Gesetzlosigkeit" nicht zu. Erst mit Entrückung der Gemeinde werde darum die Bahn frei für den Antichristen"[7].

Hierdie siening bied die voordeel dat Christus Self gesien word as aktief besig om die koms van die Antichris te bestry en as Koning van die kerk sy volk te beveilig teen die Antichris wat soos ʼn verskeurde roofdier teen die tralies spring, wat wil uitbreek om die kerk te verskeur. Dit bied ook die gesigspunt dat die gemeente self aktief betrokke is in die stryd, dat die bedreiging van die Antichris nie ʼn "verre saak" is nie, maar dat die gelowiges daagliks ingeskakel word in die weerhouding van die eskatologiese "mens van die sonde". ʼn Ander voordeel is dat die wyse van Paulus se verwysing na die weerhouer verklaarbaar word: èn ʼn persoon, èn ʼn saak, ʼn groep of mag. Die feit dat Christus die gelowiges "die sout van die aarde" noem (Matt.5:13), en dat die groot verrotting, die finale sondeuitbarsting eers ongehinderd kan plaasvind as die gelowiges, die kerk met sy bederfwerende invloed nie meer daar is nie, maak hierdie ʼn aantreklike siening; ook diè feit tel in die guns van hierdie verklaring dat, solank die kragtige werking van die Heilige Gees nog daar is in die kerk en op aarde onder die nasies, die groot



[6] Vgl. Moore, a.w.,p. 102v.; Roosen, a.w.,p. 154v.; Hendriksen, a.w.,p. 181v.; Frame, a.w.,p. 259-62; Bolkestein, a.w.,p. 203v; Best, a.w.,p. 296-8.

[7] De Boor, W., a.w.,p. 97.

afval wat in die nouste verband staan met die verskyning van die Antichris, nie ongehinderd kan plaasvind nie.

Teen hierdie hipotese kan egter ook ernstige besware ingebring word: Die verwydering (of onttrekking) van Christus en sy Heilige Gees van die aarde af vòòr die verskyning van die Antichris en ook die verwydering van die kerk van die aarde af sodat daar geen gelowiges op aarde meer sal wees as die paroesie van Christus plaasvind nie, vind nie steun in die Skrif nie; vgl. ook 1 Thess. 4:17: "ons (gelowiges) wat in die lewe oorbly" (nl. tot met die wederkoms).

Waar Paulus in 2 Thess. 2 kortliks stel wat alles nog die paroesie moet voorafgaan (die wegneem van die weerhouer, openbaring van die wettelose en die apostasie) kan redelikerwys verwag word dat, as die kerk éérs moes weggeneem word, vòòr die paroesie, Paulus dit sekerlik ook sou gestel het. Hoe aantreklik hierdie mening dus voorkom om Christus, sy gemeente of die Heilige Gees as die weerhouer te sien, moet dit afgewys word.

J.W.J. van Ryssen, Hiebert, e.a.[8)] wat die Heilige Gees as weerhouer wil sien, voer aan dat die feit van die wegneming van die weerhouer, nie impliseer dat die Heilige Gees dus nie weerhouer kan wees nie: Die Heilige Gees sal weggeneem word, wel nie van die kerk nie, maar van die afvallige mensdom, soos dit blykbaar voor die Sondvloed gebeur het, as die woorde van Gen.6:3, "Toe sê die Here: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is...", opgeneem word in die sin van 'n onttrekking van die Heilige Gees aan die mensdom. Hierdie interpretasie van Gen. 6:3 gaan egter gebuk onder verskeie besware:

123/...

---

8) Van Ryssen, J.W.J.: Die Messias uit die aarde, Potchefstroom, 1956[2], p.27.
Hiebert (a.w.,p. 313): Die weerhouer wat "out of the midst" sal weggeneem word, impliseer dat hy tans "in the midst" is - "This seems to point clearly to the Holy Spirit...as the indweller of the saints"(in die huidige Pinksterbedeling, wat egter eindig met die terugkeer van die Heilige Gees na die hemel). "Since the removal of the Restrainer takes place before the manifestation of the Lawless one, this identification implies a pretribulational rapture". Christus neem sy Gees en sy kerk tegelyk weg van die aarde af voordat die Antichris verskyn.

In Gen. 6:3 word nie onderskei tussen gelowiges en ongelowiges nie: daar word gespreek van "die mens" wat "vlees" is. Word dus gedink aan onttrekking van God se Gees aan "die mens", dan sluit dit almal in: die mensdom sowel in sy gelowiges as ongelowiges, dus ook die kerk. En dit, toon Hepp aan (p.100), sal juis nie gebeur nie. Die woorde "My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is", moet eerder gesien word as 'n terugtrekking van die gees van die lewe (wat gegee word deur God se Gees, Ps. 104: 29, 30, vgl. Ps. 33:6); 'n aankondiging van die komende oordeel dus, die beëindiging van die menselewe in die Sondvloed. Word die Heilige Gees as weerhouer gesien, sou die wegneem daarvan (as beginsel van die lewe in die skepping) impliseer dat die lewe op aarde ophou. Sonder die gawes wat die Gees van God skenk op die terrein van die algemene genade, sal die ongekende kulturele opbloei wat volgens Openbaring in die eindtyd onder die regering van die Antichris verwag moet word, onmoontlik wees; eindelik is dit 'n baie wesenlike beswaar: Kan God sy Gees onttrek aan die goddelose mensdom sonder dat ook die Vader en die Seun onttrek word? En as dit gebeur, verval alles onmiddellik tot chaos.[9] Die hipotese wat die Heilige Gees dus as weerhouer wil sien, kan nie aanvaar word nie.

5.2.2. Die Romeinse Ryk as Weerhouer

Van die vroeë kerk af reeds is die opvatting gehuldig dat die Romeinse imperium, met die keiser as sy verteenwoordiger, as die weerhouer gesien moet word. Hierdie beskouing bied verskeie voordele: Dit is eerstens baie oud, en is deur die meeste kerkvaders, (sowel Griekse as Latynse) onderskrywe, reeds van Tertullianus se tyd af - iets wat swaar weeg in die guns daarvan. Immers: "Diese Männer stehen den Paulus briefen zeitlich und sprachlich weit näher als wir; darum hat ihr Urteil Gewicht" (De Boor, p. 140). Dit verklaar ook sowel die neutrum as manlike participia in 2 Thess. 2:6, 7, en (wat sekerlik ook belangrik



[9] Vgl. hier bv. De Groot, D.J. 1949: Het werk van de Heilige Geest, (In : Het Dogma der Kerk, Groningen,) p. 408v.

is!) dit verklaar waarom Paulus op so 'n geheimsinnige wyse spreek van die weerhouer: sou hy openlik na die Romeinse ryk met sy keiser (wat diè tyd as goddelik beskou is) verwys as groothede wat uit die weg geruim sou word (en dit na 'n kort tydjie, volgens Rienecker[10]), kon verwag word dat die owerheid so 'n bewering as dislojaal en staatsgevaarlik sou beskou! Volgens hierdie hipotese is die Romeinse staat en sy regstelsel gesien as groot remmende faktore om die uitbarsting van sonde en wetteloosheid te beteuel. Die simpatieke gesindheid wat Paulus geopenbaar het ten opsigte van die owerheid, aan wie gehoorsaamheid betoon moet word (Rom. 13:1-7) as 'n dienaar van God, skyn hierdie gedagte te ondersteun: solank die orde en die wet gehandhaaf word deur die wetgewer en -handhawer, word "die wettelose" in bedwang gehou en kan hy nie in die volle lig na vore tree nie. Die State-vertaling spreek van die "autoriteit en aanzien der oude keisers in het Romeinse rijk, die door hun wereldlijke macht de opkomende geestelijke macht van den Antichrist over de christenheid heeft weerhouden..." Nadat Rome se mag gebreek is, het sy rol van weerhouding oorgegaan op die landsowerhede en regerings as instrumente waarmee die wet en orde gehandhaaf word en die Antichris beteuel word.[11] Die Nederlandse Geloofsbelydenis skryf blykbaar ook die weerhouerstaak toe aan die owerheid wanneer dit in artikel XXXVI die amp van die owerheid sien as ordehandhawer, "maar ook ... om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens, om die ryk van die Antichris te gronde te rig...."

Waar die Antichris-konsep nader gepresiseer word, ontstaan verskeie variasies van die hipotese wat die Romeinse imperium as weerhouer beskou. Besondere vermelding moet hier gemaak word van die "zeitgeschichtliche" Antichris-beskouings. Waar die herkoms van die Antichris gesoek word in die Jodedom, en die Antichris byvoorbeeld gesien word as 'n pseudo-messias, daar word die weerhouer as teëpool geplaas in die sfeer van Rome.

125/...

---

10) Rienecker, Fritz: ἄρτι in vers 7 sou suggereer dat Paulus die weerhouer "keine lange Dauer mehr zutraut" (a.w.,p. 486)."

11) Hendriksen (a.w.,p. 182): "We may safely say, therefore, that the apostle viewed government and its administrators as a restraint upon evil." Beide Bruce, F.F. (a.w.,p. 1060) en Hoekstra, (a.w.,p. 179.) sien die Romeinse imperium as weerhouer; so ook G. Mayer, (a.w.,p. 201.)

Maar daar is ook die direk teenoorgestelde beskouing, soos diè van B.B. Warfield wat die Antichris soek onder die Romeinse keisers en die weerhouer sien in die Joodse staat, spesifiek in Jakobus die broer van die Here. Nie een van hierdie verklarings staan egter op vaste grond nie. Dan is daar ook nog die "zeitgeschichtliche" opvatting wat beide Antichris en weerhouer plaas binne die kring van die Romeinse imperium.[12]. Die ondersteuners van die Nero-redivivushipotese beweeg op hierdie spoor: die keiser wat op die troon is, is die weerhouer wat verhinder dat die terugkerende Nero (wat die Antichris is) kan verskyn. Ook hierdie teorie staan op los sand: watter keiser sal in staat wees om die Antichris wie se verskyning volgens die magsopenbaring van Satan is te weerhou? En tweedens: waarom het die Antichris nie verskyn toe die Romeinse imperium met sy keisers omver gewerp is nie?

By gebrek aan die nodige Skrifgegewens moet dus ŉ groot vraagteken geplaas word agter die woorde van Denney: "...there is no reason to doubt that those fathers of the Church are right who identified it (sc. die weerhouer) with the Empire of Rome and its sovereign head. The apostasy was to take place among the Jews; and the Apostle saw that Rome and its Emperor were the

126/...

12) Vgl. Warfield, B.B. in: The expositor, 3rd Series, Vol. IV, pp.40f - aangehaal by Morris, Leon:(a.w.,p. 225v.)
Die "zeitgeschichtliche" Antichrisbeskouings met Rome as agtergrond, neem verskeie vorms aan:
JFB (a.w.,p. 1343v.) sien bv. die agtergrond van Paulus se Antichris-skildering in 2 Thess. 2 vanuit Openb. 17:15, 17, en dan wel so: Die afvallige volk Israel is die hoer en Rome die skarlakenrooi dier waarop sy sit (Israel het hom immers saam met Rome teen Christus verbind, Luk. 23, Hand. 17:5-9). Die goddelose wêreldmag Rome wat die dier en die Antichris is, word daarna toornig op die hoer en vernietig haar, Openb.17:16 - dit is die verwoesting van Jerusalem deur Rome, om Dan. 9:26, 27 te vervul: "die gruwel van die verwoesting", en hierdie Antichristelike mag word dan weer op sy tyd deur Christus vernietig.
Teen hierdie breë agtergrond skryf Paulus. Die beeld word egter nie konsekwent volgehou nie, want die Romeinse keiser Claudius vorm die historiese agtergrond van die weerhouer: hy verban die Jode in 49 n.C. uit Rome en weerhou sodoende die antichristelike Joodse aanslag op die kerk. Later is die Roomse papale stelsel die Antichris wat deur die Romeinse keiserryk weerhou word. Nà die Romeinse Ryk neem die landsregerings die rol van weerhouer oor.

grand restraint upon the violence of that stubborn race. The Jews had been his worst enemies....and all that time the Romans had been his best friends..."[13].

127/...

---

12) (vervolg)
M. Brunec: "De Homine peccati", neem ŉ verwante standpunt in, deur te stel dat 2 Thess. 2:1-12 nie spreek van ŉ eskatologiese Antichris nie, maar dat die Antichris gesien moet word in kollektiewe sin, en wel as die Jodedom van Paulus se tyd wat hom stel sowel teenoor Christus as teen die Romeinse owerheidsgesag, en homself so as die wettelose betoon. Hy stel homself in die tempel op teen die Romeinse aanslag, die tempelontheiliging vind plaas, en ook die "gruwel van die verwoesting" wat as straf kom oor die afvallige Jodedom. Die weerhouer is volgens hierdie siening die Christene van Jerusalem. Christus oorwin die Jodedom sowel fisies as "moralisch" (I.Z.B.G., Band V, 1956-7,p.96).

Nog ŉ interessante gesigspunt is diè van Otto Betz: Der Katechon (I.Z.B.G. Band XI, p.123), wat die weerhouer verbind met sowel Rome as Qumran. Die laat Jodedom het nie in hulle apokaliptiek ŉ weerhouer geken nie. By Qumran is nou egter ŉ parallel van die weerkhouer ontdek, in 1 $Q_{17}$ (die "Misterieboek"-fragment). Diè stof wat 2 Thess. het wat by 1 Q 17 ontbreek, is stof wat aan Daniël ontleen is, die enigste Joodse "Endzeit kalender." By Daniël neem "die Gesalfde" die plek in van die weerhouer (Dan. 9:24-27). Die katechon van 2 Thess. 2 is die Romeinse keiser wat as "die gesalfde" gesien word. In die nuutgevonde gnostiese geskrifte is die Skeppergod self die katechon.

Bolkestein (a.w.,p. 196) verwys i.v.m. die Antichris-figuur, wat ook bekend was by die Qumran-gemeenskap na o.a. H.A. Brongers: De Gedragsregels der Qoemraan-gemeente, Amsterdam 1958, p.83, 86, asook na R.E. Brown: The Semitic Background of the New Testament Mysterion, in: Biblica 39, 1958, p. 434. Waar hy die aanleiding tot 2 Thess. vind in gnostieke dwalinge wat die gemeente bedreig (p.191v., 207v.) soek hy "die mens van die wetteloosheid" in dieselfde klimaat en verwys na die gnostici se teenstand teen die wet en hul selfoorskatting. Die weerhouer moet dan gesoek word in die omgewing van die bestryding van die gnostiese dwaalleer, en dit bring ons by Paulus se evangelieprediking. Dit is die weerhouer wat bekend was aan Paulus se lesers. (p.207v.). Vgl. ook punt 5.2.4.

13) Denny, James: The Epistles to the Thessalonians in: The Expositors Bible, New York, Volume Six, s.j.p. 370.
Frame, (a.w., p. 258v.) wys hierdie opvatting af deur te stel "that in vv. 6-12 there is nothing obviously political ... the interest... is religious and moral..." Daarom kan die Romeinse imperium en keiser nie as weerhouer gesien word nie. Frame wil eerder dink aan "a supernatural spirit or person", en dan miskien selfs "the Devil himself who is in control of the forces of evil..."

Dat hierdie stelling baie twyfelagtig is, blyk uit die feit dat Paulus self ook baie moes ly onder die Romeinse gesag (vgl. bv. Hand. 16:22vv.; 2 Kor. 6:5, 11:23vv.), en eindelik ook doodgemaak is deur die Romeine, terwyl Johannes deur die Romeinse owerheid verban is. ŉ Beswaar deur Gunkel aangevoer (Schöpfung, p.223) is dat hoewel die Joodse apokaliptiek die Messiaanse tyd verbind met die val van Rome, dit Rome nêrens as weerhouer sien nie. (vgl. Frame, a.w.,p. 260.) Volgens die skildering van Openbaring 17:9-11 mag dit selfs waarskynlik wees dat die Romeinse imperium gesien is as bondgenoot en voorloper van die Antichris, en met reg verklaar Ridderbos, Paulus, p. 584): "Uit een oogpunt van zich goddelijke eer aanmatigen waren vele romeinse keizers eerder bondgenoten dan weerhouders van de antichrist (Openb. 13)". Hoewel hierdie hipotese dus sekere voordele bied, kan ook dit nie aanvaar word nie, nieteenstaande die feit dat dit sekere waarheidsmomente mag bevat, bv. die handhawing van gesag en orde teenoor die anargie wat kenmerk van die Antichris se optrede sal wees.

5.2.3. Die populêre mening: ŉ Babiloniese Titane-mite

ŉ Opvatting wat vandag baie steun geniet, is dat Paulus met sy verwysing na die weerhouer sinspeel op ŉ komtemporêre eskatologiese spekulasie, afkomstig uit Babiloniese en ander mites, dat daar naamlik aan die einde van die eeu ŉ titaniese stryd sou losbars tussen die magte van goed en kwaad. Hierdie eskatologiese verwagting sou aan Paulus se lesers bekend gewees het, asook die mag of persoon wat hierdie uitbarsting nog teruggehou het. Hoewel hierdie teorie ŉ moontlikheid kan wees (en ons moet toegee dat ons nie beskik oor al die eskatologiese literatuur van daardie tyd waaruit so ŉ hipotese miskien weerlê kan word nie), moet ook gestel word dat daar geen bewys bestaan dat so ŉ eindverwagting in daardie tyd gekoester is en dat dit aan Paulus en sy lesers bekend was nie. Hierdie hipotese berus op loutere, onaanvaarbare spekulasie.

5.2.4. Cullman se opvatting: Paulus se sendingprediking

Terwyl Cullman die hipotese van die Romeinse imperium as weerhouer baie sterk afwys, bring hy die gedagte na vore wat reeds deur die kerkvaders, onder andere Theodorus van Mopsuestia en Theodoretus, en ook deur Calvyn voorgestaan is waarin die sendingprediking gesien word as die weerhouer. 'n Bewys hiervoor vind hy in Mark. 13:10-14 en Matt. 24:13-16: Direk nadat melding gemaak is van die Evangelie wat eers in "die hele wêreld" (Matt.) of "aan al die nasies (Mark.) verkondig sal word, word die verskyning van die Antichris beskryf (Mark. 13:14, Matt. 24:15), op dieselfde wyse as wat Paulus dit doen in 2 Thess. 2:6vv. Die Evangelie moet eers aan die heidene verkondig word voor die Antichris kan verskyn, en moet dus as die weerhouer gesien word.[14)]

Hierdie hipotese het iets aantrekliks en daar lê waarskynlik 'n groot waarheidsmoment in die siening dat die Evangelie eers verkondig moet word. Die gedagte van die programmatiese, van die temporisering, lê hierin vervat, wat 'n geldende beginsel in die eskatologiese toekomsperspektief is. Waar egter nie met Cullman saamgestem kan word nie, is waar hy die manlike participium in 2 Thess. 2:7 op Paulus self gaan toepas het. Dit kan seker nie aanvaar word dat Paulus homself as weerhouer gesien het en gemeen het as hy sterf dat die Antichris dan sal verskyn nie. Hierdie aspek van die hipotese, minstens, moet afgewys word as sonder grond.

129/...

---

[14)] Cullman, Oscar: a.w.,p. 164-166.
Dit is ook die standpunt van Th. Delleman (a.w.,p. 23): "De evangelieprediking zal verdwijnen, zoals de heerlijkheid Gods in het visioen van Ezechiël opsteeg, verdween uit het midden der stad, 11:22, 23." Soos die verskyning van die Antichris en die afval en die weerhouding, is egter ook die wegneming nie suiwer toekomstig nie - "het is er in elke eeuw." Vgl. die aktualisering by Berkouwer, Schippers en Althaus. A.L. Moore: (a.w.,p.103): "The present period, prior to the End when the unmasking of Antichrist is withheld is a time when the gospel is preached and when men are given an opportunity to repent and believe..", en in verband met die wegneem van die weerhouer: "...this will refer to the time when the opportunity for preaching, for repentance, and faith will cease and the End arrive" (Ibid.).

### 5.2.5. Von Hofmann: Engele as die weerhouer[15)]

Von Hofmann gaan vir hierdie hipotese uit van die profesieë van Daniël. Paulus' se Antichris- en afval-begrip is ontleen aan Daniël, en sou Daniël nie ook die bron wees van waaruit die weerhouer gesien en verklaar moet word nie? Von Hofmann meen van ja en vind die antwoord in verband met die vrae rondom die weerhouer in Daniël 10. Migael en ander engele staan teenoor die bose magte en bose engele en hou hulle teë sodat Israel nie uitgewis word nie. (Die engele en magte waarvan Paulus spreek in Rom. 8:38 en Koll. 1:16 en 2:15 neem immers ook handelend deel aan die wêreldgeskiedenis). As die geestelike magte so ŉ groot aandeel neem in die bepaling van Israel se lotgevalle soos Dan. 10 laat blyk, dan moet verwag word dat hulle ook ŉ baie belangrike aandeel sal neem in die eskatologiese gebeurtenisse rondom die verskyning van die Antichris. Die wêreldgeskiedenis is feitlik ŉ herhaling van Daniël 10 - omdat die tyd nog nie ryp is vir die Antichris se verskyning nie, hou die engelemag hom nog terug tesame met die afval van die eindtyd.

In hierdie weerhoudende engelemag speel die engel Migael ŉ leidende rol. Hy is die krygsengel wat met Satan twis oor die liggaam van Moses (Judas:9) en in Openb. 12:7 staan hy aan die hoof van die engelmag wat stryd voer teen die draak en sy engele. In Daniël 10:13, 21 en 12:1 word Migael geteken as die groot vors wat stry teen die bose magte.

Die idee van die engelemagte as weerhouer, bied verskeie voordele bo ander hipoteses: Dit gaan uit van, en knoop aan by die Skrifgegewens van Daniël wat ook as die groot, grondliggende profesie van die Antichris gesien moet word; tweedens word ander aspekte waarin groot waarheidsmomente geleë mag wees, soos die Evangelieverkondiging, die handhawing van wet en orde,

130/...

---

15) Von Hofmann: By De Boor, Werner: a.w.,p. 141 v. asook by Vos, G.: a.w.,p. 131 v. en hoewel hyself nie genoem word nie, neem V. Hepp sy hipotese oor, a.w.,p. 101 v. Dit is ook die standpunt van H. Roosen (a.w.,p. 149 v.). Hy vind in Openb. 20:1-3; 7-10 ŉ "confirmatie van de voorgestelde interpretatie" (die duiwel nl. deur ŉ engel oormeester en vir 1000 jaar gebind). Die neutrum en manlike participia is dan resp. "het engelenheir en hun aanvoerder."

die rol van die Heilige Gees en die kerk en ander faktore wat ŉ remmende invloed kan hê, nie noodwendig uitgesluit nie. Hulle kan ŉ rol speel terwyl op die diepere, onsigbare agtergrond die engelemagte as weerhouer staan; op God se tyd roep hy dan sy engelemagte terug, en die Antichris verskyn. Hierdie hipotese sou ook ŉ bevredigende verklaring kon bied vir Paulus se beskroomde of duistere, bedekte spreekwyse: hy skryf oor die engewêreld, en soberheid is dus gepas. Hierdie hipotese is volgens Hepp (a.w.,p.100) die enigste aanvaarbare moontlikheid. Waar daar nie veel teen hierdie hipotese gesê kan word nie, wil dit andersyds egter voorkom of daar ook nie soveel faktore pleit ten gunste daarvan nie. Die Skrif leer nie met soveel woorde dat ons in die weerhouding van die Antichris ŉ herhaling het van Daniël 10 se stryd tussen die engele nie. Die opset in die volkerewêreld en heilshistoriese situasie is ook totaal verskillend: In Daniël 10 moes Israel gespaar bly, want hy moes nog die Christus na die vlees voortbring terwyl die rol van die weerhouer nie is om die mensdom vir altyd te beskerm teen die Antichris nie, maar hom net tydelik terug te hou tot op die deur God gestelde tydstip aangebreek het vir sy openbaring. Dat daar beskermengele figureer rondom die verskyning van die Antichris, is ŉ gedagte wat nie aangetref word in die Bybelse Antichris-konsep nie. As die gedagte van beskerm-engele wat weerhou, verder deurgetrek word na die verskynsel van die Antichris in sy voorlopers met wie hy ten diepste verbind is en in wie hy kragtens die beginsel van korporatiewe verbondenheid verskyn, dan word hierdie hipotese so gekompliseerd dat dit uitloop op loutere spekulasie.

### 5.2.6. <u>Ander beskouings</u>

Behalwe die beskouing van A. König (vgl. hfst.3 voetnoot 19), wat meen dat die weerhouer alreeds uit die weg geruim is, moet nog dié van Best (a.w.,p. 301) genoem word waar die Katechon gesien word as ŉ vyandelike mag wat verbonde is aan die "man of rebellion", en hom reeds as voorloper vooruitgaan - as voorloper wat nou reeds werksaam is in die tans aanwesige "mystery of rebellion" (2 Thess. 2:7) in hierdie wêreld en wat uit die weg geruim sal word wanneer die tyd aanbreek dat die "man of rebellion" sy

verskyning moet maak. Hierdie hipotese, wat 'n verwerking is van 'n vroeëre teorie van Schaefer (wat ook deur Frame oorgeneem is en wat 'n bose mag, bv. Satan as Katechon sien), is in ons tyd deur Giblin[16] omgewerk en verder deur Best aangepas. Dit kom daarop neer dat κατέχειν vertaal word met "in besit neem" of "gryp", "seize". Die Katechon was 'n "seizing force" wat in Thessalonika die gelowiges mislei het en verbonde was aan die wetteloosheid wat reeds in die geheim werksaam was as voorloper van die "mens van die wetteloosheid" wat moet kom. Hoewel Best nie probeer om die Katechon te identifiseer nie, wil hy hierdie werksame bose mag tog sien as "embodied in some person, human or supernatural. ... This present force of rebellion is later to come to a climax in the figure of the man of rebellion and at that stage the lesser figure of the Katechon disappears".

Waar hierdie hipotese wel moontlikhede bied, stuit dit egter ook op sekere besware. In 1 Thess. wat nie lank voor 2 Thess. geskryf is nie, gebruik Paulus die werkwoord κατέχειν in goeie sin: "Beproef alle dinge; behou die goeie", (1 Thess. 5:21), en hy sou nie kort daarna, sonder verduideliking dieselfde term gebruik om 'n bose mag of persoon aan te dui nie. Verder waarom sou 'n bose mag of persoon eers uit die weg geruim moet word voordat 'n groter bose persoon of mag kan verskyn, terwyl hulle bondgenote is? Waarom spreek Paulus op so 'n geheimsinnige wyse van die een, en kleinere, bose figuur (Katechon) en op so 'n openlike wyse van die groter bose figuur (mens van die sonde)?

Die oplossing van die probleem rakende die identiteit van die weerhouer is dus deur die loop van die tyd in baie rigtings gesoek. Hiervan sê Hepp (a.w.,p. 98) "En meer dan een dezer opvattingen bevat een goed element. Zoo is het volkomen waar, dat de Antichrist niet komen kan, voordat het besluit Gods het toestaat en het evangelie over de geheele wereld is gepredikt. Ook moet stellig een sterke vermindering van algemeene genade plaats hebben, zal de Zondemensch den schepter kunnen zwaaien. Evenwel, weggenomen kan de algemeene genade ook dan niet. Dan zou de aarde van stonde aan in de hel veranderen..."

132/...

16) Giblin, C.H. 1967: The Threat to Faith: An Exegetical and Theological Re-examination of 2 Thessalonians 2 (Analecta Biblica 31), Rome.

Met hierdie beskouings word nou volstaan, waaruit die gekompliseerdheid van die probleem duidelik blyk. Dit is wel 'n vraag of ons ooit volle sekerheid sal hê in verband met die weerhouer se identiteit voordat hy weggeneem word en die Antichris verskyn. Feit is dat die Thessalonicense geweet het wie of wat die weerhouer is, en ons dit nie weet nie - wat ons egter nie verhinder om elke moontlikheid te ondersoek nie. Per slot van rekening hang die optrede van die weerhouer, die verskyning van die Antichris, die paroesie van Christus en die voleinding van die eeue ten nouste saam, en is vir die kerk van Christus van die allergrootste belang.

5.2.7. Eie Beskouing

Waar getrag word om 'n nadere aanwysing te gee van die weerhouer, moet die tydsordelike, temporele verband wat daar bestaan tussen die wegneem van die weerhouer en die verskyning van die Antichris goed in die oog gehou word. 2 Thess. 2:7, 8 stel dit duidelik: Die Anomos kan eers verskyn slegs nadat die weerhouer verwyder is, nadat die taak van weerhouding tot op die bepaalde tyd afgehandel is. Dan kan ook die eindhistoriese gebeurtenisse wat die verskyning van die Antichris vergesel, 'n aanvang neem.

As ons nou die beginsel van suiwere Skrifverklaring, die analogia Sacrae Scripturae, hier toepas deur Skrif met Skrif te vergelyk, dan kom verskeie gegewens in die gesigsveld ter aanvulling van 2 Thess. 2:7, 8:

In Openb. 5 ontvang Christus die boekrol wat met die sewe reëls verseël is en wat gesien moet word as die program van die eskatologiese gebeurtenisse soos hulle moet plaasvind, om eindelik uit te loop op die paroesie, vernietiging van die Antichris en voleinding van alle dinge. Die wiel van die eindgebeurtenisse kan eers nà die verbreking van die seëls begin rol. Die verbreking van die eerste seël wat die deur oopmaak na die eindtyd, is dus van die grootste belang. Openbaring 6 begin daarmee.

Van die oopmaak van die tweede seël af, kry ons die kenmerkende "endgeschichtliche" motiewe terug, sommige waarvan ook ten nouste verweef is met die Bybelse Antichris-tradisie. Met die oopmaak van die tweede seël (die vuurrooi perd), word die vrede weggeneem en die oorlog doen sy intrede: Vgl. Matt. 24:6, 7, par. Mark. 13:7, 8, 19, 20; 23, 24; Luk. 21: 9, 10: Openb. 13:4,7,10; (Vgl. Dan. 7:7, 8; 11:15, 25, 31, 40 - 42, ens.); die verbreking van die derde seël (die swart perd) lewer hongersnood op, ook ŉ teken van die eindtyd: Matt. 24:7 par. Mark 13:8; Luk. 21:11; die vierde seël bevat ŉ saamvatting en verhewiging (die vaal perd): die dood, gevolg deur die doderyk. Swaard, hongersnood, pes en "die wilde diere van die aarde" (vgl. weer Matt. 24:6,7, par. Mark. 13:7, 8 en Luk. 21:11), is die apokaliptiese oordele wat oor die mensdom gaan terwyl die vyfde seël die martelare toon "wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het". Hulle moes egter rus "totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders" gedood sou word. Die vervolging van die kerk in die eindtyd wat hoort tot die apokaliptiese perspektief, en ook ŉ vaste element is in die eskatologiese Antichris-konsep, tree hier dus ook weer na vore (Vgl. bv. Dan. 7:21, 25; 8:24; 11:31, 33, 35, 36; 12:1; Matt. 24:9; Mark. 13:11-13, 19, 20; Luk. 21:12, 16, 17; Openb. 11:7-10; 13:7, 15). Die verbreking van die sesde seël bring die laaste groot oordele oor die natuur: aardbewing, son- en maansverduistering, sterre wat val, die hemele wat wegwyk, eilande wat versit word. (Vgl. Matt. 24:29, Mark. 13:24, 25; Luk. 21:25, 26). Wanneer die sewende seël verbreek word, tree die res van die oordele van die eindtyd in vervulling (Openb. 8, 9).

Dit is dus duidelik dat vanaf die oopmaak van die tweede seël die laaste oordele, diè van die eindtyd, in vervulling gaan - die dinge wat ook kenmerkend is van die tyd waarin die Antichris sal optree. Hierdie dinge kan egter nie in vervulling tree as die verseëlde boek nie oopgemaak word deur die verbreking van die eerste seël nie. Eerste van alles moet dus diè dinge vervul word wat gepaard gaan met die verbreking van die eerste seël, daarnà kan die res volg, ook die verskyning en uiteindelike vernietiging van die Antichris.

134/...

Gepaard met die verbreking van die eerste seël volg: "En ek het gesien, en kyk, daar was ꞌn wit perd; en hy wat daarop sit, het ꞌn boog; en aan hom is ꞌn kroon gegee, en hy het uitgegaan as ꞌn oorwinnaar en om te oorwin", Openb. 6:2. In Openb. 19:11-21 word hierdie ruiter op die wit perd geteken met die Naam: "Woord van God". (19:13). Die res van die beskrywing toon dat dit Jesus Christus self is wat hier gesien word as ruiter op die wit perd, en die ooreenkoms met die Messiaanse Psalm 145 val op (vgl Ps. 45:4-7). Onder die ruiter en die wit perd moet Christus en sy Evangelie verstaan word, dit is die enigste logiese verklaring.

Jesus Christus en sy Vredesevangelie, geteken as die ruiter op die wit perd, wat oorwinnend oor die aarde gaan, en sy loop moet voltooi onder alle volkere tale en nasies - dit is die groot voorwaarde waaraan eers voldoen moet word vóórdat die laaste dinge, waaronder die verskyning van die Antichris en die voltrekking van die eskatologiese oordele, kan plaasvind. Die Evangelieverkondiging aan die wêreld, as instrument in die hand van Jesus Christus, en onlosmaaklik aan Hom verbonde, moet as weerhouer of as deel van die weerhouer gesien word. En hierdie evangelieverkondiging moet, nadat dit sy gang oor die aarde voltooi het, tot stilstand kom - dit moet uit die weg geruim word voordat die Antichris kan verskyn.

Hierdie beskouing strook met die voorwaarde wat Jesus Christus in die Profetiese Rede stel vir die aanbreek van die laaste dinge: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot ꞌn getuienis vir al die nasies, en dan sal die einde kom", Matt. 24:14; vgl. Mark. 13:10. Dieselfde gedagte van die temporisering wat ons aantref in 2 Thess. 2:3 ("want eers moet die afval kom"), en in 2 Thess. 2:7, 8 ("net totdat ... en dan"), tref ons dus ook hier aan: Die Evangelie moet eers aan alle nasies verkondig word, en dan sal die einde kom.

Dit moet egter nie sô gesien word asof die Evangelie as enkele faktor die weerhouer uitmaak nie. Soveel gaan gepaard met, en staan in die nouste verband met die Evangelie-prediking: Jesus Christus self as inhoud van die Evangelie, maar ook as Verkondiger, as Profeet, wat die Vredesevangelie bedien deur sy

instrumente en dit beseël deur die werking van die Gees; en dan is daar ook die vrugte van die Evangelie-verkondiging wat in die wêreld tot stand kom en meewerk in die taak van weerhouding: Christelike owerhede, die kerk, die betoning van barmhartigheid en naasteliefde, werke van geloof, lewende getuienis vir God teen die magte van die bose - dit alles werk mee om die openbaring van die Antichris en die eskatologiese afval teë te hou.

Teenoor die Evangelie, met alles en almal wat daaraan verbonde is, en wat as die wit perd oorwinnend oor die aarde moet gaan (vgl. ook Matt. 28: 19, 20) om die koninkryk van God te vestig vóór die einde kan aanbreek - hierteenoor staan die rewolusie wat in opstand is daarteen, die Antichris en sy mag wat kragtens sy korporatiewe verbondenheid met sy voorlopers reeds in hulle sy invloed laat geld het, en namate die bestemde tyd vir sy volle openbaring nader kom, steeds meer sal laat geld - steeds sterker sal hy na vore dring - totdat die weerhouer weggeneem word en dan sal hy ten volle as eindhistoriese figuur in die lig tree. Teenoor die Evangelie die Rewolusie; dit, in n enkele woord, teken die situasie van die Antichris en sy weerhouer; onder "Evangelie" dan egter te verstaan alles en almal wat betrokke is by die verkondiging van die Evangelie - ook God Self, Christus, die Heilige Gees, en die kerk. Om die weerhouer sô te sien, laat meteens ook reg geskied aan Paulus se twee participia (neutrum en manlik) in 2 Thess. 2:6, 7 resp.

Die weerhouer moet breër gesien word as slegs één persoon of mag.[17)]

Dat hierdie siening van die Evangelie (en dan wel in sy breedste verband) as weerhouer nie alles glashelder laat word en alle probleme laat verdwyn nie, lê voor die hand in die lig van die feit dat die Skrif nie alles vir ons so woordeliks uitspel nie, en ons te doen het met die profetiese toekomsperspektief. Een van die probleme is dan diè van die wegneem van die weerhouer, 2 Thess. 2:7, waarvan Ridderbos sê dat, as dit toegepas sou word

136/...

17) Vgl. Ridderbos: Paulus, p. 585: "ål de factoren, die in de goddelijke heilseconomie met betrekking tot het einde der dingen werkzaam zijn."

op die Evangelie, dit onbegryplik word - "Hoe kan van de prediking of de prediker van het evangelie gelden, dat zij (hij) "van het toneel verdwijnt" of "uit de weg gaat"? Voorziet Paulus dan een tijd, dat aan de verkondiging van het evangelie een eind komt?" [18]

Hier is inderdaad 'n wesenlike probleem. Tog kan hierop geantwoord word dat die Skrif weet van 'n tyd wat sal kom wanneer die genade verby is. Waar dit gewoonlik gesien word as die laaste oordeel, kanselleer dit egter nog nie die feit nie dat die Evangelieverkondiging op 'n gegewe tydstip in die geskiedenis sal ophou, net soos dit op 'n gegewe tyd begin het. Volgens Moore (p.103): "this will refer to the time when the opportunity for preaching, for repentance, and faith will cease and the End arrive." God onttrek sy Woord van 'n verharde mensdom, vgl. Eseg. 11:23; Matt. 10:14; par. Mark 6:11; Luk. 9:5; Luk. 10:10, 11; Hand. 13:46. Jes. 55:6 wys reeds in hierdie rigting: "Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is" - wat impliseer dat daar 'n tyd kom wanneer Hy nie meer naby of te vinde sal wees nie. Talle (veral waaksaamheids-) gelykenisse dui dieselfde aan: die genadetyd gaan verby, die deur word onherroeplik gesluit, vgl. Luk. 13:25; 17:22; Matt. 25:10vv; Joh. 7:34-36; 14:19. Openb. 11 wys ook sterk in hierdie rigting: die twee getuies van God wat doodgemaak word, (11:7) sit nà hul opwekking nie hul prediking voort op aarde nie, maar hulle vaar op na die hemel (11:12) sodat hulle getuienis nie meer op die aarde klink nie. Die roep tot bekering verstom as die tyd van die Evangelieverkondiging, die genadetyd, verby is.

Dit moet dus verwag word dat die Evangelie nadat hy sy loop voltooi het, en die uitverkorenes tot die geloof gekom het, weggeneem sal word van die aarde af, en hoewel God Hom nog nie terugtrek van die aarde nie, sal Hy dan nie meer werksaam wees deur middel van die Evangelie van genade nie. Die ondenkbare verharding van die mens, temidde van sy grootste ellende, sy weiering tot bekering (Openb. 16:9-11) word dan verklaarbaar: Waar God se Woord, gepaard met sy Heilige Gees nie werk nie, is bekering onmoontlik.

137/...

---

[18] Ridderbos: Paulus, p. 586v.

Volgens die siening hierbo sal die Antichris dus verskyn nadat die Evangelie sy loop gehad het en aan al die nasies verkondig is (Mark. 13:10), in die hele wêreld (Matt. 24:14). Nadat die taak dan so volbring is en die wit perd en sy ruiter weggeneem is, sal "die mens van die sonde" tevoorskyn tree. 'n Groot probleem in hierdie verband is nou egter: Wanneer is die loop van die Evangelie voltooi? In Rom. 1:8 dank Paulus God reeds "oor julle almal, dat julle geloof verkondig word in die hele wêreld, ἐν ὅλῳ τῷ κόσμῳ, en van die Thessalonicense sê Paulus: "Want van julle uit het die woord van die Here weerklink, nie alleen in Macedonië en Achaje nie, maar ook op elke plek, ἐν παντὶ τόπῳ het julle geloof in God uitgegaan", 1 Thess. 1:8. Koll. 1:6 stel dit baie sterk: "(Die evangelie) wat julle sowel as die hele wêreld bereik het; en dit dra vrug..", en Koll. 1:23 nog sterker: "...die hoop van die evangelie...wat julle gehoor het en wat verkondig is in die ganse mensdom (letterlik: "elke skepsel", ἐν πάσῃ κτίσει) onder die hemel".

Hierdie tekste kan die indruk gee asof die Evangelie reeds in Paulus se dae oor die hele wêreld, aan al die nasies verkondig was, dat die gang van die Evangelie reeds voltooi was, en dat die Evangelie dus nie die weerhouer kan wees nie aangesien dit in ons tyd uit die weg geruim sou moes gewees het omdat sy taak reeds lankal afgehandel is, in Paulus se tyd al. Maar dit is 'n onjuiste siening om te aanvaar dat die Evangelie sy loop reeds in Paulus se tyd voltooi het, dat dit is wat Paulus in die tekste hierbo bedoel. Nee - die universele karakter van die Evangelie word hiermee gestel en die katolisiteit van die ware geloof in Jesus Christus. Die Evangelie wat die Kolossense "sowel as die hele wêreld bereik het en vrug dra", moenie in matematiesstatistiese sin opgeneem word nie, maar is bedoel om te sê die Evangelie is universeel van karakter, dit ken nie grense nie, en is soos die selfgroeiende saad wat vrugte voortbring, oral waar dit wortel skiet. Paulus stel dit teenoor die dwaalleer in Kolosse wat die algenoegsaamheid en universaliteit van die Evangelie bestry.[19] Die woorde van Koll. 1:23: .."die woorde

138/...

19) Volgens Ridderbos, H., wil dit aandui: ..."de wereldwijde betekenis van het evangelie ... zoals deze bezig is zich te realiseren": Aan de Kollossensen, Kampen, Kok, 1960, p.122.

wat verkondig is in die ganse mensdom onder die hemel, waarvan ek, Paulus, ŉ dienaar geword het," wil ook die klem lê op die universaliteit van die Evangelie, die Blye Boodskap wat bedoel is vir alle mense, en dui nie soseer aan dat die Evangelie reeds alle mense bereik het en dat die opdrag van Matt. 28:19 (vgl. Mark. 16:15; Luk. 24:47) dus reeds ten volle vervul is nie; die bedoeling is om teenoor die dwaalleraars te stel dat dit een en dieselfde Evangelie is wat in Kolosse verkondig is, en wat Paulus self elders verkondig het en nog verkondig. Wat Rom. 1:8 betref ("dat julle geloof verkondig word in die hele wêreld") verklaar Ridderbos: "In de gehele wereld" vgl. Kol. 1:6; 1 Thess. 1:8, is natuurlijk nie letterlijk te nemen, maar heeft toch in Paulus' mond een wijde betekenis: overal waar hy kwam en waar het evangelie ingang vond, werd met lof van de gemeente te Rome gesproken. Dit vond stellig mede zijn oorzaak in de centrale betekenis van Rome als hoofdstad en verbindingscentrum van heel het rijk"[20].

In verband met die uitdrukkings soos "in die hele wêreld", "op elke plek", "in die ganse mensdom" of "aan elke skepsel" sou dit miskien ook nie verkeerd wees nie om te dink aan die gebruik van hiperbool as bekende stylfiguur om ŉ saak sterk te stel (vgl. bv. Joh. 21:25, "die wêreld self": Joh. 12:19; Openb. 13:3: "die hele wêreld", ens.).

Die feit dat Paulus verwys na die Evangelie wat reeds "in die hele wêreld" vrugte dra, of iets dergeliks, sou dus nie aangevoer kan word as rede waarom die Evangelie, gesien in sy breedste verband, nie aanvaar kan word as die weerhouer van die Antichris nie. Dat die Evangelie, met Christus self as inhoud, en soos dit deur Christus self ook uitgedra word, en gepaar word met die werking van die Heilige Gees, in die rol van weerhouer gesien moet word, skyn ook bevestig te word in Openbaring 7: Voordat die oordeelsbasuine begin blaas (Openb. 9:9), die Antichris verskyn (Openb. 13), en die wraakskale op die aarde uitgegiet word as die eskatologiese plae van die eindtyd (15,16), en die laaste dinge dus vervul word, vóór dit moet eers nog iets gebeur: die 144,000 moet verseël word vir God en vir die Lam (Openb.



20) Ridderbos,: Aan de Romeinen, Kampen, Kok, 1959, p.29.

7:1-8). Sonder die Evangelieverkondiging en die gepaardgaande werking van die Gees kan die bekering en verseëling egter nie plaasvind nie. Die eskatologiese oordele, en die laaste dinge word teruggehou (Openb. 7:1-3) tot hierdie verseëling plaasgevind het, sodat geen uitverkorene verlore sou gaan in die komende storms en optrede van die Antichris nie. Maar nå die verseëling word die katastrofes op aarde, die wraakengele, die demoniese magte, en ook die Antichris losgelaat. Die weerhouer word weggeneem, die Evangelie van genade klink nie meer op aarde nie, die magte van die hel en van die Antichris begin heers oor die mensdom. Dan het die laaste dinge 'n finale aanvang geneem en snel die einde tegemoet - en die paroesie van Jesus Christus!

# HOOFSTUK 6

## ANTICHRIS - AFVAL - WEERHOUER

## SAMEVATTING

6.1. Op grond van die verskillende Skrifgegewens tot ons beskikking kan ons, hoewel nie fotografies-gedetailleerd nie omdat ons hier in groot mate te doen het met die profetiese toekomsskildering, tog 'n beeld vorm van die figuur en optrede van die Antichris. Hoewel nog vaag omlyn, kan die Antichris-gedagte reeds in die Ou Testament nagespoor word. Dit groei steeds duideliker uit, en veral in die profesieë van Daniël bereik die skildering 'n hoogtepunt rondom die figuur wat as "die klein horinkie" voortkom uit die diere-ryke wat hom stel teen God en sy volk, wat as goddelose maghebber hom plaas in die plek van God en "die gruwel van die verwoesting" tot stand bring. Dit vorm dan die basis van die Antichris-gedagte wat in die Nuwe Testament verder uitgebou word, en waarvan ons bepaalde aspekte terugvind in die Profetiese Rede van Mark. 13 par., 2 Thess. 2, 1 en 2 Johannes en Openbaringe. Die ooreenkoms van die stof kan nie anders verklaar word nie as uit 'n geykte Antichris-tradisie wat bekend was aan die skrywers en hul lesers; daarom vind ons ook nêrens 'n opsetlike, volledige uiteensetting van die Antichris-gedagte nie. Wanneer daarna verwys word, dan verrig hierdie konsepsie steeds 'n paranetiese funksie, meesal om op te roep tot waaksaamheid, aan te spoor tot daadkragtige geloofs-openbaring of te waarsku teen gevaarlike dwaalleringe. Uit die uitgebreide gedagte-kompleks rondom die Antichris het elke skrywer slegs die aspekte geneem wat hy vir sy besondere oogmerk nodig gehad het. In 2 Thess. 2 kry ons 'n sterk konsentrasie van verskeie van hierdie aspekte.

6.2. Die Antichris-gedagte het nie sy oorsprong in buite-Bybelse, oud-Oosterse bronne of historiese persone soos Antiochus Epifanes of Nero nie, maar in die Godsopenbaring self. Waar die optrede van hierdie persone egter iets weerspieël het wat kenmerkend sal wees van die Antichris-figuur, is dit diensbaar gemaak in die profetiese tekening van die Antichris met die oog op duideliker omlyning.

141/...

6.3. Wat hierdie figuur self betref, word hy in 2 Thess. 2 geteken as die groot teëstander van God wat hom in die plek van God stel en vir homself aanbidding opeis; hy slaag daarin om die kerk aan homself te onderwerp en gesag daaroor te voer, as menslike figuur wat in die laaste dae sal optree, deur Satan met uitsonderlike mag toegerus sodat hy groot "tekens en wonders van die leuen" sal doen, sal hy in menige opsig Christus se optrede as Messias naboots. Waar hy gesien moet word as eskatologiese figuur, sal sy verskyning die Wederkoms van Christus en die Voleinding voorafgaan, en is trouens die voorwaarde daarvoor. Die programmatiese, tydsordelike, relasionele verband tussen die Antichris se verskyning en diè van Christus moet goed in die oog gehou word as iets van wesenlike belang vir die regte begrip van die Bybelse Antichris-siening.

Hoewel 'n eskatologiese menslike figuur en nie 'n onpersoonlike idee, mag, tydsgees of iets dergeliks nie, moet die Antichris òòk gesien word as 'n korporatiewe persoonlikheid wat solidêr verbind is met sy voorlopers en wegbereiders wat hom vooruitgaan en reeds deur Johannes in sy briewe as "die antichriste" wat reeds teenwoordig is, aangedui word. In die dwaalleer, godslastering, leuens, geweld, kerkvervolging, opstand teen God, wetteloosheid en roekeloosheid van elke tyd lê nie net iets afgespieël van die "endgeschichtliche" optrede van die Antichris nie, maar is daar inderdaad reeds iets wesenliks teenwoordig van die Antichris. In die eindtyd, wanneer die Antichris self na vore sal tree, "geopenbaar word", ontmasker sal word in sy naakte, blatante wetteloosheid en opstand teen God, sal die ongeregtigheid wat nou reeds aan die werk is, in menige opsig nog nie openlik nie maar in die geheim, die hoogtepunt bereik. Die Antichris sal die mensdom lei tot die klimaks van die sonde-uitbarsting wat Christus se paroesie en die Voleinding direk sal voorafgaan.

Die onderskeid tussen Satan en die Antichris moet vasgehou word. Die "mens van die sonde" is mens, en nie identies met Satan, die gevalle engel wat hoof is van die ryk van die duisternis nie. Die Antichris is instrument en dienskneg van Satan in sy stryd teen God. Die benaming Belial of Beliar wat eerder 'n aanduiding van Satan is, kan dan ook nie oorgebring word op die Antichris nie.

142/...

Oor die menslike herkoms van die Antichris kan alleen nuttelose spekulasies gekonstrueer word, soos trouens ook oor die datum van sy verskyning, en dit is beter om met 'n non liquet te volstaan.

6.4. Die verskyning en optrede van die Antichris staan in die nouste verband met die groot opstand van die mensdom teen God in die eindtyd: die Antichris sal enersyds die produk wees van die groot afval wat moet kom en andersyds sal hy self die leiding en inisiatief neem om die eskatologiese apostasie teen God van stapel te stuur; in sy voorlopers tree hy op om die rewolusievlam teen God aan te steek en steeds hoër aan te blaas as noodsaaklike voorbereiding van die mensdom met die oog op sy verskyning en optrede. Sonder die afval kan die Antichris nie optree as groot teëstander van God nie en sonder die Antichris kan die afval nie uitgroei tot 'n wêreldwye rebellie teen God, sy woord en sy kerk nie.

6.5. Die apostasie van 2 Thess. 2:3 moet as 'n eskatologiese gebeure gesien word, net soos die openbaring van "die mens van die wetteloosheid" waarmee dit tesame die voorvereistes vorm vir Christus se verskyning. Die afval sal 'n uitbarsting van sonde wees wat alle vorige opstand teen God sal laat verdwerg - elke vorm van sonde en rewolusie teen God sal in die eindtyd, onder leiding van die Antichris, sy klimaks en finale kragsontplooiing bereik. Vanuit watter omgewing, volk, taal, kultuur of religieuse sfeer die apostasie geloods sal word, kan nie gesê word nie. Wat egter duidelik is volgens die Skrifgegewens, is dat dit 'n wêreldwye afval van God sal wees - al die nasies, tale, kultuur- en etniese groepe oor die wêreld heen sal die Antichris aanhang en God verloën. Die enigste uitsondering sal dié wees wie se name geskryf is in die boek van die lewe.

6.6. Die verskyning van die Antichris in die eindtyd en die groot afval van die laaste dae is egter temporeel gebind aan die wegneem van die weerhouer. Die weerhouer moet gesien word beide in die sin van 'n persoon of persone en as 'n mag wat op 'n sekere tydstip wanneer die tyd ryp is vir die Antichris se verskyning en vir die ander eindhistoriese gebeurtenisse om plaas te vind, uit die weg geruim sal word. Intussen tree die

weerhouer op om die Antichris teë te hou sodat hy nog nie kan verskyn nie.

Waar dit aan Paulus se lesers bekend was wie die weerhouer is (2 Thess. 2:6), lewer die identifisering baie groot probleme vir ons op. Daar is dan ook verskeie hipoteses ontwerp in 'n poging tot nadere aanduiding van die weerhouer. Die meeste hiervan bevat wel 'n sekere voordeel vir die verklaring, 'n waarheidsmoment, maar elkeen staan andersyds voor sekere, skynbaar onoplosbare probleme.

Die bevredigendste verklaring in hierdie verband is waarskynlik om die weerhouer te sien as die Evangelie van Jesus Christus, en dan in sy breedste verband, as onlosmaaklik verbonde met Christus wat Self die inhoud en die Verkondiger van die Evangelie is, en as gebonde aan die Heilige Gees; dan moet hierby ook nog alles betrek word wat in verband staan met die Evangelie, hetsy as instrumente of as vrug van die Evangelieverkondiging soos die kerk, Christelike staat en maatskappy, wet en orde .... en dit alles gesien binne die raamwerk van die sekere tyd waarin die Evangelie sy loop moet hê, die genadetyd, deur God in sy raad bepaal. Kortliks kom dit neer op: Die Evangelie as weerhouer van die Rewolusie.

6.7. Dat die Antichris gesien moet word as onpersoonlike sondemag wat alreeds ten volle geopenbaar is in die gestalte van die verleiding, leuen, dwaalleer, verloëning van Christus, en so meer, kan nie onderskryf word in die lig van die persoonlike en eskatologiese trekke waarmee hierdie figuur in 2 Thess. 2 en ook in die res van die Antichris-tradisie geskilder word nie. Andersyds moet egter nie uit die oog verloor word dat die Antichris, hoewel nog nie geopenbaar in sy finale magsverskyning nie, reeds uit hoofde van sy korporatiewe verbondenheid met sy voorlopers en wegbereiders teenwoordig is en hom laat geld nie; daar kan dan ook besliste antichristelike invloede bemerk word sowel in die optrede van bepaalde historiese persone as dié van sekere instellings wat in die geskiedenis opgetree het of nog optree. Die kerk sal steeds met die Woord van God as maatstaf die geeste moet beproef, die antichristelike eienskappe en/of tendense moet aanwys en oproep tot waaksaamheid.

In die verlede het die kerk die antichristelike trekke raakgesien in sekere historiese persone en instellings, en hoewel hy daarin soms misgetas het, bly dit steeds die roeping van Christus se kerk om die vyand te onderken, sy invloed raak te sien in die groeiende anargie van ons dag, in anti-christelike politieke sisteme, kerkgroeperinge, sosiale strukture en so meer, en moet sy waarskuwingsroep helder klink.

In ons tyd word reeds die opmerking gehoor dat, indien nie die Antichris self nie, besliste Antichris-trekke gesien moet word in sekere internasionale organisasies soos die internasionale Kommunisme, die Verenigde Volkere en die Wêreldraad van Kerke. Dat sekere eienskappe en optrede van hierdie organisasies (bv. die vervolging van die gelowiges, aanmatiging in die plek van God, aanstoking van wetteloosheid, geweld, gesagsverwerping, terrorisme en verkondiging van dwaalleer en leuens) antichristelik is, kan moeilik ontken word. Die geskiedenis sal so 'n identifisering egter bevestig of verkeerd bewys, en vandag kan daar nog slegs gegis word oor die finale openbaring van die Antichris.

6.8. Wanneer die weerhouer finaal weggeneem word en die laaste dinge wat begin met die Antichris se verskyning 'n aanvang neem, is nie vir ons om te sê nie omdat die dag en die uur nie aan ons geopenbaar is nie. En tog is dit die roeping van die kerk om die toekoms in te speur en voortdurend in die lig van die Woord te kyk na die tekens van die tyd wat een vir een in vervulling tree - nie om die hande te vou en die paroesie van Christus af te wag nie, ook nie om skrikbevange te wag op die verskyning van die Antichris, dat hy met trompetgeskal die ryk van die duisternis moet aankondig nie, maar om in die Godgegewe genadetyd met des te groter ywer en daadkrag die bouwerk te verrig in die koninkryk van God. Wanneer die Antichris verskyn, en die nag daal oor die kerk, moet hy gereed wees, met lampe wat brand - om die koms van die Bruidegom in te wag - gesterk en gestaal in die sekere wete dat almal wat met die merk van God verseël is (Openb. 7:3vv., vgl. 14:1-4) nie verlore sal gaan in die storms wat kom nie.

Intussen, te midde van baie raaisels en vrae waarvan die antwoorde nog onder die sluier van die toekoms lê, kan die woord van Irenaeus vir ons tot rigsnoer dien: "Hoe dit sal wees, weet ons nie, maar as dit kom, sal ons sien dat dit voorspel was, en versterk word in die geloof".*

---

* Irenaeus: Aangehaal deur Groenewoud, H.G., 1956 <u>in</u> Christelijke Encyclopedie, 1: p.222.

## SUMMARY: THE ANTICHRIST WITH SPECIAL REFERENCE TO 2 THESSALONIANS 2:1-12

Although the name "Antichrist" appears only in the Epistles of John, the concept was quite widely known in Biblical times. St. Paul refers to this subject in order to correct the over-excited expectations of the Thessalonians regarding Christ's second coming. By introducing "the man of sin" who has to appear first, and "the restrainer" who has to be removed even before then, Paul wants to stress the point that there is no need for anxiety on the part of his readers concerning the Parousia: so many things still have to happen before Christ will appear! This strenghtens our opinion that a certain "programme" must be completed before the End can occur (Chapter 1).

In chapter 2 the origin of the Antichrist-conception is traced and various explanations examined, e.g. those given by the religio-historical school contending that the Biblical Antichrist can be traced back to the ancient Babylonian myth of Marduk and the Chaosdragon. This, as well as some other attempts at Babylonization or Romanization ( e.g. the Nero redivivus theory) is rejected in favour of the one and only logical explanation of the New Testament Antichrist conception: the Old Testament.

The characteristics of the Antichrist as presented in 2 Thessalonians 2:1-12 are exegetically examined and the viewpoints of different scholars discussed regarding the true nature of this figure. We conclude that the ancient concept of corporate personality provides the clue to the riddle of the Antichrist's nature - Chapter 3 .

In chapter 4 attention is given to the eschatological rebellion against God. The close relation between Antichrist and apostasy, and the leading rôle of the former in the world-wide rebellion is pointed out.

In chapter 5, focussing on "the restrainer" who prevents the Antichrist from being already revealed, the most probable identification is chosen, viz. the Gospel of Jesus Christ in its widest possible sense.

# BIBLIOGRAFIE


Aalders, G.Ch. 1960. Het Boek Genesis. Kampen, Kok. 3 dle.

Aalders, G.Ch. 1957. Ezechiël. Kampen, Kok. 2 dle.

Aalders, J.G. 1958. Gog en Magog. (In Christelijke Encyclopedie. 3:276-7).

Althaus, P. 1933. Die letzten Dinge. Lehrbuch der Eschatologie. Gütersloh, Bertelsmann. 370p.

Augustinus: De Civitate Dei.

Barclay, W. 1971. New Testament Words[2]. London, SCM. 288p.

Bavinck, H. 1906. Dogmatiek. Kampen, Bos. 4 dle.

Bellarminus. Disputationes, Lib. 111, De Summo Pontifice.

Berkhof, H. 1962. Christus de Zin der Geschiedenis[4], Nijkerk, Callenbach. 192p.

Berkouwer, G.C. 1963. De Wederkomst van Christus. Kampen, Kok. 2 dle.

Best, E. 1972. The First and Second Epistles to the Thessalonians. London. A. & C. Black. 376p.

Bicknell, E.J. 1932. Commentary on 1 and 11 Thessalonians. (In The Westminster Commentaries. London.)

Bolkestein, M.H. 1970. De Brieven aan de Tessalonicenzen. Nijkerk, Callenbach. 228p.

Bousset, W. 1895. Der Antichrist in der Uberlieferung des Judenthums des N.T. und der alten Kirche.

Bousset, W. 1925. Antichrist: (In Encyclopaedia of Religion and Ethics[2]. James Hastings a.o. Edinburgh.)

Bright, J. 1953. The Kingdom of God. New York, Abingdon. 288p.

Bruce, F.F. 1962. Thessalonians, Epistles to the. (In The New Bible Dictionary. Douglas, J.D. ed. London, Inter-Varsity 1270-2.)

Bultman, R. 1966. Jesus Christ and Mythology[4], London, SCM Press. 96p.

Calvijn, J. 1949, Institutie (vertaling A. Sizoo[2] Delft, Meinema. 3 dle.)

Calvyn, J. 1834. Novi Testamenti Epistolas Commentarii Volumen II. Halis Saxonum. 525p.

Calvijn, J. 1900v. Genesis, uitlegging van,(vertaling S.O. Los.) Middelburg, Le Cointre. 2 dle.

Coetzee, J.C. 1969. Satan, die Sataniese magte en die Sonde (In "Die Koninkryk van God". Du Toit, S., et al. Potchefstroom. 76-95.)

Cullman, O. 1971. Christ and Time[7], London, SCM Press, 253p. Oorspronklik: Christus und die Zeit, 1946, Zurich, Ev. Verlag.

Davidson, F. 1954. The New Bible Commentary[2], London. 1199p.

De Boor, W. 1973. Die Briefe an die Thessalonicher, Wuppertal, Brockhaus. 167p.

De Groot, D.J. 1949. Het Werk van de Heilige Geest. (In Het Dogma der Kerk, Groningen, Haan. 407-444.)

De Kock, E.L. 1958. 2 Thessalonicense (In Die Bybel met verklarende aantekeninge, Kaapstad. Protestantse Uitgewers.

Delleman, Th. 1949. Met Paulus de Toekomst in. Aalten. De Graafschap 67p.

Denney, J. The Epistles to the Thessalonians. (In: The Expositor's Bible, s.j., New York. Doran 6 dle.)

Dobschütz, E. von. 1919. Die Briefe an die Thessalonicher[7]. (Mayer, Krit-Ex.Komm.), Göttingen.

Dodd, C.H. 1936. The Apostolic Preaching and its Developments, London, Hodder and Stoughton, 96p.

Du Plessis, I.J. 1962. Christus as Hoof van Kerk en Kosmos (Proefskrif) Groningen, 148p.

Dijk, K. 1952. Het Einde der Eeuwen, Kampen, Kok. 194p.

Edelkoort, A.H. 1941. De Christus-verwachting in het Oude Testament, Wageningen, Veenman. 537p.

Eichrodt, W. 1961. Theology of the Old Testament Volume 1. London, SCM, 542p. Oorspronklik: Theologie des Alten Testaments, Teil 1[6], 1959, Stuttgart, Klotz.

Enders: Luther und Emser, Streitschriften 1.

Floor, L. 1969. De Nieuwe Exodus. Representatie en Inkorporatie in het Nieuwe Testament (Dissertasie), Potchefstroom, 295p.

Frame, J.E. 1966 . Critical and Exegetical Commentary on the Epistles of St. Paul to the Thessalonians[6] (The International Critical Commentary) Edinburgh, Clark, 362p.

Friedländer, 1901. Der Antichrist in der Urchristlichen jüdischen Quellen.

Gispen, W.H. 1974. Genesis. Band I. Kampen, Kok. 391p. (Commentaar op het Oude Testament.)

Greidanus, S. 1952. De Drie Brieven van den Apostel Johannes. Kampen, Kok. 162.p.

Groenewoud, H.G. 1956. Antichrist (In Christelijke Encyclopedie. 1:220-4.)

Grundman: 1972. Ἀντίχριστος (In Theologische Wörtenbuch zum Neuen Testament, IX, Stuttgart.)

Gunkel, H. 1921. Schöpfung und Chaos in Urzeit und Endzeit[2]. Göttingen.

Guthrie, D. 1974. New Testament Introduction[4] London, Inter-Varsity. 1054p.

Hahn, T. 1921. Die Letztzeit und die Vollendung der Gemeinde unseres Herrn Jesus Christus. Gütersloh, 69p.

Hendriksen, W. 1955. 1 & 11 Thessalonians, London, 214p.

Hepp, V. 1920. De Antichrist[2], Kampen, Kok. 183p.

Hiebert, D.E. 1971. The Thessalonian Epistles, Chicago, Moody. 383p.

Hoekstra, H. 1902. De Toekomst Des Heeren, Kampen, Kok. 220p.

Honig, A.G. 1938. Handboek van de Gereformeerde Dogmatiek, Kampen, Kok, 867p.

Irenaeus: Adversus Haereses.

Jacob, E. 1961. Theology of the Old Testament[2]. London, Hodder & Stoughton, 168p.

Jamieson, R. et al. 1970. II Thessalonians (In Commentary Practical and Explanatory on the whole Bible. Grand Rapids, Zondervan, 1951p.)


150/...

Kampers: 1895. Kaiserprophetien u. Kaisersagen im Mittelalter.

Klijn, A.F.J. 1965. De wordingsgeschiedenis van het Nieuwe Testament. Utrecht, Aula. 252p.

König, A. 1970. Is die weerhouer al uit die weg geruim? N.G.T.T. XI:1:36-44.

Lange, J.P.: The Epistles to the Thessalonians. Edinburgh (s.j.) 220p.

Lohmeyer, E. 1953. Die Offenbarung des Johannes[2], (Handbuch zum N.T.), Tübingen, Mohr. 208p.

Maceina, A. 1955. Das Geheimenis der Bosheit.

Manson, T.W. 1959. The Teaching of Jesus. Cambridge, University Press.

Mayer, G. 1919. Die Thessalonicherbriefe[2]. Gütersloh, Bertelsman (Das Neue Testament) 264p.

Metzger, B.M. 1971. A Textual Commentary on the Greek New Testament. London, United Bible Societies. 775p.

Moore, A.L. 1969: 1 and 2 Thessalonians. London. Nelson. 122p.

Morris, L. 1964. The First and Second Epistles to the Thessalonians[2], Grand Rapids, Eerdmans, 274p.

Morris, L.L. 1962. Antichrist. (In The New Bible Dictionary. Douglas, J.D. ed. London, Inter-Varsity 39-40.)

Noordtzij, A. 1957. De Profeet Ezechiël, Kampen, Kok. 2 dle.

Oepke, A. 1955. Die kleineren Briefe des Apostels Paulus[7] (Das Neue Testament Deutsch) Göttingen, Van den Hoeck, 163p.

Origines: Series Comm. Matth.

Pache, R. 1974. Die Wiederkunft Jesu Christi[8]. Wuppertal, Brockhaus. 351p.

Preuss, 1906. Vorstellungen vom Antichrist.

Price, W.K.: 1974. The Coming Antichrist, Chicago, Moody Press. 240p.

Ridderbos, H. 1960. Aan de Kolossensen, Kampen, Kok. 242p.

Ridderbos, H. 1959. Aan de Romeinen, Kampen, Kok. 364p.

Ridderbos, H. 1950. De Komst van het Koninkrÿk, Kampen, Kok. 459p.

Ridderbos, H. 1966. Paulus - Ontwerp van zijn Theologie, Kampen, Kok. 643p.

Ridderbos, J. 1955. De Psalmen (Reeks:Commentaar op het Oude Testament), Kampen, Kok, 421.p.

Rienecker, F. 1952. Sprachlicher Schlüssel zum Griechischen Neuen Testament, Basel, Brunnen. 636p.

Robinson, H.W. 1936. The Hebrew Conception of Corporate Personality in Werden und Wesen des Alten Testaments, in Zeitschrift für A.T.-liche Wissenschaft 66, 1936 p.49-62.

Robinson, H.W. 1944. Redemption and Revelation[3], London, 6:362.)

Roosen, A. 1971. De Brieven van Paulus aan de Tessalonicenzen. Roermond, Romen. 170p.

Schippers. R. 1961. Thessalonicenzen, Brieven Aan De. (In Christelijke Encyclopedie[2]. 6:362.)

Schippers, R. 1961. Mythologie en Eschatologie in 2 Thess. 2:1-17. Assen, Hummelen. 32p.

Schweitzer, A. 1951. Geschichte der Leben-Jesu-Forschung[6], Tübingen, Mohr, 659p.

Sickenberger: Die Johannesapokalypse und Rom. (In Biblische Zeitschrift, Ziebzehnter Jahrgang.)

Sikkel, J.C. 1906. Het Boek der Geboorten. Amsterdam, Van Schaik. 2 dle.

Van der Meulen, R.J. 1948. De Openbaring in het laatste Bijbelboek (diss.) Utrecht. 391p.

Van der Walt, T. 1962. Die Koninkryk van God - Naby! (Proefskrif) Kampen, Kok. 332p.

Van der Westhuizen, M.J. 1916. De Antichrist in het Nieuwe Testament, Exegetiese Studie, Akademies Proefschrift, Amsterdam, 152p.

Van Leeuwen, J.A.C. 1953. De Brieven aan de Thessalonicensen[2], Kampen, Kok, 197p.

Van Lingen, F.P.L.C. In: Verklaringen en Aanmerkingen (by State Vertaling.) Utrecht, Den Hertog. 5 dle.

Van Ryssen, J.W.J. 1956. Die Messias uit die Aarde, Potchefstroom, Pro Rege. 180p.

V. Bezold, 1899. Gesch. der deutsche Reformation.

Vos, G. 1972. The Pauline Eschatology[4], Grand Rapids, Eerdmans 365p.

Wadstein: Die Eschatologische Ideengruppe Antichrist - Weltsabbat-Weltende und Weltgerich.

Warfield, B.B.: (In The Expositor, 3rd Series, Vol. IV.)

Whiteley, D.E.H. 1969. Thessalonians in the Revised Standard Version, London, Oxford University Press, 115p.

Wohlenberg, 1909. I and II Thessalonicherbrief[2] (Leipzig.)

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

## AFKORTINGS

JFB - Jamieson, Fausset, Brown - Commentary Practical and Explanatory on the whole Bible.

T.W.N.T. - Theologische Wörtenbuch zum Neuen Testament.

I.Z.B.G. - Internationale Zeitschriftenschau für Bibelwissenschaft und Grenzgebiete.

N.G.T.T. - Ned. Geref. Teologiese Tydskrif.